

GENL S G (MANIE) MARITZ
SE AANDEEL AAN DIE REBELLIE
VAN 1914 - 1915

deur

JURGENS JOHANNES BRITZ

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Magister in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Pretoria, Pretoria.

November 1979



GENL. MANIE MARITZ

Opgedra aan my vrou
en kinders

INHOUD

VOORWOORD

iii.

HOOFSTUK I

DIE EERSTE WÊRELDORLOG BETREK SUID-AFRIKA	1 - 19
1. Die Eerste Wêreldoorlog betrek Suid-Afrika	1 - 4
2. Botha se dilemma	4 - 8
3. Rebelle-leiers	8 - 19

HOOFSTUK II

MARITZ OPENBAAR SY PLANNE	20 - 45
1. Maritz openbaar sy planne	20 - 21
2. De la Rey neem die inisiatief	21 - 25
3. Verdere optrede van Maritz	25 - 31
4. Die intrige verdiep	31 - 45

HOOFSTUK III

SMUTS UITOORLË MARITZ	46 - 83
1. Smuts uitoorlë Maritz	46 - 50
2. Gebeure rondom de la Rey, de Wet en Kemp	50 - 60
3. Maritz se dilemma	60 - 69
4. Smuts uitoorlë Maritz	69 - 76
5. Maritz se teenskuif	76 - 83

HOOFSTUK IV

MARITZ REBELLEER	84 - 110
1. Maritz versit na Van Roonvlei	84 - 91
2. Maritz onderhandel met die Duitsers	91 - 96
3. Finale en tevergeefse onderhandelings	96 - 100
4. Maritz kom in verset	100 - 110

HOOFSTUK V

SMUTS TREE OP TEEN MARITZ	111 - 139
1. Smuts tree op teen Maritz	111 - 116
2. Maritz te Keimoes	116 - 139

- ii -

HOOFSTUK VI

DIE REBELLIE STORT IN DUIE	140 - 175
1. Ander rebelle-leiers en Maritz	141 - 144
2. Die rebelle-regering	145 - 150
3. Mislukte onderhandelings en die geveg by Nous	151 - 155
4. Die gevolge van Nous	155 - 161
5. Die Slag van Upington	161 - 175

HOOFSTUK VII

PERSPEKTIEF	176 - 188
BRONNE	189 - 204
SAMEVATTING	205 - 207
RESUMÉ	208 - 210

VOORWOORD

Ten spyte van die omvangryke wetenskaplike en populêr-wetenskaplike literatuur oor die Rebellie van 1914 – 1915 is dit opvallend dat daar tot dusver geen poging aangewend is om die rol van genl. S.G. (Manie) Maritz wetenskaplik na te vors en te verantwoord nie. Tot op datum bly Maritz se eie outobiografiese weergawe die enigste bron wat hierop die lig wil werp en hierdie werk is nie net 'n kwarteeu na die gebeure geskryf nie maar gaan ook mank aan bepaalde subjektiwiteit wat op sy beurt terug herlei kan word tot die sterk emosionele inslag van die betrokke gebeure en Maritz se gebrek aan historiese vakmanskap.

Die Rebellie, wat in 'n sekere sin 'n burgeroorlog van beperkte omvang was, was 'n dramatiese en opsienbare gebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikanervolk. Die dramatiiese komponent van die gebeure moet daaraan toegeskryf word dat van die Bitterreinder-Boeregeneraals, wat gedurende die Anglo-Boereoorklog (1899-1902) gesamentlik in 'n hoë mate die Afrikaner sy vryheidstryd teen Britse Imperialisme versinnebeeld het, mekaar in 1914 heftig geopponeer het. Uit voorgaande volg dit onvermydelik dat so 'n ingrypende gebeurtenis aanleiding sou gee tot talryke en uiteenlopende publikasies.

Die eerste belangrike werk oor die Rebellie (U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot die Onderdrukking van deze) het in 1915 verskyn uit die pen van prof. Leo Fouché wat destyds aan die Transvaalse Universiteitskollege van Pretoria verbonde was. Dit is in opdrag van die Botha-regering geskryf. Omdat dit 'n regeringspublikasie was wat boonop kort na die gebeure en onder klaarblyk^{like} groot druk geskryf is, vertoon dit ooglopende tekortkominge. Daar word byvoorbeeld geen daadwerklike poging aangewend om enersyds die rasional agter die rebellie te verklaar en andersyds die regeringsoptrede krities te bevraagteken nie en as 'n geheel bly dit

weinig meer as 'n apologie vir die optrede van genls. Botha en Smuts.

Behalwe Fouché se werk, het 'n parlementêre Gekose Komitee onder leiding van Patrick Duncan in 1915 die Rebellie ondersoek (SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion) terwyl 'n Geregtelike Kommissie onder voorsitterskap van regter J.H. Lange in 1916 (U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naар de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van Getuienis) 136 getuies ondervra en 'n meer betroubare verslag (U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naар de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika) as dié van Fouché opgestel het. Omdat hierdie kommissie bitter min rebelle kon beweeg om getuienis voor hom af te lê, laat hierdie blouboek ook nie reg geskied aan die rebellestandpunt nie. Tog bevat beide blouboeke belangrike dokumente ten opsigte van die Rebellie.

As gevolg van die tekortkominge in die regeringsverslae het verskeie tydgenootlike Afrikanerskrywers gereageer, onder ander H.S. Webb (Oorzaken van de Rebellie - Pretoria, 1916); S.P.E. Boshoff (Vaalrivier die Broederstroom - Bloemfontein, 1916); S.P.E. Boshoff (Rebelliesketse - Amsterdam, 1918); J.H. Schoeman (Die Anderkant van die Rebellie - Pretoria, 1916) en J.S. Smith (Boer en Brit van Slagtersnek tot Jopie Fourie - Pretoria, 1917). Hierdie geskrifte het onvermydelik gespruit uit die onvergenoegde gevoelens in Afrikanergeledere en omdat dit ook so kort na die Rebellie die lig gesien het, is daar allermins sprake van 'n onbevange en besonke oordeel.

Tydgenootlike Engelssprekendes het ook sekere geskrifte oor die Rebellie gepubliseer, onder ander J.K. O'Conner (The Afrikander Rebellion - Londen, 1915), en P.J. Sampson (The Capture of De Wet - Londen, 1915). Uiteraard het hierdie skrywers die nasionale en politieke aspirasies van die

rebelle nie volkome begryp nie en dit trouens afgemaak as 'n set van die leiers om die plattelandse Afrikaner vir eie voordeel uit te buit.

Vyf jaar na die Rebellie het dr. T. Seitz die laaste goewerneur van Duits-Suidwes-Afrika, sy herinneringe geboekstaaf (Züdafrika im Weltkriege - Berlyn, 1920). Hierin word insiggewende feite oor die Maritz-rebellie verstrek.

Op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog, toe die politieke atmosfeer daarop wou dui dat die traumatisiese gebeure van 1914 dalk herhaal sou word, is 'n hele aantal werke oor die Rebellie weer eens gepubliseer. Belangrik in hierdie verband was C.H. Muller (Oorlogsherinneringe - Kaapstad, 1936); S.G. Maritz (My Lewe en Strewe - Pretoria, 1939), en J.C.G. Kemp (Die Pad van die Veroweraar - Kaapstad, 1942) se werke. Na die Tweede Wêreldoorlog is hierdie werke aangevul deur C.F. MacDonald (Achter die Skerms met die Rebel-le - Johannesburg, 1942) en Harm Oost se publikasie (Wie is die Skuldiges? - Johannesburg, 1956).

Al voorgaande werke vertoon een gemeenskaplike kenmerk: hulle is geskryf of deur leiers van die Rebellie, of deur persone wat bepaalde kontak met die rebelle gehad het. Hoewel dit eerstehandse inligting oor die aktiwiteite van die rebelle bevat, verplig die betrokkenheid van die skrywers en die feit dat groot gedeeltes daarvan op herinneringe gebaseer is, die historikus om hierdie werke uiters versigtig te hanteer.

As gevolg van die belangrike plek wat die Rebellie in die opkoms van Afrikaner-nasionalisme ingeneem het, het geskoolde vaklui hulle ook daartoe gewend en dit wetenskaplik probeer verantwoord. Belangrik in hierdie opsig was die verskyning van G.D. Scholtz se werk (Die Rebellie van 1914 - 1915 - Johannesburg, 1942). Dit is egter 'n oorsigtelike werk wat nie die argiefmateriaal oor die Rebellie, wat eers in 1964 toeganklik geword het, geraadpleeg het nie.

Vanaf die vroeë sestigerjare het verskeie Engelssprekende historici hulle ook tot die Rebellie gewend, deels om Scholtz se vertolking van die sentrale probleme in verband daarmee te bevraagteken. Insiggewend in hierdie verband is die werke van S.B. Spies ("The Rebellion in South Africa, 1914 - 1915" - Ongepubliseerde M.A.-verhandeling Universiteit Witwatersrand, 1962); T.R.H. Davenport ("The South African Rebellion 1914", in The English Historical Review, No. 78, 1962), en N.G. Garson ("The Boer Rebellion" of 1914, in History Today, XII(2), van 1962).

Verskeie werke met 'n biografiese inslag het getrag om die rol van vooraanstaande persone tydens die Rebellie te belig, onder andere J.D. Kestell (Christiaan de Wet - Kaapstad, 1921); S.C. Buxton (General Botha - Londen, 1924); G.D. Scholtz (Generaal Christiaan Frederik Beyers - Johannesburg, 1944); C.M. van den Heever (Generaal J.B.M. Hertzog - Johannesburg, 1941); J.P. Smit ("Die Rol van generaal J.H. de la Rey in die Suid-Afrikaanse politiek, 1902 - 1914" - Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, RAU, 1974) en P.W. Möller ("Generaal C.F. Beyers se rol in die Rebellie van 1914", - Ongepubliseerde M.A.-verhandeling U.P., 1976).

Die onderhawige verhandeling oor die rol van generaal Manie Maritz wil dus trag om Maritz se rol in die rebellie sinvol en in al sy geledinge te verantwoord. Vir hierdie doeleinde is grootliks op argivaliese materiaal staatgemaak. En hoe-wel dit sekerlik nie die laaste woord oor Maritz se rol in die onderhawige gebeure wil wees nie, is daarna gestrewe om dit in wetenskaplike perspektief te plaas.

Ten slotte 'n woord van dank en waardering aan die personeel van die Staatsargiewe in Pretoria en Kaapstad en die Militêre Argief in Pretoria; die personeel van die Staatsbiblioteek en die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die Merensky Biblioteek (U.P.) en die Parlementêre Biblioteek (Kaapstad) vir hul vriendelikheid en hulpvaardigheid.

'n Verdere woord van dank aan mnr. Johan Ligthelm, 'n kollega, vir sy hulp en bystand.

Tenoor prof. A.P.J. van Rensburg, 'n gewaardeerde studieleier, my hoogste dank vir u ywer, aanmoediging, leiding en besieling. Dit was meer as 'n voorreg om onder u bekwame en bemoedigende leiding te werk.

Die Skrywer
PRETORIA
NOVEMBER 1979.

HOOFSTUK I

DIE EERSTE WERELDOORLOG BETREK SUID-AFRIKA

Saterdagoggend 10 Oktober 1914 ontmoet twee wapenbroers uit die Anglo-Boereoorlog, kol. Ben Bouwer en luit.-kol. Manie Maritz, mekaar onder heel besondere omstandighede te Van Rooisvlei, ongeveer 40 kilometer ten noordweste van Upington in Noordwes-Kaapland. Die daaropvolgende gesprek met en op=trede van Maritz het Bouwer onverhoeds betrap en tot stame= lende swye geskok. Meer nog: dit sou die voorspel word vir 'n rebellie en broederstryd waartydens eertydse Bittereinders, generaals sowel as gewone burgers, mekaar oor die visier sou soek.

Die gesprek tussen Bouwer en Maritz in 'n afgeleë uithoek van die Noordweste en 'n hanetreetjie vanaf die grens van Duits-Suidwes-Afrika, het min of meer soos volg verloop: "Goeie=môre, Ben Bouwer. Jy is my gevangene," het Maritz vriendelik dog beslis die gesprek ingelui. Ietwat uit die veld geslaan, het 'n verdwaasde Bouwer net kon stamel: "Manie, jy maak seker 'n grap." Hierop het Maritz die erns van die oomblik finaal by Bouwer tuisgebring met sy antwoord: "(E)k het aister teen die Regering gerebelleer."¹

Terwyl hierdie gesprek honderde kilometer vanaf die regering= setel Pretoria plaasgevind het, was die gemoedere in Transvaal en die Oranje-Vrystaat reeds gaande oor die besluit van die Suid-Afrikaanse regering om Duits-Suidwes-Afrika binne te val. Ook die opkommandering van burgers vir hierdie doel het smeulende hartstogte in woede laat ontbrand. Protesver= caderings was aan die orde van die dag.

Die historikus kan maar net bespiegel oor watter sielewroe= ging Maritz vooraf moes deurgemaak het alvorens hy 'n ou kennis en krygsmakker krygsgevangene moes neem. Manie Maritz,

1. A.L. Geyser-versameling: A55, No. N46490, Maritz se verklaring oor Rebellie, Berlyn 1921, p. 14.

daardie vreeslose en onverskrokke krygsman uit die worsteljare van die stryd tussen Boer en Brit, is selfs deur genl. J.C. Smuts geroem vir sy besondere krygsvernuf. En nou het hy nie net gerebelleer nie, maar verraad gepleeg, waaraan hy op 24 April 1924 in die Spesiale Kriminele Hof te Kaapstad skuldig bevind is, en deur regter F.G. Gardiner, tot driejaar gevangenisstraf, sonder hardepad gevonnis is.² Daarmee is een van die belowendste militêre loopbane geruineer en 'n Boereheld die vernederende kleed van verraad omgehang.

Die aanloop tot hierdie gebeure moet gesoek word in die wêreldbrand wat op 4 Augustus 1914 uitgebreek het toe Oostenryk en Duitsland vir Brittanje, Frankryk en Rusland die oorlog aangesê het. Hierdeur is Suid-Afrika en ander selfregerende Britse Dominiums se konstitusionele posisie eensklaps in die kollig geplaas. In Suid-Afrika is daar toe reeds drie jaar lank gedebatteer oor moontlike betrokkenheid by Britse avonture en oorloë. By die Suid-Afrikaanse premier, genl. Louis Botha, het daar geen twyfel bestaan nie; trouens, reeds in September 1911 het hy in die kiesafdeling Losberg verklaar dat hoewel "die dominiums oor die reg beskik om self te besluit of hulle buite hulle eie gebiede wil gaan veg, hulle nie neutraal kan bly (staan) in 'n oorlog waarin Engeland betrokke raak nie."³ Selfs genl. J.B.M. Hertzog, leier van die jong Nasionale Party, wat Suid-Afrika se reg tot selfbeskikking sover as afskeiding van die Britse Ryk wou voer, het geen twyfel oor die staatsregisterlike posisie gehad nie: as Brittanje in 'n oorlog gemoeid raak, is Suid-Afrika ook outomaties daarin betrokke.⁴ Dog daar was betekenisvolle aksentverskille: by die juris Hertzog was Suid-Afrika beslis outomaties betrokke, maar kon slegs met die werklike konflik gemoeid raak indien Suid-Afrikaanse troepe

-
2. CSC 120 (1924): Die Kroon Kontra S.G. Maritz, Uitspraak Regter Gardiner, 24 April 1924, p. 24.
 3. De Vriend des Volks, 11.4.1911.
 4. Spies S.B.: The Rebellion in South Africa, 1914 – 1915, pp. 35 – 36.

hulle teen 'n eksterne aanval moes verdedig of ingevolge 'n besluit van die parlement self tot die aanval moes oorgaan.

Genl. Botha is vanaf 1911 sporadies in die verleentheid gebring wanneer die kwessie van Suid-Afrika se Ryksbande opgehaal is. Aldus het dr. F.V. Engelenburg, hoofredakteur van die Transvaalse regeringskoerant De Volkstem, in Julie 1911 aan die hand gedoen dat Suid-Afrika ingeval van 'n Britse oorlog neutraal moes bly.⁵ Hierdie kommentaar sou nie net aanleiding gee tot 'n hewige polemiek in die Suid-Afrikaanse koerante nie, maar dit kon kwalik op 'n meer ongeleë tydstip vir Botha gekom het, wat juis op hierdie stadium die Rykskonferensie in Londen bygewoon het. Sy teleurstelling spreek duidelik uit 'n brief aan oud-president M.T. Steyn waarin Botha enersyds sy lot bekla en andersyds sy eie standpunt probeer regverdig. Hy was bevrees dat Engelenburg se kommentaar daartoe sou lei dat Engelssprekende Suid-Afrikaners die Afrikaner se lojaliteit sou bevraagteken.⁶

Vir Botha het Engelenburg die kwessie van Suid-Afrikaanse deelname aan 'n Britse oorlog onnodiglik vooruitgeloop want Suid-Afrikaanse betrokkenheid in 'n werklike konflik kon slegs deur die parlement gewettig word. Sy (Botha) se grootste vrees op hierdie stadium was of die Engelstalige publiek in Suid-Afrika genoeë sou neem met neutraliteit by geval van 'n oorlog tussen Brittanje en Duitsland. Neutraliteit sou impliseer dat Suid-Afrika dan sy hawens ook ter beschikking van Duitse skepe sou moes stel en dit kon 'n binnelandse burgeroorlog met die Engelssprekendes as die leidende groep, ontketen. Suid-Afrika se neutraliteit sou hom bepaald ook nie van 'n moontlike Duitse besetting vrywaar nie; trouens, laasgenoemde kon hom juis in 'n defensiewe aksie betrek.⁷

5. De Volkstem, 4.7.1911 (Hoofartikel).

6. M.T. Steyn-versameling: 156/1/5 - 6, Botha aan Steyn, 8.9.1911.

7. Ibid.

Steyn se wyse raad aan Botha was om by geval van 'n Anglo-Duitse Oorlog slegs defensief op te tree en daardeur aan onverkwiklike implikasies te ontkom.⁸

Tog blyk dit duidelik dat Botha in 1911 nog geensins volkome duidelikheid oor sy standpunt by geval van 'n Anglo-Duitse Oorlog gehad het nie. Al het hy in voorgaande skrywe aan Steyn sekere konstitusionele voorbehoude gestel, het hy homself in privaatgesprekke tydens die Rykskonferensie van 1911 onherroeplik gekompromitteer: aan die Britse premier, Lloyd George, het hy sy woord gegee dat hy in geval van 'n Anglo-Duitse oorlog Brittanje se kant sou kies en persoonlik 40 000 kavalleriste na Duits-Suidwes-Afrika sou lei om die Duitsers uit te wis.⁹ 'n Soortgelyke onderneming is aan Winston Churchill gegee.¹⁰

Botha se dilemma

Die Britse regering het Suid-Afrika onderskeidelik op 28 Junie en 1 Augustus 1914 in kennis gestel dat die Europese politieke spanninge die breekpunt nader.¹¹ Op 2 Augustus het Roderick, die Britse minister van kolonies, die Suid-Afrikaanse minister van Verdediging, genl. J.C. Smuts, in 'n vertroulike telegram gepols oor die moontlike deelname van die Suid-Afrikaanse Weermag aan die dreigende wêreldoorlog. Inderdaad het hy Smuts se arm probeer draai met sy meer as terloopse verwysing na Australiese en Kanadese aanbiedinge. Roderick het 'n tweeledige rol vir die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag voorsien, nl. vir die Britse oorlogspoging in Europa en ook ten opsigte van die "Duitse aangeleentheid" in Duits-Suidwes-Afrika. Hy het daarop gesinspeel dat 'n spontane aanbod van Afrikanerkant 'n

-
8. M.T.Steyn-versameling: 156/1/5-6, Botha aan Steyn, 8.9.1911.
 9. Lloyd George, D.: War Memoirs, iv, p. 1729.
 10. Churchill, W.S.: My Early Life (1930), p. 269.
 11. Spies, S.B.: The Rebellion in South Africa, 1914 – 1915, p. 35.

onskatbare morele impak op die gehele Britse Ryk sou hê.¹²

Roderick se navraag was bepaald vir dubbelsinnige uitleg vatbaar. Enersyds het hy klaarblyklik verwag dat Suid-Afrika uit plig en eer hom by Brittanje sou skaar en andersyds het hy Duitse teenwoordigheid in Duits-Suidwes-Afrika te berde gebring. Indien die verwysing na aanbiedinge uit Australië en Kanada saam hiermee gelees word, kon dit maklik geïnterpreteer word dat sodanige dominiale troepe ook beskikbaar was vir die rol wat Roderick aan Suid-Afrika wou toeken. Dit wil voorkom asof Brittanje by voorbaat die Suid-Afrikaanse regering alle ontsnapkans uit 'n onverkwiklike dilemma wou ontsê.

Botha wat op hierdie stadium op besoek in Suid-Rhodesië was, het inderhaas na Suid-Afrika teruggekeer. Na 'n kabineetsvergadering het hy dadelik op 4 Augustus 1914 die Britse regering gerus gestel: Suid-Afrika was terdeë bewus van sy verpligtinge ingeval van oorlog en bereid om alle toepaslike stappe ter verdediging van die Unie te neem.¹³ Daar is voortgaande aangebied dat die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag die taak van die Britse garnisoen in Suid-Afrika sou oorneem sodat hierdie troepe vir diens elders vrygestel kon word.¹⁴

Hierdie aanbod is op 5 Augustus met dank deur die Britse regering aanvaar.¹⁵ Twee dae later het die Britse regering egter met 'n verdere versoek vorendag gekom, nl. of

-
12. D.C.604: D7a/9199, Vol.9199, European Crisis 1914, General Files. Ongepaginateerd.
 13. M.C.E. van Schoor: Die Rebellie, Die Huisgenoot, 7 Aug. 1914, p. 7.
 14. PM Union: 51/46/1915, Band 1/1/151, Defence 1914, Rebellion, Miscellaneous Correspondence Nov - Dec, 1914; PM Union: 4/37/1914, Band 1/1/12, Archives of the Secretary of the Department of the Prime Minister, 1910 - 19122. Ongepaginateerd.
 15. Ibid.

die Suid-Afrikaanse regering nie bereid was om as 'n "groot en noodsaaklike diens" aan die Ryk die radiostasies te Swakopmund en Lüderitzbucht en ook in die binneland van Duits-Suidwes-Afrika onskadelik te stel nie.¹⁶ Laasgenoemde versoek het inderdaad op 'n besetting van die Duitse kolonie neergekom.

Hierdie versoek van Brittanje het die Suid-Afrikaanse regering op die verkeerde voet betrap en amper 'n kabinetskrisis veroorsaak. Tydens die daaropvolgende kabinetsitting is uiteenlopende standpunte geopper ten opsigte van Suid-Afrika se antwoord op die Britse versoek. Vir Botha, wat saam met Smuts, H. Burton, Sir T. Watt en N.J. de Wet, aan die Britse versoek wou voldoen, was dit spoedig duidelik dat Sir. D. Graaff, H.C. van Heerden, H.S. Theron en veral F.S. Malan daarteen gekant was. Trouens, Malan wat bo en behalwe politieke bedenkinge ook op morele gronde die Britse versoek wou afwys, was tewens oortuig dat dit onprakties was om die radiostasies oor land te probeer bykom.¹⁷

Die daaropvolgende dooiepunt oor die aangeleentheid het tot Woensdag 10 Augustus 1914 voortgeduur. Intussen het die Britse regering ongeduldig begin raak en by wyse van 'n verdere kabelgram die dringende noodsaaklikheid van die besetting van die radiostasies opnuut geopper.¹⁸ Uiteindelik is 'n kompromis bereik waarvolgens die Britse regering verwittig is dat Suid-Afrika die verantwoordelikheid sou neem vir die krysverrigtinge op land terwyl Brittanje

-
16. PM Union: 51/46/1915, Band 1/1/15, Defence, 1914, Rebelion, Miscellaneous Correspondence Nov - Dec, 1914; PM Union: 4/37/1914, No.1/1/12, Archives of the Secretary of the Department of the Prime Minister, 1910 - 1922. Ongepaginateerd.
 17. F.S. Malan-versameling: No.65, Dagboekinskrywing, pp. 189 - 197.
 18. PM Union: 4/37/14, No.1/1/12, Archives of the Secretary of the Department of the Prime Minister, 1910 - 1922. Ongepaginateerd.

die vlootaksie teen Duits-Suidwes-Afrika sou behartig.¹⁹ Om Malan en sy geesgenote te paai, is bygevoeg dat die besetting van Duits-Suidwes-Afrika eers onderneem sou word nadat die Suid-Afrikaanse parlement sy seën daaroor uitgespreek het.²⁰

Botha het bepaald nie ligtelik tot hierdie besluit geraak nie. Alvorens die parlement dit goedgekeur het sou dit dan ook 'n kabinetsgeheim bly. Botha was inderdaad ook bedag op "die diepste en gruwelikste onheil" wat Suid-Afrika en die Afrikaner kon tref indien sy land passief teenoor die oorlog sou staan.²¹ Neutraliteit sou op verraad neerkom wat nie met die Afrikaner se tradisionele Christelike waardes gerym sou kon word nie.²²

Hierdie standpunt van Botha het bepaald meriete gehad en dui trouens op sy politieke integriteit wat tot op hierdie stadium van sy loopbaan redelik onbevlek gebly het al het sy versoeningsbeleid hom onder verdenking by sy eie kultuurgenote, die Afrikaners, geplaas. Tog dwing die vraag hom onvermydelik na vore of Botha en sy ondersteuners in die kabinet genoegsame aandag verleen het aan die moontlike reaksie van die eertydse Bittereinder-gemeenskap op die kabinetsbesluit. Want laasgenoemde sou juis die motief vir hulle protes en uiteindelike openlike opstand word. Daar bestaan oorvloedige getuienis dat 'n belangrike deel van die Afrikanervolk nooit bereid sou wees om hul bloed

-
19. PM Union: 51/46/1915, Band 1/1/15, Defence War 1914, Rebellion, Miscellaneous Correspondence, Nov - Dec, 1914.
 20. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellion in Zuid-Afrika, Getuienis, genl. L. Botha, p. 375.
 21. Hansard: Unie van Zuid-Afrika, Debatten van Beide Huizen van Het Parlement, 9 - 14 Sept. 1914, Kol.87.
 22. PM Union: 1/1/475, Botha aan Rootman. 21.8.1914. Ongegaarneerd.

op die imperialistiese altaar te stort terwyl die ver= nedering en lyding van 1899 - 1902 nog vars in hulle ge= heue was nie. Die wonde wat deur die Anglo-Boereoorlog gelaat is, was nog rou en die herinnering aan die verlore republikeinse bestel het nog hartstogte gaande gemaak wat voorasnog nie deur rasionele argumente besweer kon word nie. ²³

Teenoor hierdie groep het die republikeinse vleuel van die Afrikanervolk gestaan wat Suid-Afrika se verlore onafhank= likheid wou herstel deur Brittanie se militêre verleenheid uit te buit. Onder hulle was daar twee gedagterigtings: enersyds dié van protesvergaderings en lydelike verset wat deur genl. J.B.M. Hertzog binne die parlement en genl. C.F. Beyers daarbuite gehuldig is, ²⁴ en andersyds 'n meer mili= tante groep wat selfs nie vir rebellie teen die staatsgesag (soos deur Botha en Smuts gesimboliseer) sou terugdeins nie. Trouens, hulle het geen beginselbesware teen 'n bondgenoot= skap met die Duitsers gehad nie. Onder hierdie groep was daar persone, later almal rebelle-leiers, soos genls. Manie Maritz, J.H. de la Rey en J.C.G. Kemp wie se gelede later versterk is deur genl. C.R. de Wet, ²⁵ hoewel laasgenoemde aanvanklik ook vir vreedsame eerder as gewapende protes te vindé was.

Rebelle-leiers

Die oomblik van verset en die aandeel van die hoofkarakters aan die rebellie word slegs betekenisvol wanneer die drie= hoek betrag word waarvan genl. Louis Botha, Jan Smuts en

23. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914, p.277; Webb, H.S.: Causes of the Rebellion, p. 5.

24. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Fredrik Beyers, 1869 - 1914, pp. 278 - 279.

25. Ibid., p. 278.

Manie Maritz die steunpunte gevorm het. Hoewel Manie Maritz se rebellie inderdaad 'n "geisoleerde opstand"²⁶ was, en die gerugte van 'n "sameswering" nie oortuigend deur die beskikbare feite onderskryf kan word nie, val dit op dat beide Botha en Smuts in 'n mindere of meerdere mate bewus was van Maritz se planne, net soos gewese krygsmakkers wat regstreeks of onregstreeks by Maritz se optrede betrek is. Die opvallende uitsonderings is genls. de Wet en de la Rey. Met betrekking tot de Wet bestaan daar geen feitelike bewyse dat hy enige kontak met Maritz gehad het nie.²⁷ Ten opsigte van de la Rey ly dit geen twyfel dat Maritz van sy planne bewus was nie, hoewel hy nie deur de la Rey self ingelig is nie.

Dit val voorts op dat alle betrokkenes by die rebellie óf oorlogskamerade was óf deur genls. Botha en Smuts in een of ander verband by die Unie-Verdedigingsmag ingeskakel is. En hoewel die onderhawige studie rondom die optrede van die vurige en onvoorspelbare Maritz sentreer, verdien die ander betrokkenes nadere en meer as terloopse toelingting.

Genl. J.C.G. Kemp, regstreekse afstammeling van die Voortrekker geslag, is gebore en getoë in die ideë-wêreld van die Transvaalse pioniers met wie hy as Amerfoortse boerseun van kleins af kennis gemaak het. As student aan die Staatsgimnasium in Pretoria het hy dikwels aan huis van pres. Paul Kruger in die geestesmilieu van 'n republikeinse voorgeslag vertoeuf. In 1899 is hy as gewone burger op kommando saam met die Krugerdorpers, maar sy onverskrokke

26. Scholtz, G.D.: Die Rebellie, 1914 - 1915, p. 142.

27. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naар de Oorzaken en Omstandigheden van de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 88.

en deurtastende optrede op die slagveld sou hom binne twee jaar tot die rang van veggeneraal laat vorder, terwyl hy die skitterende wapenfeite van Vlakfontein, Ysterspruit en Tweebosch agter sy naam en in die Afrikaner se heldegalery sou uitkerf.²⁸ Van hom is getuig dat die woord "bang" nie in sy woordeskat voorgekom het nie.²⁹ En as ruiteraanvoerder en guerilla-leier het hy min gelykes gehad.³⁰

In die vredestent by Vereeniging het hy enduit Bittereinder gebly, en saam met vyf ander afgevaardigdes die Britse vredesaanbiedinge verwerp.³¹ Verbitterd en teleurgesteld wou hy daarna na Duits-Suidwes-Afrika uitwyk en hy is slegs met moeite deur generaal de la Rey, sy geestelike vader uit die Anglo-Boereoorlog, daarvan weerhou. Hoewel hy hom hierna op die familieplaas in Piet Retief teruggetrek het, is hy in 1912 deur genl. Smuts in sy hoedanigheid as verdedigingsminister in die nuutgevormde Verdedigingsmag as officier aangestel. So is hy eensklaps weer teruggeplaas tussen die gewese Bittereindermakkers in wie se herinneringe die republikeinse vryheid na 14 jaar nog nie vervaag het nie.

Genl. C.F. Beyers (1869 - 1914)³² vorm saam met genl. Koos de la Rey en Jopie Fourie 'n merkwaardige driemanskap van Afrikaner-martelare, die slagoffers van die Botha-Smuts beleid wat gedurende die eerste dekades van hierdie eeu stormagtige emosies gaande gemaak en soveel tot die snelle opkoms van die Nasionale Party in 1915 bygedra het. Hierdie

-
28. A.P.J. van Rensburg: Generaal J.C.G. Kemp, Die Taalgenoot, Sept. 1972, p. 9.
 29. W.J. de Kock: "Genl. Kemp," in W.J. de Kock, Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, p. 439.
 30. Die Vaderland, 31.12.1946. Hoofartikel.
 31. A.P.J. van Rensburg: Generaal J.C.G. Kemp, Die Taalgenoot, Sept. 1972, p. 10.
 32. Vgl. in hierdie verband: Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914; Van Rensburg A.P.J.: C.F. Beyers, Die Taalgenoot, Sept. 1970, pp. 5 - 6.

gebore Kapenaar het Transvaalse burgerskap verwerf deur vrywillige opname van die wapen teen Jameson en sy stropers in 1895 - 1896.

Hy is as gewone burger in 1899 saam met die Boksburgers op kommando, maar sy onverskrokke optrede te velde, sy kragtige persoonlikheid, sy reguit en openhartige manier tesame met sy militêre vindingrykheid in die veldslae te Donkerhoek, Witpoort en Berg-en-dal het hom teen 1900 reeds tot die rang van generaal laat vorder. Later sou hy nog 'n skitterende wapenfeit in die oorwinning by Nooitgedacht agter sy naam skryf en as guerilla-leier in Noord-Transvaal onverganklike roem verwerf.³³ Hoewel hy by Vereeniging aanvanklik die oorlog wou voortsit, is hy uiteindelik deur die houding van die meerderheid beweeg om ten gunste van die vrede te stem. Hierna sou hy die stryd van die Afrikaner met politieke wapens voortsit: as lid van die hoofkomitee van Het Volk wat die politieke heropstanding van die Transvalers geleid het en as die sterke en onpartydige Speaker van die Transvaalse Wetgewende Vergadering. In 1912 is hy aangestel as die eerste Kommandant-generaal van die pasgestigte Unie-Verdedigingsmag. Hierdie innig-gelowige en talentvolle mens sou letterlik fyngemaal word deur die emosies en intriges van die Storm-en-Drangjaar 1914. Hoewel hy teen die inval in Duits-Suidwes-Afrika gekant was, het hy aanvanklik geen stappe geneem nie behalwe om genl. Koos de la Rey te laat afsien van sy plan om halsoorkop by Treurfontein (15.8.1914) tot aksie oor te gaan. Na die dood van de la Rey is hy skynbaar alleen aangedryf deur 'n begeerte om te protesteer teen die regering se oorlogsbeleid. Hy wou nie tot aggressieve optrede oorgaan nie; trouens hy het nie 'n enkele

33. A.P.J. van Rensburg.: C.F. Beyers, Die Taalgenoot, Sept. 1970, p. 6.

skoot tydens die rebellie gevuur nie,³⁴ en hy het op geen tydstip die republikeinse gevoelens van die Afrikaner uitgebuit nie. Deurdat hy diep godsdienstig was, het die hele onverkwiklike broederstryd hom veel innerlike stryd gekos. Hy sou tydens die rebellie in die Vaalrivier sterf.

Genl. J.H. (Koos) de la Rey, alom bekend as die Leeu van Wes-Transvaal, was die grootste natuurlike soldaat wat Suid-Afrika nog voortgebring het. Altyd 'n man van die daad, was hy 'n leier wat kon lei, maar tog gelyktydig 'n nederige persoon en oopregte Christen met 'n ridderlike inbors wat reeds tydens die Anglo-Boereoorlog deur sy burgers as held vereer is. By sy graf sou genl. C.R. de Wet hom vereer as "een van die dapperstes onder die dapperes."³⁵ Hy was 'n man van indrukwekkende voorkoms, 'n rysige figuur met arendsoog en haviksneus, 'n natuurlike aristokraat met 'n outydse patriarchale waardigheid wat vriend en vyand beindruk het.³⁶ Dié gawes is gepaar aan 'n siele-adel en Godsvertroue wat immer sy optrede onderskraag het.

Tydens die Anglo-Boereoorlog is hy as onverskrokke ruiter-aanvoerder en grootste militêre strateeg gestempel. Hoewel hy by Vereeniing in 1902 onder die druk van omstandighede Britse gesaq aanvaar het, het hy steeds 'n oortuigde republikein gebly. En toe die gebeurtenisryke krisisjaar 1914 aanbreek, was hy bereid om nog eenkeer alles te waag om die verlore onafhanklikheid te herwin ... 'n besluit wat hom by Langlaagte die slagoffer van 'n vergissing sou maak.

Die stoere Vrystater, C.R. de Wet, het meer as enige ander Boere-aanvoerder die verbeelding van die hele internasionale

34. A.P.J. van Rensburg: Genl. C.F. Beyers, Die Taalgenoot, Sept. 1970, p. 6.

35. J.S. du Plessis: "J.A. de la Rey", in W.J. de Kock, S.A. Biografiese Woordeboek, I, p. 227.

36. A.P.J. van Rensburg: Genl. J.H. de la Rey, Die Taalgenoot, Junie 1972, p. 4.

gemeenskap tydens die Anglo-Boereoorlog gaande gemaak. Sy hele persoonlikheid was op voortdurende aksie gerig en die vredsame alledaagse bestaan het hom nie gepas nie. Daarby was hy nie 'n maklike mens nie: koppig, driftig en 'n harde en ongenadige bevelvoerder. Hy sou egter sy laaste druppel bloed vir die vryheid stort. Dat hy by Vereeniging in 1902 as waarnemende Staatspresident van die Oranje-Vrystaat die republikeinse vryheid moes wegteken, het hom sodanig beswaar dat hy volgens eie erkenning, gevoel het dat hy "by die graf van sy volk" ³⁷ staan.

Hoewel hy nie aanvanklik gewapende verset oorweeg het nie, het omstandighede van hom 'n rebel gemaak. Hy is meedoënlöos agtervolg en uiteindelik naby Vryburg gevangene geneem. Maar sy onvermufbare gees sou steeds weier dat hy sy oortuiging prysgee.

Louis Botha en Jan Smuts het ook uit die Bittereindergeslag gestam wat die ontbering van drie oorlogsjare en die vernedering van oorgawe by Vereeniging oorleef het. Maar 1914 sou die skeiding van die weë bring. Oom Lewies die held van Spioenkop en Colenso, die man op wie Krüger se mantel gevallen het en eerste premier van Suid-Afrika was nou in die vyand se kamp. Sekerlik was dit 'n droewige dag vir hom toe hy teen sy eie wapenbroers moes optree.

Teenoor die sjarmante Botha met sy natuurlike wellewendheid wat deur waarnemers vaagweg as persoonlike magnetisme getypeer is, het Smuts gestaan. Hierdie briljante intellektualis was volgens eie erkenning geneig tot taktloosheid en ongevoeligheid en sou hy nimmer dieselfde liefde en lojaliteit as Botha inspireer nie. Hy het homself altyd eenkant gehou, bevange met grootse gedagtes en konsepte

37. M.C.E. van Schoor: "C.R. de Wet," in W.J. de Kock, S.A. Biografiese Woordeboek, I, p. 247.

wat hom ongevoelig gemaak het vir die aspirasies van sy eie mense saam met wie hy ook daardie worsteljare op die breukvlak van die eeu deurgemaak het, maar wie se hartstogtelike hunkering na verlore vryheid hy in 1914 noulik kon begryp.

Salomon Gerhardus (Manie) Maritz, die sentrale figuur in hierdie studie, was 'n regstreekse afstammeling van die Voortrekkerleier Gerrit Maritz. Sy wapenfeite en avonture tydens die Anglo-Boereoorlog het hom in sy eie leeftyd reeds 'n legende gemaak.³⁸ By Vereeniging in 1902 was hy reeds rebel wat sou weier om die eed van getrouheid aan die Britse oorwinnaars af te lê, en eerder as banneling na Duits-Suidwes-Afrika en Europa sou uitwyk.

Maritz wie se grafskrif op 'n graniетrots vra "Vat my hand dat ek kan opstaan vir my volk",³⁹ het 'n stormagtige loopbaan gehad vanweë sy voortvarende en rusteloze geaardeid. Hierdie bonkige gestalte met 'n buitengewone liggaamskrag, borrelende energie en genadelose wyse van opotrede het ongetwyfeld 'n kragtige persoonlikheid gespieël.⁴⁰ In 1912 is hy opgeneem in die nuwe Unie-Verdedigingsmag, maar die onafhanklikheidsvlam sou sy lojaliteit aan die regering verteer en hom 'n rebel maak wat, soos van ouds tydens die Anglo-Boereoorlog, vir niiks en niemand sou stuit as sy volk se vryheid op die spel was nie. Die vernedering van Vereeniging het hy nooit vergeet nie.

In 1912 is hy aangestel as kommandant in die Suid-Afrikaanse Polisie in Piet Retief.

38. A.P.J. van Rensburg : Manie Maritz, Die Taalgenoot, November 1972, p. 15.

39. Ibid., p. 14.

40. Ibid.

Van Kemp, wat by Smuts in Pretoria besoek afgelê het, het Maritz verneem dat die Unieregering 'n Verdedigingsmag sou oprig en dat Smuts "ons wil aanstel as offisiere." Hierop sou Maritz geantwoord het: "Jan, dis ons kans hierdie, die eerste die beste kans." ⁴¹ Indien hierdie weergawe uit Maritz se eie pen, weliswaar 'n volle kwart= eeu na die gebeure, as betroubaar aanvaar word, wil dit daarop dui dat Kemp en Maritz toe reeds geheul het teen die regering van genl. Botha. Maritz het in elk geval die geleentheid met albei hande aangegryp toe hy kort hierna 'n telegrafiese aanbod van Smuts ontvang het van 'n offisiersrang in die Verdedigingsmag op voorwaarde dat hy 'n militêre kursus in Bloemfontein deurloop. ⁴²

Historici het al heelwat hare gekloof oor Maritz se aan= stelling. In die lig van Maritz se voortvarende gaeaard= heid en rusteloze impulsiwiteit het sommige dit onbegryp= lik gevind, en vervolgens 'n verklaring daarvoor gesoek in die bewering dat Maritz op spesiale versoek van genl. Beyers, eerste Kommandant-generaal van die Unie-Verdedi= gingsmag, aangestel is en dat Smuts as die betrokke minis= ter dit baie teësinnig aanvaar het. ⁴³ Hierdie argumen= tasie is daarop bedag om 'n saak van beplande verraad teen Beyers op te bou, al sou hy toe reeds met allerlei onderduimse knoeiery besig gewees het, ter voorbereiding van 'n gewapende opstand teen die regering. Voorgaande beschuldiging is dan verder begrond in die aanstelling van Maritz in die strategies geleë militêre distrik No. 12 op die grens van Duits-Suidwes-Afrika. Aanleiding hiertoe was die getuenis van kol. J.M. Baker voor die

41. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 65; Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 107.

42. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 65.

43. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Ondersoek naar de Oorzaken en Omstandigheden van de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienisse van genl. L. Botha, p. 381; A.E. Basden, p. 224.

latere Geregtelike Kommissie van ondersoek na die rebellie. Beyers is egter van alle beskuldigings en verdenkinge onthef op grond van die getuienis van kol. M.C. Rowland, waarnemende Sekretaris van Verdediging ten tye van die rebellie. Rowland kon dokumentêre bewyse voorlê wat onomstootlik bevestig het dat die keuse van Maritz gesamentlik deur Smuts en Beyers gedoen is. ⁴⁴

Daar bestaan genoegsame getuienis dat toe gewese kamerade uit die Anglo-Boereoorlog in 1912 by die militêre skool Tempe, naby Bloemfontein, vergader het vir hulle militêre opleiding as lede van die eerste Unie-Verdedigingsmag, Maritz hulle dadelik by sy planne probeer betrek het vir die omverwerpning van die regering wanneer hulle in bevel van hul eie militêre distrikte sou wees. Toe reeds is die rolle uitgespel wat elkeen sou speel wanneer die tyd en geleentheid ryp sou wees vir wraak op die "Robber Empire." Jacques Pienaar sou in Pretoria wees, Ben Bouwer te Heidelberg, Kemp te Potchefstroom en Maritz te Upington. ⁴⁵ Maritz sou 'n ooreenkoms met die Duitse regering van Duits-Suidwes-Afrika beklink ingeval van 'n Europese oorlog tussen Brittanje en Duitsland wat toe reeds op die horison genader het. ⁴⁶ Ook prof. Leo Fouché het dié vertroulike gesprekke waarby Maritz betrokke was, besien as afspringplek van sy latere verraad teen die Unie-regering. Fouché twyfel nie daaraan dat Maritz sedert die Anglo-Boereoorlog hom vir die herstel van die republikeinse vryheid beywer het nie. Hy het dan, volgens Fouché, gehoop om dit te doen met behulp van die Duitsers wanneer 'n Europese oorlog tussen

44. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelleie in Zuid-Afrika, Getuienis van kol. M.C. Rowland, p. 144.

45. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 67; Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 108.

46. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 108.

Brittanje en Duitsland eersgenoemde in 'n militêre verleentheid sou plaas. Ter stawing vermeld Fouché Maritz se opmerkinge te Bloemfontein aan Ben Bouwer waarin hy daarop gesinspeel het dat "they would have a fine chance of getting South Africa under a free flag again once more, together with the Germans."⁴⁷ Dit is ook betekenisvol dat kolonel Ben Bouwer later getuig dat Maritz daarop aangedring het om militêre distrik No.12 (op die Duits-Suidwes-grens) te beheer en vervolgens by Ben Bouwer gepleit het om No.13 wat aangrensend was, te behartig sodat hulle makliker kon saamwerk.⁴⁸ Die legkaart van Maritz neem vorm aan wanneer voorgaande "sameswering" gespieël word teen die daaropvolgende gebeure. Genl. Smuts het naamlik die uitpasseringsparade van die nuwe offisierskorps te Tempe bygewoon en in sy toespraak die noodsaak van doeltreffende opleiding uitgespel. Tydens Smuts se terugreis na Pretoria het Maritz en Kemp hulle op dieselfde trein bevind. Kemp en Maritz het volgens afspraak afsonderlike gesprekke met Smuts gevoer. Daarna was hulle gevolgtrekking dat Smuts nog nie "gereed was" vir die herstel van die verlore republikeinse vryheid nie.⁴⁹ Die aflesing hieruit volg onvermydelik dat Smuts nie alleen geweier het om deel te hê aan Maritz en Kemp se opstandsplanne nie, maar trouens uit hulle eie mond van hul voornemens vergewis is. Dit sou hom later in staat stel om Maritz doeltreffend af te kraal.

Met sy aanstelling as bevelvoerende offisier met majoorsrang in militêre distrik No.12 wou dit voorkom asof Maritz uit eindelik sy lewensbestemming bereik en sy voortvarende energie aan gereelde arbeid sou bestee; tog sou die stormagtigste

-
- 47. SC 1 - '15 : Report of the Select Committee on Rebellion, Evidence, Prof. L. Fouché, p. 8.
 - 48. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis, B.D. Bouwer, p. 40; SC 1 - '15: Report of the Select Committee on the Rebellion, Evidence Prof. L. Fouché, p. 9.
 - 49. Kemp, J.C.G.: Pad van die Veroweraar, pp. 120 - 121.

tydperk van sy loopbaan nou aanbreek. In dié proses sou hy moes kies tussen militêre gehoorsaamheid en sy persoonlike opvatting van vaderlandstrou.⁵⁰ Aanvanklik het Maritz sy aanstelling meer as regverdig deur uitnemende administrasie van 'n uitgebreide distrik wat vanaf sy hoofkwartier Calvinia tot by Prieska en vandaar tot aan die Atlantiese Oseaan gestrek het.

Spoedig sou sy rustelose geaardheid en sy voorliefde vir intrige Maritz onherroeplik op die pad na ontrouheid plaas. Gedurende die herfs van 1913 het hy 'n voormalige oorlogs-kameraad, P.G. de Wet in Prieska raakgeloop. De Wet was besig om vir die Duitse regering muile te koop. Hy het ongeveer drie dae aan huis van Maritz vertoeuf. Tydens sy verblyf het Maritz hom onder andere meegedeel dat indien 'n oorlog tussen Brittanje en Duitsland sou uitbreek, die Suid-Afrikaanse regering van voornemens was om Duits-Suidwes-Afrika aan te val. Hy het tot hierdie gevolgtrekking gekom omdat Smuts by hom verneem het of hy die waterplekke en die paaie in daardie geweste goed ken. Maritz sou Smuts egter verseker het dat hy hom nie vir so-iets sou laat gebruik nie; die Duitsers was nog altyd die Boere goedgesind; en indien hy verplig sou word om militêr teen hulle op te tree, sou hy hom teen sodanige bevele verset.⁵¹ Origens het hy de Wet meegedeel dat hulle, indien die oorlog in Europa uitbreek, die onafhanklikheid van Suid-Afrika sou herwin.⁵² Hy het de Wet versoek om met die Duitse goewerneur, by sy terugkoms in Windhoek, te reël dat G. Voigts 'n ou vriend van

50. Oost, Harm: Wie is die Skuldiges?, p.64.

51. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van P.G. de Wet, p. 9.

52. GG. Band 488: Léer 9/59/110, War 1914 - 1915, Rebellion, Verklaring P.G. de Wet, p. 1.

hom, na die grens moes kom om met hom (Maritz) te onderhandel.⁵³ De Wet het ook van Maritz verneem dat genls. Beyers, de Wet en de la Rey hulle beywer vir die onafhanklikheid van Suid-Afrika.⁵⁴ De Wet en Voigts se onderhandelings met T. Seitz, die Duitse goewerneur, het nie gelei tot 'n ooreenkoms met Maritz nie. Maritz het veel later erken dat Voigts hom per brief verwittig het dat sy wense "vervul sou word."⁵⁵ Teenoor J.F. Frylinck, kaptein in die Verdedigingsmag te Kuruman, het Maritz opgemerk dat ontslae geraak moes word van die Botha-Smuts regering en dat die onafhanklikheid van die Republieke herwin moes word.⁵⁶

Uit voorafgaande is dit dus duidelik dat Maritz nog voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog met die Duitsers in Duits-Suidwes-Afrika probeer heul het; en mede-offisiere in die Verdedigingsmag tot verset teen die Suid-Afrikaanse regering probeer beïnvloed het. Hoewel geen bepaalde ooreenkoms met die Duitsers bereik is nie en hy ook nie veel sukces met ondergesikte offisiere gehad het nie, sou hy bly wag op 'n gesikte geleentheid om sy eie planne in werking te stel. In meer as een opsig sou die woelinge wat op die openbaring van die regering se versekeringe aan Brittanje gevolg het, hierdie geleentheid bied en Maritz as katalisator stempel wat die onstuimige emosies van sy volksgenote vir opstand sou uitbuit.

-
53. GG Band 488: Léer 9/59/110, War 1914 – 1915, Rebellion, Verklaring P.G. de Wet, p. 1; CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring P.G. de Wet, p. 10.
 54. GG. Band 488: Léer 9/59/110, War 1914 – 1915, Rebellion, Verklaring P.G. de Wet, p. 1.
 55. Ibid., pp. 1 – 2.
 56. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van J.P. Frylinck, p. 42.

HOOFSTUK II

MARITZ OPENBAAR SY PLANNE

Uit hoofde van sy posisie as kommandant-generaal van die Unie-Verdedigingsmag is generaal Beyers ingelaat by die geheime kabinetsbesluit van 10 Augustus 1914. Beyers sou by hierdie geleentheid openlik teenoor genl. Botha verklaar het dat hy sy eie mening oor die onderhawige saak daarop nahou, maar dat hy dit agterweë sou laat hangende die komende parlementsitting in hierdie verband. Botha het later getuig dat Beyers inderdaad aan hom gesê het dat hy nie aan die hoof van 'n invalsmag na Duits-Suidwes-Afrika sou staan nie, maar hoewel hy laat deurskemer het dat hy nie met die kabinetsbesluit akkoord gaan nie, het hy verklaar dat hy in die lig van die parlement se beslissing sou optree.¹ Teenoor sy vrou het Beyers verklaar dat hy oortuig daarvan was dat die volk teen die inval beswaar sou maak, dat die Verdedigingswet net voorsiening maak vir defensiewe optrede en dat Suid-Afrika provokasie sou moes hê om offensief te handel.² By hierdie geleentheid het sy vrou hom reeds aangeraai om te bedank.

Verskeie historici wys daarop dat hierdie optrede van Beyers nie die eerste geleentheid was waar hy blyk van dislojaliiteit teenoor Botha openbaar het nie. In Januarie 1914 toe hy die Heilbronse Kommando, wat onderweg na die Rand was om staatseiendom te beskerm, toegespreek het, het hy 'n bedekte aanval op die beleid van Botha en Smuts gedoen.³ 'n Maand later het hy 'n militêre oefenkamp te Middelburg (K.P.) geinspekteer en tydens 'n daaropvolgende gesprek met kol.

-
1. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, p. 375.
 2. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914, p. 283.
 3. Reitz, D.: Trekking On, p. 285.

J.E.F. Kirsten opgemerk dat hulle agter die beskerming van hul uniforms kon ywer vir die herstel van die Afrikaner se onafhanklikheid indien die verwagte oorlog in Europa sou uitbreek.⁴ By 'n derde geleentheid, tydens die staking van 1914, het Beyers teenoor luit.-kol. D.J.E. Opperman, in die teenwoordigheid van maj. J.P. Meyer, opgemerk dat dit tyd geword het om van Botha en Smuts ontslae te raak want solank hulle aan die hoof van sake staan, sou die Afrikaner nooit sy onafhanklikheid kon herstel nie.⁵ Hoewel hierdie hoorsê-getuienis twee jaar na die rebellie gelewer is en Beyers bepaald in 'n ongunstige lig moes gestel het, bestaan daar geen stewige bewysegronde om hom van beplande knoeiery teen Botha te verdink nie.⁶

De la Rey neem die inisiatief

Op hierdie stadium het qenl. Koos de la Rey tydelik die ander karakters op die politieke toneel verdring. Hy was nog steeds die vurige patriot vir wie alles ooreenkomsdig die volkswil moes geskied, want die volkstem was vir hom die stem van God. Hy het nooit veel gepraat nie, het altyd kalm gebleef, daarby besadig, gematig, billik, regverdig en beslis. Sy roem van die Anglo-Boereoorlog het hom steeds 'n beminde volksman gemaak na wie se raad baie Afrikaners, veral sy geliefde Wes-Transvalers, gewilliglik sou luister.

Die regering het, aleer die parlement nog daaroor besluit het, voorbereidings begin tref vir die Duits-Suidwes-Afrika ekspedisie. Beyers het opdrag ontvang om al die Transvaalse

-
4. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914, p.266; U.G. 46-'16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p.89.
 5. Ibid., p. 264; Ibid., p. 89.
 6. Vgl. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914, pp.261-272.

kommandante en alle stafoffisiere op 14 Augustus 1914 vir 'n vergadering in Pretoria byeen te roep. Die kommandant-generaal se vrees dat die volk deur die regeringsbesluit in beroering gebring sou word, is gou bewaarheid. Alhoewel geen woord daaroor gerep is nie, het dit weldra 'n openbare geheim geword. Baie Afrikaners het gevoel dat dit nou die geleentheid was om op te tree. Verrassend genoeg het genl. J.H. de la Rey hierin die voortou geneem. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was vir hom dié geleentheid om die verlore onafhanklikheid terug te wen; dié geleentheid waarvan daar by die Vrede van Vereeniging in die sogenaamde "verbond" melding gemaak is,⁷ toe genls. Botha, de Wet en de la Rey na bewering akkoord gegaan het dat sodra Brittanje militêr met die rug teen die muur geforseer is, hulle die geleentheid te baat sou neem om hulle onafhanklikheid te herwin. Die getal 15, soos aangedui in al die voorspelling van Siener van Rensburg, sou ook dié dag wees waarop die volk weer sy selfbeskikkingsdrang sou laat geld.⁸ De la Rey het gevolglik sy distriksgenote na Treurfontein (Coligny) naby Lichtenburg opgeroep. Die burgers moes wapens en mondproviand vir agt dae saambring.⁹ Dat de la Rey meer as 'n protesvergadering in gedagte gehad het, blyk uit die getuenis van sekere offisiere wat hom bygestaan het. Een van hulle, veldkorнет J.E. Claassens, het later verklaar dat de la Rey aan hom sou gesê het: "Hou jou reg, ons gedagte is nie vir Duitsland nie, maar ons wil ook nie langer onder die Engelsman staan nie."¹⁰

-
7. Smit, J.P.: Die Rol van genl. J.H. de la Rey in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1902 – 1914, p. 131.
 8. Ibid.
 9. Scholtz, G.D.: Die Rebellie, 1914 – 1915, p. 46. Na de la Rey se onderhoud met Botha en Smuts het hy gelas dat die burgers ongewapen moes kom.
 10. Harm Oost-versameling: A69, No. 24, Ooggetuie, verslae en gebeure, Mededeling deur Izak E. Claassens. Ongepaalineerd.

Maj. J.C.G. Kemp, bevelvoerder van militêre distrik No. 7 (Potchefstroom), was in Augustus 1914 op 'n inspeksietoer te Lichtenburg. Van mnr. J.C. Juta, die plaaslike landdros, het hy van die voorgenome vergadering verneem. Kemp het hierop vir de la Rey op sy plaas Elandsfontein besoek. De la Rey het hom volledig ingelig oor sy planne. Sou die burgers te Treurfontein saamstem dat die tyd aangebreek het om 'n republiek uit te roep, sou de la Rey die 16de op Treurfontein oorbly. Vandaar sou hy sy gewapende burgers oor Ventersdorp na Potchefstroom neem, hy sou volgelinge rekruteer sover hy gaan, en die Vierkleur sou te Paardekraal gehys word waar die republiek dan ook geproklameer sou word. Vandaar sou burgers na Pretoria gestuur word om genl. Botha te haal om by hulle aan te sluit en hulle dan te lei.¹¹

Kemp het dit duidelik aan de la Rey gestel dat hy verplig sou wees om dit aan die regering te rapporteer waarop de la Rey geantwoord het dat hy dié saak volledig met genls. Botha en Smuts bespreek het en dat die regering klaarblyklik saamstem.¹² Kemp en mnr. B. Krige, skoonseun van de la Rey, het alles in hulle vermoë gedoen om de la Rey te laat afseien van sy planne, maar die ou "Leeu van Wes-Transvaal" was onversetlik; trouens, dit het geblyk dat sy planne agter mekaar was en dat hy voornemens was om sy ou krygsmakker uit die Vrystaat, generaal de Wet, ook daarby te betrek.¹³

-
11. Spies, S.B.: The Rebellion in South Africa, 1914-1915, p.93.
 12. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 131.
 13. Smit, J.P.: Die Rol van Genl. J.H. de la Rey in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1902 - 1914, p. 137.

Op 11 Augustus het landdros Juta vir Botha van de la Rey se planne in kennis gestel.¹⁴ Mn. G.J. Greeff, 'n familielid van de la Rey, het op sy beurt Beyers ingelig met betrekking tot de la Rey se voorgenome vergadering en gepleit dat Beyers sy invloed oor de la Rey moes gebruik sodat hy nie iets onverantwoordeliks aanvang nie.¹⁵ Ook Kemp het op 11 Augustus Beyers van dié voorgenome vergadering verwittig. Hy het daarop gewys dat daar beroering onder die publiek was en Beyers aangeraai om na Treurfontein te gaan sodat hy die burgers op hoogte van sake kon bring.¹⁶ Beyers was duidelik verontrust en het nog diezelfde dag de la Rey uitgenooi om hom in Pretoria te kom spreek. Dis insiggewend dat Beyers in dieselfde asem skynbaar terloops verwys het na die vergadering van Transvaalse kommandante wat op 14 Augustus in Pretoria sou plaasvind.¹⁷

Dit wou nou voorkom asof al de la Rey se gewese krygsmakkers bekommern was dat hy tot onberade optrede kon oorgaan. Ook genl. Botha het op 11 Augustus vir de la Rey versoek om hom onverwyld te kom spreek.¹⁸ Mev. Botha het de la Rey op 13 Augustus op Pretoria-stasie ontmoet en hom dadelik na

-
- 14. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika: Getuienis van J.C. Juta, p. 115.
 - 15. Scholtz, G.D.: Die Rebellie, 1914 - 1915, p. 47; U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van G.J. Greeff, p. 212.
 - 16. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 136. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 12.
 - 17. U.G. 10 - '15: Rapport over het uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 12; Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914, p. 284.
 - 18. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, p. 391.

die premierswoning geneem. Hier sou Botha, Smuts, Schalk Burger en adv. (later regter) N.J. de Wet dwarsdeur die nag hom probeer oorreed om van sy planne af te sien. De la Rey het gewaarsku dat die regering nie met hulle invalsplanne in Duits-Suidwes-Afrika moes voortaan nie, gedreig dat hy dit sou dwarsboom en dat hy die republikeinse onafhanklikheid sonder die hulp van Botha en Smuts sou herwin.¹⁹ Blykbaar het sy vriende se pleidooie hom tog laat besin oor sy voorgenome optrede, want die volgendeoggend het de la Rey teenoor Botha erken dat hy verkeerd was en dat hulle oor die vergadering van Treurfontein niks te vrese gehad het nie. Nadat de la Rey ook vir Beyers gespreek het, is hy terug na Lichtenburg. Die vergadering het soos beplan plaasgevind en is deur bykans 800 ongewapende burgers bygewoon. De la Rey het die burgers versoek om huis toe te gaan en hulle rustig te gedra. Verder is 'n mosie van volle vertroue in die regering se vermoë om in die beste belang van die land op te tree, aangeneem.²⁰

Terwyl voorgaande verwikkelinge in Transvaal plaasgevind het, was Manie Maritz druk besig met die organisasie van sy bewelsgebied, honderde kilometer daarvandaan. Hoewel allerlei gerugte van die oorlog en die Suid-Afrikaanse regering se voorneme hom bereik het en hy trouens bewus was van die smeu-lende ontevredenheid selfs onder die ouers van die rekrute onder sy bevel, wil dit voorkom asof Maritz se eie planne nog nie gefinaliseer was nie. Dat hy wel voorberei was vir enige gebeurlikheid en heelwat in die mou gevoer het, blyk

19. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 133; Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.104.

20. Smit, J.P.: Die Rol van Genl. J.H. de la Rey in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1902 - 1914, p. 138.

uit die latere getuienis van komdt. Andries Kampfer, 'n eertydse Kaapse rebel wat tydens die Anglo-Boereoorlog en daarna ook in die rebellie onder Maritz se bevel gestaan het. Reeds op 7 Augustus, dit wil sê 'n volle week voor dat die kommandante ingelig is ten opsigte van die oorlogsbesluit, het Kampfer op Onap in Boesmanland verklaar dat Maritz beslis nie teen die Duitsers, met wie hy reeds lank tevore 'n ooreenkoms aangegaan het, sou veg nie.²¹

Maritz se geleentheid om sy planne bekend te stel, het hom voorgedoen toe Beyers ingevolge die opdrag van Botha die Transvaalse kommandante vir 'n vergadering op 14 Augustus na Pretoria ontbied het. Hoewel die doel van die samesprekings verswyg is, sou dit dien om die staaffisiere in te lig met betrekking tot sy voornemens en die militêre aksie wat daaruit sou voortvloeи.²² Maritz moes egter snuf in die neus gekry het want hy was reeds drie dae voor die vergadering in Pretoria, hoewel hy nie onder die kommandante geressorteer het wat wel ingevolge Botha se opdrag daarheen ontbied moes word nie. Nadat hy met Kemp beraadslaag het, is hulle saam na genl. Beyers by wie hulle vir die eerste keer die doel van die vergadering verneem het. Beyers het hulle ingelig omtrent die regeringsvoorneme om Duits-Suidwes-Afrika binne te val, omdat Brittanje versoek het dat die radiostasie te Windhoek vernietig moes word. Sonder om enigsins sy motiewe te verklap, het Beyers hulle meegedeel dat hy die voorgenome inval afkeur en dat hy die regering dien=ooreenkomstig ingelig het. Hy het voorts verklaar dat indien

-
21. U.G. 10 - '15 : Rapport over de uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 9.
 22. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 3.

die parlement die kabinetsbesluit sou onderskryf, hy sou bedank. Kemp het hierop geantwoord dat hy ook sou bedank. ²³

Alvorens die kommandante-vergadering plaasgevind het, is 'n Stafoffisiersvergadering in Beyers se kantoor by die Verdedigingshoofkwartier gehou. Dis bygewoon deur genls. Botha, Smuts, Beyers en onder ander ook Kemp en Maritz. Voordat hierdie vergadering geopen is, het luit.-kols. Jacques Pienaar, J.G. Bronkhorst en J.F. Jordaan aan luit.-kol. P.R. Kock meegedeel dat hulle gekant was teen enige inval in Duits-Suidwes-Afrika en sy ondersteuning gevra in die afkeuring daarvan. As voorsitter het Smuts sekere aangeleenthede toegelig: omdat Brittanje in 'n oorlog betrek is, was Suid-Afrika ook in 'n staat van oorlog met Duitsland; die Unieregering het 'n aanbod aan Brittanje gedoen om self die verdediging van Suid-Afrika oor te neem; die Britse garnisoen was reeds onderweg na Europa en die regering het oorweeg om 'n mag van 20 000 manskappe op oorlogsvoet te bring. Smuts het die vergadering om advies in die samestelling van die beoogde leërkorps gevra. Sy eie voorstel het hierop neergekom: (i) 8 000 man van die Aktiewe Burgermag; (ii) 7 000 gekommandeerde lede van die Skietverenigings (Klas B van die Burgermagreserwe en (iii) 5 000 vrywilligers. Bogenoemde 20 000 troepe moes te eniger tyd slaggereed wees. ²⁴ Op 'n vraag van Kemp waarheen al hierdie troepe gestuur sou word, het Smuts geantwoord dat 'n offisier van beter behoort te weet as om so 'n vraag te vra. Op 'n verdere vraag van Kemp wat sou gebeur indien 'n offisier nie tot offensiewe optrede bereid sou wees nie, het Smuts geantwoord dat hulle aan militêre tug onderhewig was en dat so 'n offisier voor die krygsraad gedaag sou word. ²⁵ Kemp se lastige vrae moes Smuts op

23. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 138.

24. Ibid., pp. 139 - 140.

25. Ibid., p. 141.

sy hoede geplaas het, want hy wou geen verdere vrae toelaat nie; trouens, soos die uitgeslape Minister van Verdediging en politikus wat hy was, het hy dit nie eens nodig geag om die meriete van die beoogde aggressie teen Duitsland met sy offisiere te bespreek nie.

Onmiddellik hierna het die kommandante-vergadering onder voorsitterskap van genl. Botha in die Uniegebou plaasgevind. Smuts en Beyers het ook dié vergadering bygewoon. Maritz het die vergadering nie bygewoon nie want hy was nie 'n Transvaalse kommandant nie. Tydens hierdie vergadering het Botha bloot Smuts se mededelings tydens die stafoffisiersvergadering herhaal. Weer eens is die kwessie van Duits-Suidwes-Afrika sorgvuldig vermy, hoewel dit duidelik was dat die kommandante meer van die aangeleentheid te wete wou kom. In antwoord op 'n vraag wat so n mag nou juis moes beskerm, het Botha verwys na die moontlikheid van 'n Portugese inval uit Mosambiek waarteen gewaak moes word.²⁶ Botha het verdere vrae in hierdie verband as irrelevant afgewys omdat die parlement daaroor sou beslis. Hy het verdere vraestellers tereggewys met die berisping dat offisiere se eie gevoelens nie ter sake was wanneer hulle opdragte moes uitvoer nie.²⁷ Volgens genl. Chris Muller was die hele vergadering met enkele uitsonderings teen deelname aan die oorlog gekant.²⁸

Tog sou generaal Botha na afloop van die rebellie getuig dat hoewel 'n sekere groep onder die kommandante, o.a. Beyers,

26. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 139 - 140.

27. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuenis, genl. L. Botha, p. 376.

28. Muller, C.H.: Oorlogsherinneringe, p. 195.

Kemp, Muller en Pienaar,²⁹ klaarblyklik nie die kabinetsbesluit goedgekeur het nie, die meerderheid dit volkome eens met die regering was. Botha was egter sodanig verontrus deur die teenkanting wat tydens die vergadering aan die lig gekom het dat hy die kommandante en offisiere die selfde aand na sy huis genooi het. Wat presies daardie aand aan huis van die premier gebeur het, is nie duidelik nie. Botha moes bepaald sy beproefde sjarme ingespan en die offisiere se teenkanting geneutraliseer het. Insigwend in hierdie verband is genl. Muller se opmerking dat die kommandante wat dieoggend nog die oorlogspoging teen gestaan het, ná die ete by Botha net wou Duitsers skiet.³⁰

Laasgenoemde strook egter nie met wat vroeër dieselfde aand gebeur het nie. Voor die ete-afspraak met Botha, het 'n klein informele vergadering in die Transvaal Hotel plaasgevind. Dit wil voorkom asof dit deur die weerbarstige Kemp gereël is. Onder die aanwesiges was Maritz, Kemp, komdte. D.J.E. Opperman en B.I.J. van Heerden en kol. W.J. Pretorius.³¹ Die gesprek het blykbaar op dieoggend se vergaderings teruggekom en vanselfsprekend na die implikasies van die Eerste Wêreldoorlog uitgekring. Hier het Maritz vir die eerste keer sy kaarte op die tafel gelê: Die Duitsers was die Afrikaners goedgesind en sou wapens en ammunisie voorsien om die verlore onafhanklikheid te herwin. Hy het ook die aanwesiges gepols oor hulle houding indien hulle aangesê sou word om Duits-Suidwes-Afrika

-
29. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, p. 376.
 30. Muller, C.H.: Oorlogsherinneringe, p. 195.
 31. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 4.

binne te val. Maritz en Kemp het uitdruklik verklaar dat hulle nie vir so iets te vinde was nie.³²

Dit wil ook voorkom asof Maritz en sy trawante na afloop van die kommandante-vergadering Beyers in sy kantoor gekonfronteer het. Kol. Ivan Swemmer het later getuig dat hy toenertyd moes wag voordat hy Beyers kon spreek en dat hy toe ooggetuie was van die feit dat Maritz, Kemp, Muller, Bezuidenhout en Kock uit Beyers se kantoor te voorskyn gekom het.³³ Al hierdie persone het later gerebelleer. Dié voorval sowel as die feit dat Botha later eers Beyers en daarna Kemp ontbied het en oor die gerugte van rebellie uitgevra het,³⁴ het sekere historici verlei om te beweer dat die rebellie 'n beplande komplot was waarvan Beyers die aanstigter sou gewees het.

Terugskouwend val dit op dat daar ook ander ongerymdhede op die gedenkwaardige 14 Augustus voorgekom het. Maritz was geensins 'n Transvaalse kommandant nie en het dus geen belang by die tweede vergadering van 14 Augustus gehad nie. Botha het trouens sy teenwoordigheid in Pretoria nie begryp nie en het gevolglik tot die slotsom geraak dat hy daar was op uitnodiging van Beyers.³⁵ Hiervoor bestaan geen dokumentêre bewys nie. Tog staan dit soos 'n paal bo water dat Maritz naald gesteek is van die voorgenome kommandante-vergadering en dat hy met voorbedagte rade na Pretoria is. In die lig van daaropvolgende gebeure moes dit óf Kemp óf

-
32. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van D.J.E. Opperman, p. 48; B.I.J. van Heerden, p. 46.
 33. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van I. Swemmer, p. 64.
 34. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, p. 376.
 35. Ibid., p. 378.

Beyers gewees het wat hom daarvan verwittig het. Bloot die feit dat Kemp en Maritz vooraf in Pretoria beraadsblaag en vóór en ná die kommandante-vergadering Beyers in sy kantoor opgesoek het, spreek boekdele en het geen verdere kommentaar nodig nie. Indien dit ook die uitgeslape Smuts se voorneme was om Maritz af te kraal van die ander wederstrewiges in die Vrystaat en Transvaal deur hom nie by die kommandante-vergadering te betrek nie, het Maritz se verskyning in Pretoria dié set getorpedeerd. Bewus van Maritz se sentimente en van sy bedrywighede in Pretoria, sou Smuts hierna 'n verdere poging aanwend om hom te dwing om met sy ware kleure vorendag te kom toe hy na die beplanningsvergadering van 21 Augustus 1914 as bevelvoerder van 'n afdeling van die infalsmag regstreeks by die inval in Duits-Suidwes-Afrika betrek is. Dit sou Maritz dwing om sy sameswering te laat vaar en openlik te rebelleer.

Die intrige verdiep

Om terug te keer tot Maritz se ongevraagde teenwoordigheid in Pretoria. Hy het dus genoeg geleentheid gehad om met Beyers oorleg te pleeg - 'n feit wat hy self in sy outobiografie bevestig. Tydens 'n gesprek met Beyers sou laasgenoemde hom sy bedankingsbrief gewys en opgemerk het dat as die regering Duits-Suidwes-Afrika sou binneval, hy sy bedanking sou indien.³⁶ Maritz sou Beyers versoek het om dit nie te doen nie want die volk het na hom as leier opgesien en hy moes hom nie deur Botha laat misbruik nie. Maritz het Beyers ook daarop gewys dat hy hoof van die Generale Staf was, dat dit oorlog was en dat hy daarna nie sy lewe seker sou wees nie. Hy sou Beyers ook gevra het of hy dan niks met die Duitse Keiser gereël het toe hy in 1913 die leërmaneuwers

36. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 68.

in Duitsland bygewoon het nie. Beyers sou ontkennend geantwoord het, waarop Maritz verklaar het dat hy dan meer as Beyers gedoen het want hy het met die Duitse regering in Duitswes onderhandel oor wapens, ammunisie en finansiële bystand. Maritz het voortgegaan en vir Beyers probeer intimideer. Hy het aan Beyers gesê dat daar alle aanduidings was dat dit 'n uitgerekte Wêreldoorlog gaan wees en dat dit hulle niks sou baat om Brittanje in die rug te steek nie want sodanige optrede kan maklik boemerang ingeval van 'n Britse oorwinning en tot weerwraak maatreëls teen die Afrikanervolk lei wat die gebruik van Nie-blanke Britse troepe nie uitgesluit het nie. Hy het voorts gesê dat die Afrikaner tog nooit weer so 'n geleentheid tot opstand sou hê nie. Voorts het hy met 'n absurde plan vorendag gekom: Beyers moes nie bedank nie, maar met al die kommando's na Upington opruk onder die voorwendsel dat dit ter verdediging van Suid-Afrika is; ingeval hulle dan opdrag ontvang om Duits-Suidwes-Afrika te verower, kan hulle met die Duitsers heul om terug te val om Beyers-hulle meer tyd te gee om hulle planne af te rond, en laasgenoemde was so vergesog dat 'n mens huiwer om dit as rasionele denke te aanvaar, want dit het onder andere daarop neergekom dat Botha en Smuts en al die Britse (Engelse) generaals na 'n wapenkou uitgenooi, op 'n noenmaal getrakteer en dan onder arres geplaas sou word. Daarna kon die kommando's triomfantelik na Pretoria terugkeer.

Beyers het aanvanklik geen sinnigheid vir hierdie on-Afrikaanse voorstel geopenbaar nie, waarop Maritz hom tereggewys het dat dit oorlog was en dan word die duiwel soos 'n duiwel behandel. Beyers sou, aldus Maritz, na verdere beraad Maritz se planne aanvaar het.³⁷ Beyers sou Maritz ook versoek het om de la Rey op die stasie te gaan ontmoet. Soos reeds vermeld, is de la Rey deur Botha na Pretoria ontbied en het op 13 Augustus in die hoofstad gearriveer. Maritz moes de la Rey waarsku om

37. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 69; Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914, pp.287-288.

geen versekering aan Botha te gee voordat Beyers nie met hom oorleg gepleeg het nie. Maritz kon nie daarin slaag om Beyers se boodskap behoorlik aan de la Rey oor te dra nie, omdat Mevrou Botha hom op die stasie kom afhaal en dadelik na die premierswoning geneem het. Al wat Maritz kon vermag, was om iets in die ou generaal se oor te fluister. Volgens Maritz het de la Rey sy hand 'n druk gegee asof hy daarmee te kenne wou gee dat hy verstaan het.³⁸

Hierna is Maritz terug na sy bevelspos in Calvinia. Klaarblyklik was hy onder die indruk dat Beyers, na oorleg met ander generaals, persoonlik na die grens sou afreis om met die Duitse goewerneur van Duits-Suidwes-Afrika te onderhandel.³⁹ Maritz se weergawe van bogenoemde gebeure is nie in alle opsigte korrek nie.⁴⁰ Dit kon wees dat sy geheue hom 'n kwarteeu later in die steek gelaat het, of andersinds het hy opsetlik 'n onwaarheid vertel om sy eie optrede te regverdig. Beyers kon beslis nie sy bedankingsbrief aan Maritz getoon het nie, tensy hy twee verskillende bedankingsbriewe opgestel het, want die betrokke dokument is gedateer 14 September 1914 – en die onderhoud waarna Maritz verwys het op 14 Augustus plaasgevind. Wat meer is, Maritz se weergawe van die onderhawige onderhoud in sy outobiografie strook ook nie met 'n verklaring wat hy in 1921, dit wil sê toe die gebeure nog vars in sy geheue moes gestaan het, in Berlyn voor dr. A.L. Geyer afgelê het nie. Hierin meld hy bloot dat Beyers hom meegedeel het dat hy voornemens was om te bedank.⁴¹

38. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 69.

39. Ibid., p. 70.

40. Vgl. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914, p. 288.

41. A.L. Geyer-versameling: A55, No. N46490, Genl. Maritz se verklaring in sake Rebellie, p. 6.

'n Volgende dwaling in Maritz se outobiografie is sy verwysing na die reëlings wat Beyers met die Duitse Keiser kon getref het. Feit is dat Beyers nooit die leërmaneuwers in Duitsland bygewoon het nie en die Keiser later in Switserland in heel anderse omstandighede raakgeloop het.⁴² Kemp, wie se bewering dat hy op 13 September Beyers se bedanking gesien het ook bevraagteken moet word, ontken verder dat Beyers ingeval het met Maritz se planne, want Beyers het 'n soortgelyke voorstel van Kemp self baie beslis afgewys.⁴³

Die onvermydelike gevolgtrekking is dat Maritz se geheue hom 'n kwart eeu na die gebeure parte gespeel het. Beyers kon hom verseker nie onder 'n wanindruk gelaat het nie. Verder strook die onderduimse skema waarmee Beyers dan akkoord gaan het, nie met Beyers se eie lewensbeskouing en diepe godsdienssin nie. Daar bestaan ook geen geldige rede om Beyers se latere verklaring oor die betrokke aangeleentheid te betwyfel nie. Hierin getuig hy o.a.: "As ek van die begin af wou rebelleer, dan het ek die pragtigste kanse daarvoor gehad. Dan sou ek ook natuurlik nie bedank het nie. Ek kon met die hele verdedigingsmag en 'n hele klomp burgers en vertrouelinge na die grens gegaan het en daar openlik gerebelleer het soos Maritz. Dan het ons kanonne, gewere en ammunisie genoeg gehad; dan het ons 'n sterk gekonsentreerde leër gehad en die lojaliste kon ons na D.Z.W.A. gestuur het soos Maritz gemaak het. As genl. de Wet dan in die Vrystaat opgestaan het dan was die Unie in ons mag. Maar ek KON die daad nie doen nie alhoewel dit my sware sielestyd gekos het om my gewetensbesware te stel bokant die behoud van my nasie en bokant die terugwin van ons onafhanklikheid. Ek het ten

42. Vgl. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914, p. 288.

43. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 142.

slotte gemeen dat God aan ons ons onafhanklikheid sou teruggee sonder dat ek nodig sou hê om verraad te pleeg om dit terug te win. Hy sou wel edeler middele gebruik."⁴⁴

Dis wel waar dat Maritz meer as een poging aangewend het om Beyers na die grens te lok. Trouens, hy het daarin geslaag om 'n ontmoeting tussen Beyers en die Duitse goewerneur van Duits-Suidwes-Afrika vir 15 September 1914 op die grens te reël. Die goewerneur het wel opgedaag maar Beyers nie. Beyers het buitendien op 14 September bedank en beide de la Rey en Maritz ontbied om hom op dieselfde dag in Pretoria te woord te staan. Indien prof. Leo Fouché se bewering verder korrek is dat Beyers en de la Rey beplan het om die rebellie op 15 September in Potchefstroom van stapel te stuur,⁴⁵ dan moes Beyers totaal onbewus van Maritz se knoeiery met die Duitsers gewees het.

Die Maritz-intrige verdiep verder indien sy bedrywighede in Pretoria tydens die kommandante-vergadering verder onder die vergrootglas geplaas word. Ongelukkig moet hier ook grootliks op Maritz se eie weergawe van die gebeure staatgemaak word en die geloofwaardigheid hiervan is reeds bevraagteken. Hiervolgens sou Maritz in opdrag van Beyers ook 'n persoonlike onderhoud met Smuts gevoer het. Laasgenoemde sou hom na die militêre inligtingsdiens verwys het. Maritz het hier, in teenwoordigheid van kol. J.M. Baker 'n gesprek met kol. Skinner, hoof van militêre inligting gevoer. Hy het ook 'n kaart van Duits-Suidwes-Afrika, waarop die vernaamste waterplekke aangebring is, ondersoek en teenoor Baker en Skinner gespog hoe maklik dit sou wees om die Duitsers te oorrompel

44. Boshoff, S.P.E.: Vaalrivier die Broederstroom, p. 86.

45. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914, p. 291; U.G. 10 - '15: Rapport over de uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 15.

en hulle verbindings te verbreek. Beide Baker en Skinner was oortuig dat Maritz gretig was om 'n ekspedisie teen Duits-Suidwes-Afrika te onderneem. ⁴⁶

Terug by Smuts het Maritz egter 'n ander deuntjie gesing: die informasie op die kaarte was foutief en hy sou nie graag die inligtingsoffisiere tydens 'n oorlog in sy staf opneem nie. Ietwat verbaas het Smuts geantwoord dat Maritz op sy woorde moes let, want hy moes dan Duits-Suidwes-Afrikainneem. Maritz was hiertoe bereid mits die Afrikanervolk daarop aandring. Tydens 'n eetmaal in die Pretoria-klub, saam met Botha, Smuts en Beyers, het Botha Maritz uitgevra na die gesindhede van die Noordwesters. Maritz het hierop geantwoord dat hulle ontevrede sou wees as daar willekeurig gekommandeer word en dat verset beslis nie sou uitbly nie. Botha het bevestig dat hy dit ook reeds van Smuts gehoor het. Verder het Botha ook opgemerk dat daar juis 'n groep delwers was wat hulp kom vra het maar dat hy hulle nie sou help nie tensy hulle die wapens teen die Duitsers sou opneem. By hulle afskeid het Smuts aan Maritz gesê: "Jy weet ou Manie, jy is net soos 'n kaffer kaptein." Maritz wou weet waarop Smuts gesinspeel het. Smuts het geantwoord: "'n Mens weet nooit wanneer jy die aanval maak, in die dag of in die nag nie." ⁴⁷ Hieruit blyk duidelik dat Smuts Maritz nie meer vertrou het nie. Teenoor Beyers het Maritz hierna opgemerk dat Smuts lont geruik het. ⁴⁸

Maritz het ook daarin geslaag om op spesiale versoek vir kapt. P.J. Joubert en maj. Ben Coetzee op sy staf aangestel te kry. Veral die aanstelling van Joubert, in die noordweste bekend as Joubertjie, het Maritz verheug want hierdie eertydse oorlogskollega, wat na die Anglo-Boereoorlog ook na Duits-Suidwes-Afrika uitgewyk het, om later na die Oranje-Vrystaat

46. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van J.M. Baker, pp. 2 - 3.

47. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 70.

48. Ibid.

terug te keer, sou 'n belangrike rol speel in die latere onderhandelings tussen Maritz en Beyers en 'n mindere mate ook Kemp maar veral tussen Maritz en die Duitsers.⁴⁹ Maritz het by die geleentheid opdrag van Smuts, die minister van Verdediging, ontvang om 1 000 man in die noordwestelike distrikte van die Kaapkolonie te mobiliseer vir die beskerming van die Uniegrense in die distrik van Gordonia.⁵⁰

Uit wat hierbo in Pretoria tussen Maritz en Smuts voorgeval het, moet die afleiding gemaak word dat Maritz 'n bloutjie geloop het maar getrou aan sy geaardheid geweier het om daarby te berus. Op pad terug na sy bevelspos in Calvinia het die trein waarmee Maritz gereis het op Bloemfontein vertoef. Maritz het die geleentheid benut om met genl. Hertzog in verbinding te tree. Hy het Hertzog meegedeel dat daar wrywing tussen die regering en Beyers bestaan en aanbeveel dat Hertzog met Beyers moes gesels. Hy het ook uitgelap dat die regering van plan was om Duits-Suidwes-Afrika binne te val. Op Hertzog se navraag het Maritz geantwoord dat sake maar deurmekaar was. Hy het nog een en ander omtrent die voorgenome Treurfonteinse byeenkoms meegedeel voordat die telefoniese gesprek beëindig is.⁵¹

Terug in Calvinia het Maritz na willekeur die besprekings in Pretoria uitgelap en geen geheim van sy teenkanting teen die invalsplanne van die regering gemaak nie. Hy het ook bygedra om agterdog teen die owerheid te saai deur in die selfde asem van de la Rey se planne en die voorgenome byeenkoms

49. S.C. 1 - '15 : Report of the Select Committee on Rebellion, Evidence J.M. Baker, p. 345.

50. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellion in Zuid-Afrika, p. 7.

51. S.C. 1 - '15 : Report of the Select Committee on Rebellion, Evidence J.B.M. Hertzog, pp. 221 - 222.

te Treurfontein te praat.⁵² Aldus is 'n algemene gees van wantroue in Botha en Smuts gevoed.

Dit wil voorkom asof Maritz hierna gebeure op die Duits-Suidwes-Afrika grens uitgebuit het in 'n poging om Beyers na die gebied te lok. Terselfdertyd het Maritz sy besondere verhouding met Piet Joubert en Piet de Wet benut om Beyers óf met eensydige óf geplooide feite te voer ten einde hom in die rebellie-kamp te lok.

Erg bekommerd het Maritz verskeie navrae tot kmdt. A. Stadler, hoof van die Skietvereniging te Kakamas, gerig om te verneem waar hy Joubertjie in die hande kon kry.⁵³ Ook het hy aan die landdros van Kakamas opdrag gegee om Joubert vir hom te vind.⁵⁴ Op ontvangs van Stadler se antwoord dat hy by hom te Keimoes is,⁵⁵ het Maritz besluit om daarheen te gaan. Ontstellende berigte van grensincidente, waarby ook Afrikaners betrek was, het Maritz bereik. Die Duitsers het volgens berigte hulself by Nakob, 'n polisiepos digby die grens en regteenoor die Unie-polisiepos Nakob ingegrawe en verskans. Ook het daar 'n botsing tussen o.a. die Liebenbergs en 'n Duitse polisiepatrollie naby Schuitdrift op die grens plaasgevind waartydens twee Duitsers gedood is.⁵⁶ Maritz, wie se planne hierdeur in die wiele gery kon word, het Beyers

52. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van H.J. Nel, p. 96.

53. U.G. 10 - '15 : Rapport over het uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 10.

54. Ibid.

55. Ibid.

56. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika: Getuienis van C.R. Liebenberg, p. 77.

gerus gestel en hom meegegee dat hy persoonlik daarheen vertrek om die gebeure te ondersoek. ⁵⁷

Met sy aankoms op Keimoes het hy ook vir Piet de Wet by Stadler en Joubert gevind. Aan hulle het hy meegegee dat die Suid-Afrikaanse regering van plan was om Duits-Suidwes-Afrika binne te val, maar dat die offisiere besluit het om hulle daarteen te verset. Hy wou van de Wet weet wat hy van die Duitse wapens uitgevind het want hy het slegs van Voigts verneem dat sy wense bewaarheid sou word. ⁵⁸ De Wet kon hom niks meegee nie. Saam met Joubert en de Wet is Maritz na Schuitdrift waar geen polisie gevind is nie. Hulle is oor die grens en by Stolzenfels het Maritz aan Samel, die Duitse polisiesersant, meegegee dat nog hy nog die Unieregering verantwoordelik is vir die Schuitdrift-voorval. Hiervandaan het hy vir Max Teinert, 'n ou vriend van hom, te Ukamas geskakel en wou van hom weet of die Duitsers hom van wapens en ammunisie kon voorsien. Ook het hy Teinert meegegee van die regering se invalsplanne. ⁵⁹ Volgens ooreenkoms sou de Wet en Teinert met die Duitse goewerneur reël om Maritz van wapens en ammunisie te voorsien en dat Beyers en die Duitse goewerneur mekaar op 15 September op die Duitse grens sou ontmoet om sake uit te praat omdat Maritz nie sake op 'n losse voet wou begin nie. ⁶⁰

Terwyl Maritz die effense woelinge en misverstand op die grens na willekeur geplooい het om sy voornemens te pas, het verwikkelinge in Pretoria plaasgevind waarin die hand van Smuts

-
57. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 10.
 58. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van P.G. de Wet, p. 11.
 59. Ibid., p. 12.
 60. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van P. de Wet p. 80.

duidelik opgemerk kan word. Die openingskuiwe uit Pretoria was duidelik daarop gerig om Maritz se hand te forseer sodat die regering volkome sekerheid oor sy onmiddellike toekomsplanne sou hê.

Allereers het Botha en Smuts die Vrystaatse kommandante vir oorlegpleging na Pretoria ontbied. Die daaropvolgende vergadering op 19 Augustus het 'n soortgelyke agenda bestryk as dié van die Transvaalse bevelvoerders vyf dae tevore. Botha was tevrede dat dié vergadering in groot eensgesindheid verloop het, hoewel Hertzog wat nie teenwoordig was nie, later sou beweer het dat die teendeel eerder waar was.⁶¹ Botha se weergawe van die gebeure kom geloofwaardig voor want Hertzog het sy bewering op hoorské en nie op eerstehandse getuienis gebaseer nie. Hertzog se verklaring gee ook die indruk van agterna-wysheid, toe die rebellie 'n voldonge feit was en ontevredenes maklik uitgeken kon word. En indien Hertzog se lesing van die omstandighede juis is, moes die Vrystaters hulle beslis aan dubbelpratery skuldig gemaak het.

Hoe dit ookal sy, Botha was sodanig gerus gestel deur die vergadering van 19 Augustus dat hy die volgende dag sy eie kaarte op die tafel begin lê het: proklamasie 177 (1914) in die Staatskoerant het geen twyfel gelaat dat die regering homself die reg voorbehou het om na gelang van omstandighede sekere eenhede van sowel die Aktiewe Burgermag as die Burgermag-reserwe vir binne- sowel as buitelandse diens op te roep.⁶² Na hierdie wettiging het die regering reeds op 21 Augustus 43 eenhede van die Aktiewe Burgermag gemobiliseer. Hoewel dit meestal tot Kaapse en Natalse eenhede beperk was, was Manie

61. SC 1 - '15 : Report of Select Committee on Rebellion, Evidence J.B.M. Hertzog, p. 223; Hertzog-Annale, Jaarboek XII - Desember 1965, Twaalfde Jaargang No.18, Hertzogtoespraak in Volksraad, 2 Maart 1915, p. 5.

62. Staatskoerant: Volume XVIII, 20 Augustus 1914, Proklamasie 177, 1914.

Maritz se militêre distrik ook daarby inbegrepe.⁶³ Daarmee was die teerling gewerp. En hoewel niks in die geskiedenis noodwendig is totdat dit gebeur nie en die historikus ook nie die hand van die toeval in die geskiedenis erken nie, het twee verdere kennisgewings in dieselfde Staatskoerant byvoorbaat die komende krisis in Afrikanergeledere onafwendbaar gemaak: die Suid-Afrikaanse parlement is vir 'n buitengewone sitting op 9 September opgeroep en majoor S.G. Maritz sou vanaf 1 September 1914 tot die rang van luitenant-kolonel bevorder word.⁶⁴ Met laasgenoemde het Smuts vir Maritz geen verdere skuiwergate gelaat nie: hy sou of moes bedank óf rebelleer indien hy nie sy rang oneer wou aandoen deur met sy sameswerings en knoeiery voort te gaan nie.

Gebeure het mekaar nou snel opgevolg. Die drukkersink van die Staatskoerant van 21 Augustus was nog skaars droog of 'n offisiersvergadering onder voorsitterskap van Smuts het in Pretoria met die beplanning van die voorgenome Suidwesveldtog begin. Die vergadering is bygewoon deur genls. Beyers, Lukin en Sir Duncan MacKenzie asook kols. P.S. Beves en Skinner en Sir William Hoy, hoofbestuurder van Spoorweë. Beyers het nie aktief aan die besprekings deelgeneem nie; trouens, hy het die vergadering reeds vroeg verlaat weens ander verpligtinge. Hy het egter akkoord gegaan met die planne van MacKenzie wat tydens dié vergadering aanvaar is. Die invalsmagte is soos volg saamgestel. Mag A: onder Brigadier-generaal M.T. Lukin wat D.Z.W.A. van Port Nolloth sou intrek; Mag C en D: onder genl. Sir Duncan MacKenzie wat D.Z.W.A. vanaf Swakopmund sou binnetrek; Mag D onder kol. Beves; Mag B sou staan onder luit.-kol. S.G. Maritz,

63. Staatskoerant: Volume XVII, No.560, 21 Augustus 1914, Proklamasie No.1400, 1914.

64. Ibid.

wat die Uniegrens in die distrik van Gordonia moes verdedig. Hulle moes saam werk met die mag van Lukin en moes opereer vanuit die suide hoewel hulle onafhanklik van Lukin was. Die mag van Maritz, wat uit 1 000 man bestaan het, sou aangevul word uit vrywilligers wat hy in die Noordwes-Kaap moes aanwerf.⁶⁵

Hierdie finale besluite is geheim gehou en is eers op 29 Augustus aan Beyers geopenbaar toe hy gevra is om die betrokke offisiere in kennis te stel.⁶⁶ Volgens die besluit was Maritz se kommando dus nie meer in oefenkampe nie, maar gemobiliseer vir oorlogsdoeleindes.⁶⁷

Terwyl hierdie gebeure in Pretoria afgespeel en die net stadig maar seker stywer om Maritz gespan is, het laasgenoemde vanuit sy bevelspos te Calvinia salig onbewus daarvan gebly en sy manipulasies probeer voortsit. Trouens, op 25 Augustus 1914 het Maritz opnuut Beyers na die grens uitgenooi waar "alles stil en rustig" was en daar "hoegenaamd geen waarheid" in die gerugte gesteek het dat die Duitsers die grens geskend het nie.⁶⁸ Meer nog: ten spyte van 'n waarskuwing van die landdros van Springbok om op sy hoede te wees vir Joubert en de Wet,⁶⁹ het Maritz die landdros se inligting ten opsigte van sy adjudant Joubert as vals afgekraak⁷⁰ en terselfdertyd

-
65. U.G. 46 - '16 : Rapport van de Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 7;
U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuenis van M.C. Rowland, p. 142.
66. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 146 - 147.
67. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p. 69.
68. U.G. 10 - '15 : Rapport over het uitbreken der Rebelle en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 11.
69. Harm Oost-versameling, A220, No.28, Die Rebelle, p. 62.
70. U.G. 10 - '15 : Rapport over het uitbreken der Rebelle en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 11.

by Verdedigingshoofkwartier aanbeveel dat Joubert na Pretoria moes reis om "volledige en betroubare informasie" ⁷¹ omtrent Duits-Suidwes-Afrika te verstrek.

Joubert het hom vervolgens aan die begin van September by Beyers en Smuts aangemeld, sy informasie bekend gemaak en terselfdertyd sy ontslag gevra omdat hy syne insiens as buitestaander die Verdedigingsmag van groter diens sou wees. ⁷² Smuts het geweier, en daarna teenoor een van sy stafoffisiere opgemerk dat hy Joubert nie vertrou nie. ⁷³

Hierna het Joubert ook met Beyers 'n onderhoud gevoer en hom ingelig met betrekking tot Maritz se onderhandelinge met die Duitsers. Hy het Beyers ook meegedeel dat Maritz voornemens was om met behulp van die Duitsers die republikeinse onafhanklikheid van die Afrikaner te herstel indien die parlement die beoogde inval in Duits-Suidwes-Afrika sou goedkeur. Terselfdertyd het hy Beyers uitgenooi om op 15 September Upington te besoek; die Duitse goewerneur sou dan in die grensgebied teenwoordig wees en by geval van onderhandeling met hom sou Beyers se woorde bepaald meer gesag as dié van Maritz dra. Ons het slegs Joubert se woord dat Beyers tot sy blydskap hier toe ingestem het, maar dit rym beslis nie met Beyers se daaropvolgende optrede nie; hy het immers op 14 September bedank en trouens drie dae voor hierdie stap Maritz na Pretoria ontbied. Joubert het in elk geval op sy terugreis via Kimberley vir Kemp op Potchefstroom ontmoet en hom ook op hoogte met Maritz se planne gebring. ⁷⁴

-
71. U.G. 10 - '15 : Rapport over het uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 11.
 72. Spies, S.B.: The Rebellion in South Africa, 1914-1915, p. 92.
 73. SC 1 - '15 : Report of Select Committee on Rebellion, Evidence J.M. Baker, p. 345.
 74. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 204 - 205; Spies, S.B.: The Rebellion in South Africa, 1914 - 1915, p. 92.

Voorgaande getuienis is interessant, maar dit moet met die spreekwoordelike knippie sout geneem word. Hoewel Kemp, wat gewoonlik geloofwaardige getuienis lewer, hierdie gevawens in sy weergawe van die rebellie opgeneem het, moet onthou word dat hy dit aan Joubert ontleen het. Dis in elk geval seker dat Beyers nie van goewerneur Seitz se besoek aan die grensgebied bewus was nie, anders sou hy tog nie op 15 September saam met de la Rey daardie noodlottige reis na Potchefstroom aangepak het nie. Uit Beyers se ietwat verwilde optrede voor 15 September blyk dit ook dat hy nêrens van Seitz melding maak in sy kommunikasie met Maritz, de la Rey, C.R. de Wet en Joubert, wat in plaas van Maritz na Pretoria afgereis het nie. Joubert het dus opsetlik die waarheid geweld aangedoen. Of hy gehoop het om hiermee 'n gunstige klimaat vir 'n langdurige opstand rondom die fatsoenlike persoonlikheid van Beyers te skep, en of hy dit in opdrag van Maritz gedoen het, is nie seker nie. Alles het in elk geval anders uitgewerk as wat Maritz en Joubert verwag het. Op 15 September het goewerneur Seitz by die grens opgedaan maar Beyers nie. Genl. Beyers het 'n gulde geleentheid gehad om daarheen af te reis omdat Smuts hom hiertoe versoek het voor hysel na Kaapstad vir die parlementsitting vertrek het. Beyers het dit egter nie gedoen nie omdat hy toe waarskynlik sy eie planne agtermekaar gehad het.

Intussen kon Maritz moeilik sy ontevredenheid verberg met die Liebenbergs wat deur hulle petaljes aan die grens by Schuitdrift amper sy knoeiery met die Duitsers verongeluk het.⁷⁵ Hy het verder nie ledig gesit nie omdat hy ingevolge instruksies wat hy in Augustus 1914 van Smuts in Pretoria ontvang het, sy volgende oefenkamp te Upington moes inrig. Aan die begin van September was hy gereed om na Upington te vertrek.

75. U.G. 10 - '15 : Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 10.

Voor sy vertrek het hy en sy manskappe 'n buitengewone kerk=diens, gelewer deur dr. W.P. Steenkamp, predikant van Nieuwoudtville en vertroueling van Maritz, op Calvinia by=gewoon. Dit kan kwalik iets anders as 'n opruiende preek genoem word: die leraar het kortliks die geskiedenis van Suid-Afrika behandel en daarop gewys hoedat die vlag al by verskeie geleenthede in Suid-Afrika verander het en opgemerk dat die vlag weer eens in die weegskaal was. Met betrekking tot die ekspedisie teen Duits-Suidwes-Afrika het hy gewaar=sku dat hulle doodsbeendere in die sand van die woestyn sou verbleik as hulle daaraan sou deelneem. Ten besluite het hy die manskappe aangemoedig om pal by Maritz te staan wat daar ookal mag gebeur. ⁷⁶

Met Maritz se verskuiwing na Upington is hy eensklaps in die brandpunt van die komende konfrontasie met die Duitsers ge=plaas. Aan die anderkant het dit hom verder geisoleer van die ander ontevrede republikeine in Transvaal en die Vrystaat. Hoewel hy ongerekende kontak met hulle behou het, skyn dit as=of hy nie met al hulle planne bekend was nie. Gevolglik het hy al hoe meer op eie houtjie begin optree.

76. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellion in Zuid-Afrika, Getuienis van H.J. Nel, p. 97.

HOOFSTUK III

SMUTS UITOORLÉ MARITZ

Tussen 4 September en 2 Oktober 1914 was Maritz in die omgeving van Upington gestasioneer. Hierdie vier weke was van deurslaggewende belang vir hom. Terwyl Maritz nie altyd op hoogte was van verwikkelinge in Transvaal en die Vrystaat nie, het Smuts met bykans kliniese doeltreffendheid Maritz gedurende hierdie tydperk in 'n doodloopstraat afgekeer. Maar dit het nie gebeur voordat Maritz van sy kant af hom in meer as een opsig die gelyke van Smuts as strateeg in 'n fyn uitoorlē-spel getoon het nie. As sodanig vorm hierdie vier weke een van die boeiendste tydperke in die geskiedenis van die Rebelleie.

Op 18 Augustus 1914, tydens die offisiers- en kommandante vergadering te Pretoria, is o.a. ook bepaal waar en wanneer die volgende oefenkampe opgerig moes word. So is daar aan Manie Maritz, "onverskrokke held van die Tweede Vryheidsoorlog, militêre bevelvoerder en kenner van die Noordweste en goeie vriend van die Duitswes-Afrikaners en Duitsers, gelas om oefenkampe by Kakamas en Upington vir die burgermägeenhede van dié streek in te rig."¹ Beide die kampe moes op 4 September 1914 begin. Die kamp te Kakamas het bestaan uit jong burgers, meestal vrywilligers van Calvinia, Clanwilliam en 'n klompie van Kenhardt en Namakwaland. Hulle bevelvoerder was kommandant A. Stadler. Die kamp te Upington was net soos Kakamas digby die Duitse grens en het bestaan uit jong burgers, "seuns" soos Manie hulle graag genoem het. Hulle was lede van die Aktiewe Burgermag en afkomstig van Prieska, Carnarvon, Victoria-Wes, Upington en 'n deel van Kenhardt, asook 'n klompie vrywilligers. Hulle bevelvoerder was kommandant Piet De Villiers (Piet Mof). Die gesamentlike mag onder Maritz se opperbevel het bestaan uit 1 066 burgers, 61 persone vir departementele dienste en 204 Swartmense.²

-
1. M.C.E. van Schoor: Die Rebelleie (2), Die Huisgenoot, 14 Augustus 1964, p. 22.
 2. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.68.

In albei bogenoemde kampe was die gesindheid uit die staanspoor "onbevredigend."³ Gerugte dat die regering Duits-Suidwes-Afrika gaan inval, was aan die orde van die dag. Soos in Transvaal en die Vrystaat het dié gerugte die gemoedere in Noordwes-Kaapland ook hoog laat loop, veral onder die ouers van hierdie jongmanne. Sub-inspekteur G.R.C. Baston, wat op 12 September te Upington arriveer het as politieke kommissaris terwyl die Zuid-Afrikaanse Berede Skutters (ZABS) na die front gegaan het op aktiewe diens, het bevind dat beide die dorp Upington en Maritz se kamp in die nabijheid daarvan siedende was van opstand en ontrou.⁴ Daar het, volgens Baston, ook geen probleem bestaan om nuus van Duits-Suidwes-Afrika te verkry nie, terwyl die Duitsers weer, op een of ander geheimsinnige wyse, regstreeks nuus van die Unie verkry het. Hierdie gebeure het Baston so verontrus dat hy by sy hoofkantoor in Pretoria aan die hand gedoen het dat kryqswet geproklameer behoort te word in Upington en die omliggende buurt. Hierdie saak is deur Pretoria na Maritz verwys, wat verklaar het dat hy nie die nodigheid daarvan insien nie; trouens, hy het Baston duidelik laat verstaan dat hy hom nie met sy (Maritz) se sake moes bemoei nie.⁵ Die toestand in die Kakamaskamp was ewe onbevredigend. Ofskoon daar volgehoue gerugte was dat die Duitsers (die grens) nader, is die manskappe na die driwwe gestuur sonder wapens en ammunisie, waarvan daar 'n oorvloed in die kamp was. Wanneer daar by Maritz hieroor gekla is, het hy geweier om wapens en ammunisie uit te reik en as voorwendsel aangevoer dat daar nie voldoende wapens beskikbaar was nie en dat dit 'n vredesoefening was.⁶

-
3. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naa de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 17.
 4. Ibid., p. 17.
 5. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naa de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van G.R. Baston, p. 44.
 6. Ibid., Getuienis van D.P. Rousseau, p. 5; J. Williamson, p. 19; K.D.C. van Zijl, p. 21.

Ook onder die offisiere van Maritz het daar onrus geheers. Sou hulle ook gebruik word om Duits-Suidwes-Afrika aan te val? Hulle bevelvoerder, luit.-kol. Maritz, het geen vinger verroer om die gemoedere te kalmeer nie. Trouens, sy uitlaatings teenoor sy offisiere het meegewerk om die spanning te verhoog. Hy het onomwonde verklaar dat hy Suid-Afrika teen 'n Duitse aanval sou verdedig maar hy sou geen veroweringswerk vir Brittanje doen nie.⁷ Teenoor die ouers van die jong burgers onder sy bevel, het Maritz by meer as een geleentheid die versekering gegee dat hy dié seuns, wat aan hom toevertrou was, nie oor die grens sou neem nie en dat hulle slegs op 'n vredesoefening was. Andersinds het hy die hoop uitgespreek dat hy nie gedwing sou word om oor die grens te gaan nie, want daartoe was hy nie bereid nie.

Uitgeslape kalant wat hy was, het Maritz te Upington met groot omsigtigheid te werk gegaan om te verhinder dat sy planne uitlek, hoewel hy en sy medepligtiges in die woorde van prof. Leo Fouché besig was om die "saad van oproer te saai; muiterij onder die troepe voor te berei..."⁸ Van verraad was daar op hierdie stadium egter geen sprake nie.

Maritz het ook daarop gewys dat hy geen offensief met 'n klomp jong en onervare manskappe kon begin nie en dat soiets ook teen die wense van die ouers was. Hy het verder gekla dat hy weinig steun van die regering ontvang het wat hom nie van voldoende ammunisie en voorrade voorsien het nie.⁹ Omdat die gebrek aan voorrade een van Maritz se vernaamste grieve teen die regering was, verdien hierdie klag nadere ondersoek. Die Regterlike Kommissie van ondersoek na die oorsake van die Rebellie het sy bevindinge in 1916 grootliks gebaseer op die getuienis van kol. M.C. Rowlands, waarnemende Sekretaris van

-
7. M.C.E. van Schoor : Die Rebellie (2), Die Huisgenoot, 14 Augustus 1914, p. 23.
 8. U.G. 10 - '15: Rapport over het uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 21.
 9. Scholtz, G.D.: Die Rebellie, 1914 - 1915, pp. 113 - 114.

Verdediging, en hierdie klag van Maritz as ongegrond uitgewys. Trouens, daar is periodiek genoegsame ammunisie en toerusting afgelewer.¹⁰ Kol. Rowland het in sy getuienis aangevoer dat Maritz se aanvraag om voorrade so buitensporig was dat hy vir kapt. Laurenson spesiaal na Prieska, die destydse voorrade-depot, gestuur het om die aangeleentheid te ondersoek.¹¹ Laurenson het, nadat hy Prieska bereik het, met Maritz in verbinding getree, maar Maritz het ge=weier om hom in Upington te ontvang. Laurenson kon eers na die aankoms van maj. B.G.L. Enslin, wat doelbewus in Maritz se laer deur Smuts geplant is as hoof van Maritz se staf om die ware toedrag van sake uit te vind, vanaf Prieska na Upington vertrek om dié aangeleentheid te ondersoek. Enslin het bevind dat Maritz se klag ten opsigte van kanonne geregtig was.¹² Indien die voorrade-lys, wat deur Rowlands ingehandig is tydens Maritz se summiere verhoor in die Kaapse Hooggereghof in 1924, ondersoek word, val dit op dat Maritz uiters gebrekkig toegerus was met kanonne, maar dat hy andersinds oor genoegsame voorrade beskik het.¹³ Rowland het wel toegegee dat daar soms onvoorsiene vertragings met die aflewering van voorrade was.

Maritz se dringende aanvraag om ammunisie en voorrade kan bes moontlik in verband gebring word met sy planne vir 15 September. Soos reeds bekend, het Maritz met dr. T. Seitz die

-
10. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 18; U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van M.C. Rowland, p. 141.
 11. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van M.C. Rowland, pp. 141 - 142.
 12. Ibid., Getuienis van B.G.L. Enslin, p. 156.
 13. C.S.C. 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk F, Voorrade=lys ingehandig deur M.C. Rowland, pp. 1 - 2.

Duitse goewerneur van Duits-Suidwes-Afrika gereël dat hy Beyers op daardie dag op die grens sou ontmoet om 'n finale ooreenkoms te beklink. Die uurglas het reeds vir Maritz begin leegloop. So vroeg as 25 Augustus het hy Beyers telegrafies versoek om die kamp te Upington te besoek en tot 10 September het hy nog niks van Beyers verneem nie. Dit is moeilik om vas te stel wat Maritz se reëlings met die Duitsers op hierdie stadium behels het. Terwyl hy in Upington was, het hy 'n paar keer die kamp verlaat en na die grens gegaan, oënskynlik met die doel "om die toestand te verken." Die werklike rede kon wees om "met die Duitsers in aanraking te probeer kom."¹⁴

Om enigsins Maritz se verdere optrede te begryp, is dit nodig om enkele verwikkellings in Transvaal, hetsy bekend of onbekend aan Maritz, in perspektief te plaas, want hierdie gebeure het die latere optrede van Maritz beïnvloed en hom geneop om sy aanvanklike planne te wysig.

Geboure rondom de la Rey, de Wet en Kemp

Genl. de la Rey het tydens sy onderhoud met genls. Botha en Smuts te Pretoria op 13 Augustus 1914 verneem van die regering se voorneme om Duits-Suidwes-Afrika aan te val. By hierdie geleentheid het hy dan ook vir Smuts gewaarsku dat baie offisiere uit die weermag sou bedank indien die regering sou voortgaan met sy invalsplanne.¹⁵ Gedurende Augustus het hy kennis gekry dat die parlement op 9 September sou vergader.¹⁶ De la Rey was so ontnugter deur die optrede van

14. Scholtz, G.D.: Die Rebellion, 1914 - 1915, p. 114.

15. Webb, H.S.: Causes of the Rebellion, p. 28.

16. PM Union: 1/1/475, Correspondence files I-S, 1914 Jan.- Dec., Leer R-e: De la Rey - Botha, 19 Aug. 1914; PM Union: 1/1/362, Correspondence files 1-8, Leer 1/19, Vol.I, Parliament Meetings and Prorogations, Omsendbrief 21 Aug. 1914. Ongepagineerd.

Botha en Smuts dat hy aanvanklik besluit het om nie die parlementsitting by te woon nie. Hy was oortuig dat die Volksraad óf teen die voorstel sou stem, óf dat die bedanking van die offisiere die regering sou verplig om ook te bedank.¹⁷

Op 3 September het genl. de Wet, wat self gekant was teen 'n aanval op Duits-Suidwes-Afrika, vir de la Rey op sy plaas Elandsfontein besoek, met die klaarblyklike doel om homself te vergewis van de la Rey se standpunt.¹⁸ Die twee ou strydrosse uit die Anglo-Boereoorlog moes hulle taktiek voorentoe uitvoerig bespreek het. De la Rey het de Wet meegeel dat Beyers en ander offisiere sou bedank maar dat dié feit dig gehou moes word. Hyself sou die parlementsitting bywoon (waartoe de Wet hom oorreed het) "om sy volk te red." Klaarblyklik het de la Rey vir de Wet die sluier oor sy toekomsplanne gelig, nl. dat indien die regering met sy invalsplanne sou voortgaan, hy na Transvaal sou terugkeer, protestvergaderings sou reël, sy ondersteuners sou versamel en na Pretoria sou opruk waar die Vierkleur gehys sou word.¹⁹ Inderdaad het de la Rey dus nie sy voorneme laat vaar om 'n staatsgreep deur te voer nie.

Onderweg na Kaapstad het de la Rey die oefenkamp by Potchefstroom,²⁰ waar 'n afdeling Wes-Transvalers onder bevel van maj. Jan Kemp saamgetrek was, aangedoen. Kemp het de la Rey toegelaat om die burgers toe te spreek. Dit was 'n kort maar

-
17. Webb, H.S.: Causes of the Rebellion, p. 28.
 18. Harm Oost-versameling: A69, No.24, Ooggetuie verslae van gebeure, 1914 - 1915, Mededeling deur I.E. Claassens (ongepagineerd); Webb, H.S.: Causes of the Rebellion, pp. 27 - 28.
 19. Spies, S.B.: The Rebellion in South Africa, 1914 - 1915, p. 93.
 20. Die oefenkamp was ingevolge besluite van 14 Augustus, byeengeroep van 2 September tot 16 September 1914.

dubbelsinnige toespraak waarin de la Rey 'n beroep op die burgers gedoen het om nieteenstaande die onsekere omstandigheid te alle tye lojaal aan hulle offisiere te bly.²¹

Dié aand aan huis van Kemp, is verder beraadslaag oor toekomstige optrede. De la Rey sou die parlement meedeel dat hy die regering se aanvalspolitiek nie kon ondersteun nie en indien die regering daar mee sou volhard, sou hy na Potchefstroom terugkeer en op eie gesag optree. Die gelyktydige ontslag van die offisiere sou bewerkstellig word en de la Rey sou sy senatorskap neerlê.²² Majoor Kemp sou ondertussen reël met mnr. A.H. Koomans, redakteur van Het Westen, vir die druk van die onafhanklikheidsproklamasie van die Republiek en origens sorg vir genoegsame rapportryers en motorfietse om by de la Rey aan te sluit, terwyl de Wet die nodige voorbereidings in die Vrystaat sou tref. Hier is ook 'n verdere belangrike besluit geneem, nl. dat genl. Beyers aktief by hulle planne betrek moes word. De la Rey sou dienooreenkommstig na die parlementsitting na Pretoria gaan om Beyers daartoe oor te haal. Kemp sou intussen geen verdere stappe doen totdat Beyers en de la Rey weer by hom aansluit nie.²³

Op sy reis na Kaapstad het de la Rey onder die Volksraadslede steun probeer werf vir sy planne om 'n republiek uit te roep, hoewel hy sy planne met die enkele uitsondering van genl. Tobias Smuts aan niemand openbaar het nie.²⁴ Die tydperk wat die parlementsitting voorafgegaan het, was gekenmerk

-
21. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 154.
 22. Ibid., p. 154; Webb, H.S.: Oorzaken van de Rebellie, p.28.
 23. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 154 - 155.
 24. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, pp. 90 - 91; U.G. 42 - '16 : Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. T. Smuts, p. 111.

deur ontevredenheid onder 'n groot gedeelte van veral die Afrikaanssprekende bevolkingsdeel. Die regering het ook nie veel gedoen om enigsins die spanninge te ontlaai nie; intendeel, die amptelike voorbereidings vir die Duits-Suidwes-Afrika ekspedisie het eerder bygedra om die gespanne atmosfeer te verhewig. Die redakteur van De Vriend des Volks het gewaarsku dat die regering te geheimsinnig was en nie die volk in sy vertroue neem nie.²⁵ Botha en Smuts was natuurlik reeds gekompromitteer deur die kabinettsbesluit van 10 Augustus waardeur gehoor gegee is aan die Britse versoek om Duits-Suidwes-Afrika binne te val. Tog was daar binne en buite die koukus van die Suid-Afrikaanse Party bedenkings ten opsigte van die voorgename inval wat eers besweer moes word.²⁶

Hierna het Botha ook die parlementêre debat oor die oorlogs-kwessie oorleef. Hy het ten aanvang voorgestel dat die Britse koning verseker kan wees "van de loyale ondersteuning van de Unie om de gewichtige strijd die hem werd opgedrongen in de verdediging van de beginselen van vrijheid en van internationale eer tot een gunstige uitslag te brengen en van de vaste beslistheid van dit land om alle maatregelen te nemen die nodig zijn voor de verdediging van de belangen van de Unie en voor de samenwerking met de Rijksregering van Zijne Majesteit om de veiligheid en ongeschondenheid van het Rijk te bewaren..."²⁷

Ter ondersteuning van dié mosie het Botha daarop gewys dat Suid-Afrika, as onderdeel van die Britse Ryk, ipso facto ook in die oorlog betrokke is. Suid-Afrika sou een van twee

25. De Vriend des Volks, 27.8.1914. Hoofartikel.

26. Fremantle-versameling: A608, No.26, Dagboekinskrywing, 7.1.1914; F.S. Malan-versameling: A583, No.65, Dagboekinskrywing, 29.9.1914.

27. Hansard: Unie van Suid-Afrika, 9.9.1914, kol.86.

weë moes kies, naamlik één van trou, plig en eer teenoor een van afvalligheid en eerloosheid.²⁸ Botha het voorts die sentiment van die volk gestreeel met sy opmerking dat hy die Suid-Afrikaanse volk ken en dat die weg van verraad en eerloosheid nie by dié volk bestaan het nie. By die awesigheid van eerloosheid was dit dan "die eerste plig van elke volk om sy plig te doen, en die regering meen dat hulle trou by die Ryk in sy uur van gevaar moet staan."²⁹ Vervolgens het Botha 'n oorsig gegee van die stappe wat die regering reeds geneem het sedert die uitbreek van die oorlog: dat hulle ingestem het tot die onttrekking van die Britse troepe; dat die land sy eie verdediging sou waarneem, waarvoor sekere troepe-afdelings reeds opgekommandeer is, en dat die regering toegestem het tot die verowering van sekere radiostasies in Duits-Suidwes-Afrika, want dit sou 'n besondere diens aan die Ryk wees.³⁰

Botha het sy saak ook probeer regverdig deur knaphandig gebruik te maak van Duitse aggressie, d.w.s. die insidente by Nakob en Schuitdrift, en verklaar dat die regering dus nie anders kon as om die ekspedisie te onderneem nie.³¹ Hy het burgeroorlog voorsien indien die Unie neutraal sou bly.³² Sir Thomas Smartt, leier van die Unioniste, het nie net hierdie mosie gesekondeer nie, maar ook daarop gewys dat die regering die reg het op die ondersteuning van die hele volk.³³ Genl. Hertzog het, nadat sy voorstel dat die debat tot die volgende dag uitgestel moes word verworp is, teen die mosie

28. Hansard: Unie van Suid-Afrika, 9.9.1914, kol.87.

29. Ibid., kol.87 - 88.

30. Ibid., kol.87 - 88.

31. Ibid., kol.89 - 90.

32. Ibid., kol.87.

33. Ibid., kol.94.

gepraat en daarop gewys dat die inval in Duitswes voorgehou word as 'n verpligting wat op Suid-Afrika rus. Hertzog het toegegee dat Suid-Afrika wel by die oorlog betrokke was, maar dit was nie Suid-Afrika se oorlog nie; trouens, dit was strydig met Suid-Afrika se belang om Duits-Suidwes-Afrika aan te val.³⁴

Genl. Smuts het sy toespraak toespits op Duitse aggressie, wat nie net in Europa gepleeg is nie, maar ook in Suid-Afrika; want die Duitsers het reeds troepe oor die grens gestuur en Nakob beset. Die regering het trouens oor bewyse beskik dat die Duitse regering met begerige oë na Suid-Afrika gekyk het,³⁵ aldus Smuts.

Botha en Smuts het in dié Nakob-incident doelbewus te veel gelees. Geruime tyd voor die parlementsitting het Botha teenoor Sir Thomas Smartt erken dat dié voorval onbelangrik was. Die adjudant van die "South African Mounted Rifles" (S.A.M.R.) te Kimberley het immers ook op 22 Augustus 1914 berig dat die incident nouliks as 'n inval bestempel kan word.³⁶

Op 12 September 1914 is Botha se voorstel met 92 teen 12 stemme aanvaar. Hierna is die aangeleentheid deur die Senaat bespreek. De la Rey het hiertydens in 'n opvallend onsamehangende toespraak beklemtoon dat hy teen die oorlog gekant was. Hy het nie aan die stemming deelgeneem nie, maar die saal onmiddellik na sy toespraak verlaat. Buite het genl. Botha, wat hom gevolg het hom geroep, gevra waarheen hy gaan en wat hy in die mou voer. De la Rey het hierop geantwoord:

34. Hansard: Unie van Suid-Afrika, 9.9.14., kol. 101 - 109.

35. Ibid., kol. 120.

36. AG 21/9199: Leer 1456/14, Nervous Unrest amongst the Public of the North West. Ongepagineerd.

"Generaal dis nou die tyd om die plegtige ooreenkoms, wat jy en ek en de Wet gemaak het by Vereeniging, uit te voer en ons vryheid terug te vat." ³⁷ Hierop het genl. de la Rey, soos ooreengekom met Kemp, en ook op versoek van Beyers, na Pretoria vertrek.

Intussen was genl. Beyers in Pretoria onbewus van die oorlegpleging tussen de la Rey, de Wet en Kemp. Na aanleiding van gerugte wat hom ter ore gekom het, het hy op 5 September 1914 vir de la Rey op sy plaas Elandsfontein getelegrafeer dat hy hom op 12 September in Pretoria wou spreek. ³⁸ Familie-lede het Beyers in kennis gestel dat de la Rey na Kaapstad vir die spesiale parlementsitting vertrek het. Hierop het Beyers aan de la Rey te Kaapstad getelegrafeer dat hy hom op Maandag 14 September of Dinsdag 15 September in Pretoria wou ontmoet. ³⁹ De la Rey het op 10 September bevestig dat hy Beyers na die parlementsitting sou ontmoet. ⁴⁰ Op dieselfde dag het Beyers aan genl. de Wet te Memel getelegrafeer dat hy nie na Pretoria moes kom nie, want hulle vriend (de la Rey) kon nie daar wees nie. ⁴¹ Die afleiding kan uit hierdie telegram gemaak word dat daar met de Wet ooreengekom was om ook op 12 September in Pretoria te wees. ⁴² Ook Kemp was ontbied om op 12 September in Pretoria te wees. ⁴³

-
37. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.116; Harm Oost-versameling, A69, No.24, Herinnerings, Ooggetuie verslae van gebeure, 1914 - 1915, Verklaring van N.W. Serfontein, 12 Sept. 1914. Ongepagineerd.
 38. U.G. 10 - '15: Rapport over het uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 15.
 39. Ibid.
 40. Ibid.
 41. Ibid.
 42. Spies, S.B.: The Rebellion in South Africa, 1914 - 1915, p. 95.
 43. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 21.

Maritz het intussen ook kriewelrig begin raak omdat hy nog geen antwoord van Beyers na aanleiding van sy telegram van 25 Augustus ontvang het nie. Daar was slegs vyf dae oor voor 15 September, die beplande ontmoetingsdatum tussen Beyers en Seitz, die Duitse goewerneur, toe Maritz op 10 September andermaal van hom laat hoor het. Hy het getelegrafeer dat hy dit wenslik ag dat Beyers die burgers persoonlik moes kom toespreek in die kampe van Upington en Kakamas. Beyers moes ook, indien hy kom, berig wanneer hy daar sou wees. Origens het Maritz hom geras gestel dat alles stil, rustig en in goeie orde was.⁴⁴ Ten antwoord het Beyers op 11 September vir Maritz dringend na Pretoria ontbied; as hy nie kon kom nie, moes Joubertjie kom.⁴⁵

Maritz het Joubertjie gestuur. Hy was bevrees dat as hy persoonlik na Pretoria gaan, Smuts hom nie weer sou toelaat om na Upington terug te keer nie.⁴⁶ Dit was by dié geleentheid dat Joubert vir de la Rey ontmoet het wat self onderweg was na Pretoria, ingevolge die reeds vermelde boodskap van Beyers.

Op 13 September 1914 was Kemp in Pretoria by Beyers. Beyers het hom meegedeel dat hy gaan bedank, aangesien die parlement die regeringsplanne om Duits-Suidwes-Afrika in te val goedgekeur het. Hy het ook verklaar dat hy die rebellieplanne van Kemp nie ondersteun nie. Beyers was vasbeslotte

44. U.G. 10 - '15 : Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 21.

45. Ibid., p. 15.

46. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 71.

om nie te rebelleer nie, alhoewel Kemp hom tot ander insigte wou oorreed. Beyers sou bedank en wou ook hê dat ander offisiere wat soos hy voel moes bedank, want indien al die offisiere sou bedank sou die regering nie sy invalsplanne kon uitvoer nie.⁴⁷

Kol. Hendrik Mentz, van die speurdiens wat 'n mede-passasier van de la Rey en Joubertjie was, was so verontrus oor die gesprek tussen Joubert en de la Rey dat hy die polisie in Pretoria gewaarsku het dat hy (Joubert) 'n verraaier is en dat hy kom om moeilikheid te veroorsaak.⁴⁸ De la Rey en Joubert het net tot op Germiston saamgereis. Hiervandaan is de la Rey na Johannesburg en Joubert na Pretoria. De la Rey is na Johannesburg om doelbewus die speurders, wie hy vermoed het hom sedert die aanvang van sy reis agtervolg het, te mislei. Joubert moes aan Beyers die boodskap oordra dat hy de la Rey in Johannesburg moes kom spreek. Joubert het Beyers reeds vanaf Bloemfontein verwittig dat hy na hom onderweg was. Omdat die trein na Pretoria laat was, het Joubert en Beyers mekaar daar die aand misgeloop. Hy het Beyers eers die volgende dag ontmoet. Joubert het de la Rey se boodskap oorgedra en Beyers meegedeel dat alle sake gereël was vir 15 September, waarop Beyers hom meegedeel het dat hy geen verdere planne het nie, want hy gaan daardie selfde dag bedank.⁴⁹ Kemp, wat ook later daardie aand vir Joubertjie gesien het, het opgemerk dat Beyers sou gesê het dat hulle hulself "daar onder moes reghou, maar nie moes begin nie."⁵⁰ Dié middag

-
47. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 187 - 188.
 48. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p. 120; Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 170.
 49. Scholtz, G.D.: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914, p. 304.
 50. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 171.

was Joubertjie terug by de la Rey in Johannesburg. Beyers het nie dadelik reageer op die boodskap van de la Rey nie. Trouens, hy het nie na Johannesburg gegaan nie, maar sy vrou en broerskind Jean gestuur om de la Rey in Johannesburg af te haal. Terug in Pretoria het hulle byeengekom in die woning van sy broer Piet in Walkerstraat, Sunnyside. Van die daaropvolgende gesprek tussen de la Rey en Beyers is weinig bekend, behalwe wat aan etenstafel meegedeel is, nl. dat Beyers saam met de la Rey na Potchefstroom sou gaan. Uit die gesprek het dit ook duidelik geblyk dat Beyers nie te gretig was om te gaan nie, want hy het daarop aangedring dat hulle eers die volgendeoggend moes gaan terwyl de la Rey daarop gewys het dat hy "die seuns" belowe het dat hy reeds daardie aand op Potchefstroom sou wees. Op hulle heenreis na Potchefstroom is de la Rey daardie aand te Langlaagte deur 'n opslagkoeël van 'n polisieman gedood wat 'n waarskuwingskoot gevuur het toe die motor nie by 'n padblokkade stilgehou het nie.

Hierdie gebeure tot en met die bedanking van Beyers, is al deur verskeie historici uitgepluis. 'n Gewilde aflesing is 'dat Beyers al die offisiere rondom 12 September in Pretoria byeen wou hê om die sameswering (komplot, rebellie) teen die regering te finaliseer, en dat hy dus die hooffiguur in dié komplot was. Ander navorsers weer het die teendeel bevind, nl. dat Beyers se latere optrede nooit met rebellie gestrook het nie. Hoe en watter argumente ookal aangevoer is, dit bly weinig meer as spekulasië. Kemp was egter oortuig daarvan dat indien de la Rey wel in Potchefstroom sou opgedaag het die rebellie daardie nag in die kamp te Potchefstroom sou begin het.⁵¹ Hy het egter ook by die aanhore van de la Rey se dood te kenne gegee dat

51. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 189.

dit 'n teken van God was dat daar nie met die rebellie voortgegaan moes word nie.⁵² In dieselfde asem het hy egter ietwat desperaat opgemerk dat hulle darem nog vir Maritz op die grens gehad het.⁵³

Voorgaande breedvoerige uiteensetting dien om te bewys dat Maritz tot op hierdie stadium min of meer op die hoogte was van die meeste planne van die Transvaalse leiers. Behalwe de la Rey en de Wet was die ander leiers ook bewus van Maritz se voorneme. Hierna sou Maritz op eie houtjie optree, en hoewel die ander leiers geen aandeel aan sy optrede gehad het nie, is hulle tog onregstreeks daarby betrek.

Maritz se dilemma

Sedert Joubertjie se vertrek na Pretoria, het Maritz angstig gewag op enige tyding van Beyers maar niks het gebeur nie. Daar het egter enkele gebeure in Duits-Suidwes-Afrika plaasgevind, wat later 'n groot rol sou speel in die verdere optrede van Maritz. Die broers Andries en veral Piet de Wet wat geen onbekendes by Maritz was nie en met wie Maritz al by 'n vorige geleentheid onderhandel het, het hulle beywer vir die oprigting van 'n militêre mag, die Vrykorps, om hulle mede-Afrikaners in die Unie te help in hul stryd om die verkryging van hulle onafhanklikheid.⁵⁴

-
- 52. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van kol. N.J. Pretorius, p. 67.
 - 53. U.G. 10 - '15 : Rapport over het Uitbreken der Rebelie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 20.
 - 54. CSC. 119B (1923) : Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van P.G. de Wet, p. 13.

In hulle beroep op hulle mede volks- en geloofsgenote in Duits-Suidwes-Afrika het hulle beweer dat hulle oor onweerlegbare getuienis beskik dat die Boerevolk van Suid-Afrika hulle gaan bevry van die lank en ongewilde Engelse heerskappy; hulle het egter nie net hulp nodig gehad nie, maar ook 'n basis vanwaar die vyand aangeval kan word. Hulle het Suidwesters verseker dat die Duitse regering aan elke Boer verlof verleen het om by wyse van 'n kommando, die Afrikaners in Suid-Afrika te help te snel. Hulle kon ook van die Duitse regering sonder vergoeding gewere, ammunisie, kanonne en artilleriste bekom. Indien hulle nie tot aksie sou oorgaan nie, sou hulle hul aan pligsversuim teenoor hulle eie vlees en bloed skuldig maak. Ten slotte is Suidwesters uitgenooi om op 10 September in Windhoek 'n vergadering by te woon waar hulle met die goedkeuring van goew. Seitz 'n korps sou stig.⁵⁵ Die proklamasie van die stigting van die Vrykorps, onderteken deur dr. Seitz op 16 September 1914, het in die offisiële Staatskoerant te Windhoek verskyn.⁵⁶

Intussen het die Suid-Afrikaanse regering ook nie stilgesit nie. Op 14 September het kol. F. Dawson, bevelvoerder van die ZABS, 'n onderafdeling van die mag van genl. Lukin, die Duitse polisiepos te Ramansdrift beset en verower. Ramansdrift lê op die noordelike oewer van die Oranjerivier en meer as 160 kilometer ten weste van Schuitdrift. Soos

-
55. GG Union: 9/59/11, Leer 134/29/9199, Secret 1/10/14, War 1914, Telegram van Landdros van Port Nolloth. Ongepagineerd.; U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden van de Recente Rebellion in Zuid-Afrika, Bylaag Q, p. 142; S.C. 1 - '15 : Report of the Select Committee on the Rebellion, Exhibit L, p. IX-X.
56. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellion in Zuid-Afrika, pp. 142 - 143.

by Schuitdrift was die Unie- en Duitse polisieposte aan teenoorgestelde kante van die rivier. Kol. Dawson het slegs een ongeval gehad en het vyf Duitse troepe gevange geneem.⁵⁷ Hierdie was dus die eerste aanval van Unietroepe binne Duitse grondgebied. Op dieselfde dag is Swakopmund vanuit die see deur 'n Britse kruiser, die Armadale, gebombardeer. Op 15 September het 'n sterk afdeling Unie-troepe (Mag C) by Lüderitzbucht geland en die hawe en dorp beset.

Hierdie optrede van Unie-troepe het veroorsaak dat die Duitsers hulle enigsins passiewe houding laat vaar het. Daar sou teruggeslaan word en hiervoor sou die Vrykorps gebruik word. Die Duitse bewindhebbers wou ook politieke voordeel uit die saak trek deur voor te gee dat die Duitse optrede nie teen die Afrikaners in die Unie gerig was nie. Dr. Seitz het op 15 September 1914 'n "Proklamasie aan die Boerevolk van Suid-Afrika" uitgevaardig. Hierin het hy verklaar dat die Engelse troepe, die oorlog van Europa na Suid-Afrika oorgeplaas het toe hulle die Duitse polisiepos te Ramansdrift verower het. Hy het uitdruklik verklaar dat die Duitsers geen oorlog teen die Boerebevolking sou voer nie, maar dat hulle aan die anderkant die aanvalle van die Engelse troepe orals met alle mag sou teëgaan.⁵⁸

Die Vrykorps was 200 man sterk en angevoer deur Andries de Wet. Op 16 September 1914 het hulle die Suid-Afrikaanse

-
57. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naer de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 16; U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naer de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van A.E. Trigger, p. 370.
58. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie naer de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 16.

polisiepos te Nakob aangeval. Korporaal Coulter en ses van die ZABS was aan diens. Nadat Coulter geweier het om die polisiepos oor te gee, is hy met grofgeskut bestook. Coulter is gedood en skutter J. Human is gewond. Na oorgawe is almal behalwe I.M. Botes as krygsgevangenes na Duitswes oorgeplaas. Eers het Andries de Wet vir Botes probeer ompraat om by die Vrykorps aan te sluit. Toe Botes weier, het hy hom versoek om behulpsaam te wees om 'n brief in die Unie (Kakamas) af te lewer. De Wet en sy tussen-ganger, ene Learm, wou nie openbaar aan wie die brief afgelewer moes word nie.⁵⁹ Uit latere gebeure is dit egter duidelik dat dit Maritz was en waarskynlik inligting oor die Duitse owerheid bevat het, want kort hierna het Fred MacDonald ("Kalahari Mac") aan wie die brief oorspronklik afgelewer is, in opdrag van Maritz, na Duitswes vertrek. De Wet was egter weinig meer as 'n avonturier wie se eskapades op die grens doelbewus daarop gerig was om die heersende onsekerheid vir eie voordeel uit te buit.

Drie dae na die skermutseling by Nakob het die Vrykorps die landdroskantoor van Rietfontein in Gordonia-distrik beset en verower. Rietfontein was die verste noordelike voorpos van Suid-Afrika aan die grens van Duitswes. Die assistent-landdros, D.K. Stewart, en enkele lede van die ZABS wat aldaar gestasioneer was, is gevange geneem en na Windhoek gestuur.⁶⁰

59. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 16; U.G. 42 - '16: Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van I.M. Botes, p. 10; J.J. Human, pp. 17 - 18.

60. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 16.

Beide botsings was vir Maritz 'n verleentheid; dit kon sy goeie verhoudings met die Duitsers versteur en les bes dit kon selfs sy planne in die wiele ry. Hy sou dus vinnig moes optree voordat sake dalk hande uitruk.

Toé Maritz en kapt. P. de Villiers op 16 September 1914 van patrolliewerk aan die Oranjeriviergrens teruggekeer het, het hulle onderweg na Upington op Keimoes telegrafies berig van die dood van genl. de la Rey ontvang.⁶¹ Veel later, tydens 'n gesprek met kmdt. P.L. du Plessis, wat toe 'n gevangene van Maritz was, het Maritz bekend dat die dood van de la Rey 'n einde aan al hulle planne gemaak het.⁶²

Maritz en de Villiers het onverwyld na Upington teruggekeer. Sy probleme het egter nou vermenigvuldig: de la Rey was dood; Beyers sowel as Kemp het bedank en 15 September het verbygegaan sonder dat die ontmoeting met dr. Seitz, die Duitse goewerneur, op die grens plaasgevind het. Dr. Seitz en sy geselskap het wel by die grens opgedaag maar nie Maritz of Beyers nie. Maritz se ooreenkoms met Seitz was in die weegskaal. Joubert was teen hierdie tyd reeds terug op Upington na sy besoek aan Pretoria. Hy en Maritz het besin oor die toekoms. Dit was vir Maritz allernoodsaakklik dat 'n verstandhouding met die Duitsers bereik moes word. Joubert moes daarvoor na die grens gaan. Gevolglik het Maritz aan luit. H. Bergmann, een van sy intieme vertrouelinge, opdrag gegee om 'n militêre pos te Cnydas, tussen Upington en Nakob op te rig.⁶³ Kaptein Joubert

-
61. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 207.
 62. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van kmdt. P.L. du Plessis, p. 165.
 63. Harm Oost-versameling: A220, No. 28, Die Rebelle, p. 71.

vergesel van luit. Botes en luit. Bergmann het in die rigting van Nakob na die grens vertrek. Naby die grens het Bergmann en sy vier manskappe weggedraai. Joubert en Botes het die grens laat-aand bereik waar hulle nie mand gevind het nie. Hulle het 'n brief met die boodskap dat sake nog nie agtermekaar is nie agtergelaat. Dit het agt dae daar gelê voordat P. de Wet dit gekry het, waarop hy vir Ben Lubbe, 'n boer van Arries, daarmee na Kakamas gestuur het.⁶⁴ Die boodskap, wat amper in die hande van die polisie gevval het, aan kmdt. Stadler en kapt. Louw was dat die Duitsers ongeduldig was omdat geen Boer nog by die grens opgedaag het nie; dat die de Wets slaggereed was en ook wou weet hoe sake vorder.⁶⁵ Nadat hy vir Joubert ontmoet het, is Lubbe terug. Hy het P. de Wet meegedeel dat hy nie meer verdere rapporte oor die grens moes stuur nie, want dit kon moeilikheid veroorsaak. Dit het meegebring dat Maritz eers weer in Oktober met die de Wets kontak gemaak het. Maritz was, en dit is nie duidelik waarom nie, nie bewus van Ben Lubbe se besoek nie.⁶⁶

Omdat Maritz nie daarin geslaag het om suksesvol met die Duitsers kontak te maak nie, het hy steeds gehoop dat die opstand in Transvaal sou begin. Hy het volgens eie getuienis verwag dat dit die dag met die begrafnis van de la Rey sou begin.⁶⁷ Op 17 September het hy 'n telegram van Smuts ontvang waarin nie net 'n opgawe van sy getalsterkte verlang is nie, maar hy ook gevra is of hy in 'n posisie was om onmiddellik te beweeg indien hy daartoe beveel word;

64. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 207.

65. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebelle, p. 71.

66. Ibid., pp. 71 - 72.

67. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 71; Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 207.

die minister wou ook weet of hy oor enige heliografiste beskik en het hom gemagtig om die nodige transport aan te koop.⁶⁸ Nog dieselfde aand het Maritz geantwoord dat daar 930 troepe was en dat hulle vorentoe sou kon beweeg maar die uitrusting wat hy aangevra het, was nog nie uitgereik nie; dat hy geen heliografiste het nie en dat hy geen ander taak het as om oefenkampe te organiseer nie.⁶⁹

Op 19 September het Maritz nie net 'n interessante nie, maar ook 'n betekenisvolle telegram ontvang. Hiervolgens is hy beveel om met die sterkste mag waарoor hy beskik op te ruk om dekking te bied aan Kakamas, Keimoes en Upington. Die Duitsers wat uit die rigting van Schuitdrift op Nakob in aantog was moes met alle mag teegehou word. Hy is voorts gerus gestel deur die inligting dat Lukin met 2 500 man Duitswes vanaf Port Nolloth sou inval, sodat die Duitsers dit nie sou waag om aansienlike troepemagte na Suid-Afrika te stuur nie omdat hulle dan op hul flanke en agterhoede kwesbaar sou wees. Maritz is ook aangeraai om met Lukin in verbanding te tree deur middel van rapportryers en boodskappers. Ten slotte is hy ingelig dat maj. Barney Enslin gestuur word om hom as stafhoof by te staan, dat die masjiengeweere-seksies vanaf Tempe na hom onderweg was, dat soveel heliografiste as wat beskikbaar was na hom gestuur sou word, en dat kapt. Laurenson op Prieska gestasioneer sou word om toesig oor die spoedige uitreiking van voorrade aan hom te hou.⁷⁰ Maritz se antwoord hierop was ewe interessant:

-
68. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk D, Telegram van Verdediging aan Maritz, G11/31, 17 Sept. 1914. Ongepagineerd.
 69. Ibid., Maritz aan Verdediging, C/11/14 Uw, J.11/31, 17 Sept. 1914. Ongepagineerd.
 70. Ibid., Verdediging aan Maritz, G29/31/9199, 19 Sept. 1914. Ongepagineerd.

hy het nog nie enige instruksies, behalwe dat hy hoof van Mag B is, ontvang nie; hy is nog nooit geraadpleeg nie en die enigste instruksies wat hom wel bereik het was om twee oefenkampe te organiseer, en hy verstaan dat die twee Engelse generaals wat vanaf die ander fronte opereer van perde en die nodige voorrade voorsien is. Maritz het ook bevestig dat hy bewus was van die feit dat perde aangekoop moes word in medewerking met die landdros en veearts; hy het voorts toestemming gevra dat die geld om eiennaars van wie perde opgekommandeer is, aan hom gestuur moes word, sodat die nodige betalings gedoen kon word. Hierna het die algemene toon van sy telegram meer uitdagend geword: sy instruksies moes hom vroegtydig bereik sodat hy sy beplannings kon doen; hy moes in alles geraadpleeg word omdat hy nie onder enige verpligting wou staan teenoor persone wat daardie gedeelte van die land nie ken nie, en ten slotte het hy gedreig om hom te onttrek indien hy nie toegelaat word om na goeddunke te handel en die aangevraagde voorrade ontvang nie.⁷¹ Dié telegram sou later reperkusies hê.

In antwoord hierop het Smuts in 'n telegram van 21 September ontwykend gebly ten opsigte van die kwessies waарoor Maritz 'n ondubbelsinnige uitspraak wou hê. Hy het sy spyt uitgespreek dat daar soveel redes vir klagtes was; dit was moeilik om alle benodighede te voorsien en hy het vertrou dat dit nie nodig sou wees om eenhede te verskuif voordat die nodige reëlings getref was nie. Hy het voordat hy na die parlementsitting is, Beyers spesiaal gevra om Maritz te raadpleeg sodat hy sy volle advies kon kry en ook die transportprobleme kon oplos; Beyers het

71. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewyssstuk D, Maritz aan Smuts, G22/31/9199, 19 September 1914. Ongepagineerd.

egter bedank en Maritz is versoek om die instruksies vervat in sy telegram van 19 September uit te voer.⁷² Op 22 September het Maritz geantwoord dat hy instruksies sou uitvoer en dat hy geen besware het om na die grens te gaan nie; hy het versoek om sy benodigdhede plaaslik te kommandeer sonder om eers magtiging van die Verdedigingshoofkwar-tier te verkry; hy het verder gemeld dat die burgers wie se perde geneem is nog steeds nie betaal is nie en ook dat die vyand te enige tyd kon aanval.⁷³

Intussen het Maritz 'n brief, gedateer 20 September 1914, van dr. Seitz ontvang, waarin gemeld is dat aangesien Maritz en die ander persone wat die ooreenkoms onderteken het nie daarin kon slaag om 'n inval in Duits-Suidwes-Afrika te verhoed of met wapengeweld teengestaan het nie,⁷⁴ die ooreenkoms verval.

Dit wou nou voorkom asof Maritz se wêreld in duie sou stort: op 21 September het die begrafnis van de la Rey in Lichtenburg plaasgevind en die verwagte opstand het uitgebly; sy knoeiery met die Duitsers het skynbaar misluk; Beyers en Kemp het bedank, en hy was totaal in die duister oor verwikkelinge in Transvaal. Boonop het die regering op 21 September by wyse van 'n proklamasie bekend gemaak dat niemand opgekommandeer sou word nie, slegs vrywilligers sou gebruik word vir binne- en buitelandse diens.⁷⁵ Laasgenoemde

72. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk D, Smuts aan Maritz, G22/31, 21 Sept. 1914. Ongepagineerd.

73. Ibid.,: Maritz aan Smuts, 11/43, G53/31/9199, 22 Sept. 1914. Ongepagineerd.

74. SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion, Evidence J.W.G. Leipoldt, p. 114.

75. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Proklamasie aan Staf-offisiere, Verdediging aan Disso, G No.246/l/9199, 21 Sept. 1914. Ongepagineerd.

was 'n briljante skuif van Smuts om die onrus onder die burgers te besweer en die dreigende rebellie te neutraliseer.

Smuts uitoorlê Maritz

Tot op hierdie stadium het Smuts nog steeds merkwaardig verdraagsaam teenoor Maritz opgetree, hoewel hy volgens alle aanduidings redelik op die hoogte van al Maritz se manipulasies was. Dit wil egter voorkom asof Smuts ná Maritz se telegram van 19 September besluit het om 'n einde aan die uitoorlêspel te maak waarmee sy bevelvoerder oor militêre distrik No. 12 reeds gesiene tyd besig was. Gedurende die week ná 19 September het Smuts stelselmatig die een na die ander skuiwergat waardeur Maritz nogmaals kon ontsnap, afgesluit. Daarna sou die uitgeslapen Smuts sy eertydse vriend en wapenbroer geen ander keuse laat as om te rebelleer nie.

Op 22 September het Smuts se strategie in werking getree. In antwoord op Maritz se smalende en uitdagende telegram van 19 September het hy Maritz volmag verleen om alle benodighede in die distrikte van Gordonia en Calvinia te kommandeer. Daarna het 'n hele rits opdragte gevolg, o.a. dat Maritz met kapt. Laurenson in Prieska in verbinding moes tree en alle eienaars van gekommandeerde perde moes vergoed. Smuts het vertrou dat Maritz se grieve deur voorgaande maatreëls uit die weg geruim is en die hoop uitgespreek dat hy spoedig van defensiewe opstrede tot 'n kragtige offensief teen die Duitsers sou oorgaan.⁷⁶ Laasgenoemde was 'n eerste van 'n reeks meesterlike skuiwe van Smuts wat Maritz uiteindelik in 'n skaakmat-posisie sou laat.

76. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Kwartiermeester-generaal aan Maritz, G53/3/9199, 22.9.1914. Ongepagineerd.

Op 22 September het Maritz van Verdedigingshoofkwartier verneem dat krygswet afgekondig gaan word in die distrikte van Port Nolloth, Namakwaland, Kenhardt en Gordonia. Ingevolge die betrokke kennisgewing was die regering ook van voornemens om op te tree teen persone wie se lojaliteit onder verdenking was. Maritz is in bevel geplaas van die distrikte wat deur krygswet geraak is.⁷⁷ Hoewel die krygswet afgekondig is na aanleiding van vertoë van die Inspekteur van Polisie en kapt. Fischer van die militêre inligtingsdiens,⁷⁸ het Smuts dit knaphandig as sy tweede skuif teen Maritz gebruik. Maritz moes dit ook as sodanig vertolk het, want hy het nog op dieselfde dag Smuts in kennis gestel dat krygswet syns insiens oorbodig was en dat daar geen probleme bestaan het *niet, behalwe met* die betaling van eienaars wie se perde gekommandeer is.⁷⁹

Smuts het hierdie antwoord van Maritz geignoreer. Op diezelfde dag is die invalsplanne teen Duitswes wat reeds op 21 Augustus gefinaliseer en op 9 September deur die parlement bekragtig is, in werking gestel: Mag A (Lukin) en Mag C en D (MacKenzie) het Duitswes binnegeval ooreenkomsdig die beplanning van 21 Augustus 1914 en Mag B, onder aanvoering van luit.-kol. Maritz sou vervolgens aan die beurt kom.⁸⁰

-
- 77. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk D, Telegram Hoofkwartier (Verdediging) aan Maritz, G2/90/9199, 22 September 1914. Ongepaginateerd.
 - 78. Ibid., Hoof van Polisie aan Sekretaris van Verdediging, Minuut 64245/14/73; Kapt. Fischer aan Sekretaris van Verdediging, Telegram No. 413.
 - 79. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk D, Telegram Maritz aan Smuts, 11/43 re 2/90/9199, 22 Sept. 1914. Ongepaginateerd.
 - 80. Staatskoerant: No. 560, Vol. XVII, 21 Augustus 1914, Proklamasie No. 177 van 19 Augustus 1914; UG 42 - '16: Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van M.C. Rowland, p. 142.

Dit sou Smuts se derde skuif teen Maritz wees.

Op 23 September wou die Minister van Maritz weet of hy vanaf Kakamas met 'n sterk mag kan opruk na Schuitdrift en of hy die mag van Upington in die rigting van Ukamas kon beweeg. Terselfdertyd het Smuts die mening uitgespreek dat Maritz in staat sou wees om in samewerking met Lukin te opereer. ⁸¹

Dit was Smuts se vierde skuif. Vir Maritz het die opdrag net een ding beteken: hy moes Duitswes binneval, en hier toe was hy nie bereid nie. Hy het dié opdrag sorgvuldig oorweeg, want hy het eers op 25 September geantwoord: dit was belaglik om met 'n groot mag na Schuitdrift op te ruk; die Minister was tog immers bewus dat sy voorrade ontoreikend was; dit was onmoontlik om sy klompie burgers in twee magte te verdeel; die grootste gedeelte van sy burgers was onervare rekrute wat nog nie 'n enkele skoot geskiet het nie omdat die oefenkampe van 1913 uitgestel is; dit was ondenkbaar om met kinders teen die Duitsers uit te trek en volgens berigte was daar op Ukamas 3 000 goedbewapende berede troepe met grofgeskut; hyself het nie 'n enkele kanon nie; hy het eers kort tevore drie masjiengewere ontvang onder "twee Engelse luitenantjies wat nie eens instaat is om hulle eie broeke vas te maak nie." Vervolgens het hy Smuts daaraan herinner dat hy hom toe hy laas in Pretoria was, gewaarsku het dat die burgers sou weier om die grens oor te steek en Duitswes binne te val; trouens, hy het voorspel dat hulle ook sou weier om teen die Duitsers op te tree indien hulle die Unie binneval

81. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewysstuk D, Smuts aan Maritz 60/31/9199, 23 September 1914.
Ongepagineerd.

deur die toedoen van die regering. Ten slotte het hy gedreig dat al sy offisiere sou bedank indien hy hulle sou beveel om die grens oor te steek, en Smuts aan sy en Botha se telegrafiese omsendbrief (11/83 van 21 September) herinner waarin uitdruklik te kenne gegee is dat Duitswes slegs met vrywilligers binnegeval sou word. Meer nog: almal was steeds onder die indruk dat hy slegs met 'n vredesoefening besig was; *hysel*f sou sy bes probeer om "u aan hierdie kant van die grens te ondersteun," maar indien dit die regering se voorneme was dat hy Duitswes onder hierdie omstandighede moes binneval, "sou ek met graagte sien dat my bedanking aanvaar word."⁸²

Maritz het die volgende dag ook geweier om vir Lukin te help. Lukin, wie se troepe op Sandfontein tussen Ramansdrift en Warmbad 'n kwaai aanval moes verduur het hulp op sy regterflank gevra dog Maritz het geantwoord dat hy sy mag nie kan verdeel nie en nie eens in staat was om homself te beskerm nie.⁸³

Maritz het geweier om instruksies van Smuts, die minister van Verdediging uit te voer. Die vraag dwing homself na vore hoekom 'n ervare krygsman so-iets kon doen. Skaars drie dae te vore het hy Smuts nog verwittig dat hy die owerheid se instruksies sou uitvoer en dat hy geen be sware het om na die grens te gaan nie.⁸⁴ Sy telegram werp enigsins lig hierop - hy was nie bereid om oor die grens te gaan nie; hy was slegs bereid om die grense te verdedig; sy offisiere en magte was ook nie bereid om oor die grens te gaan nie en dan, en dis belangrik, hy sowel

82. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewyssstuk D, Maritz aan Smuts, 11/43 re G60/31/9199, 25 Sept. 1914. Ongepagineerd.

83. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van B.G.L. Enslin, p. 53.

84. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewyssstuk D, Maritz aan Smuts, 11/43 - G53/31/9199, 23.9.1914. Ongepagineerd.

as die manskappe is herhaaldelik deur die regering ver= seker dat dié inval net met vrywilligers onderneem sou word. Hierdie versekering is deur die regering op 21 September⁸⁵ en deur genl. Botha op Bank⁸⁶ op 28 Sep= tember gegee. Op 23 September het die regering vir genl. de Wet op die Kopjesvergadering weer eens sodanige ver= sekering gegee.⁸⁷ Daar moes dus 'n motief agter die op= trede van Smuts gewees het. Tydens die verhoor van genl. de Wet in Junie 1916 het Smuts onder eed verklaar dat hy reeds begin 1914 bewus was van Maritz se verraderlike planne⁸⁸ en dat Maritz met die Duitsers geheul het. Sy doel met hierdie telegram was slegs om Maritz se hand te forseer.⁸⁹ Smuts het ook by 'n latere geleentheid, toe hy tydens 'n politieke vergadering te Bronkhorstspruit 'n vraag in hierdie verband moes beantwoord, verklaar dat dit nie sy plan was om Maritz oor die grens te stuur nie, maar slegs om hom te toets.⁹⁰ Laasgenoemde verklaring is geheel en alstrydig met Smuts se telegram van 23 Sep= tember. Genl. Botha se verduidelikings is nog minder aan= vaarbaar. Hy het verklaar dat dit in die geval van Maritz

-
- 85. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme Verdediging aan Disso, G246/1/9199 - 14/83, 21 Sept. 1914.
 - 86. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis genl. L. Botha, p. 379.
 - 87. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 33.
 - 88. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis genl. L. Botha, p. 378.
 - 89. Webb, H.S.: Causes of the Rebellion, p. 50.
 - 90. Ibid., p. 51.

anders was. Hulle het vir maj. Enslin na Maritz gestuur maar hy het geweier om sy bevel aan hom oor te dra. Die regering was bewus daarvan dat hy met die Duitsers onderhandel het, maar was nog nie presies seker van die posisie nie - Smuts het dié betrokke telegram gestuur om vas te stel na watter kant toe Maritz sou beweeg; dit was nie ernstig bedoel nie, nog minder is verwag dat Maritz in staat sou wees om werklik hulp aan Lukin te verleen nie; dit was slegs "om die opregtheid van die man op die proef te stel." Beide Enslin en Brits is gestuur om Maritz aan te sê om terug te keer sodat "sy seuns" ontslaan en huis toe gestuur kon word.⁹¹

'n Paar ernstige foute kom in hierdie verklaring voor: Enslin het Upington eers op 27 September bereik en die betrokke instruksies is reeds op 23 September aan Maritz uitgereik; Maritz het tot en met 23 September nie by enige geleentheid geweier om sy bevel oor te dra nie; intendeel, hy het nie sodanige instruksies gehad nie; daar is ook geen sodanige bewyse dat Maritz se kampe moes opbrek nie, en genl. Brits het Upington eers op 7 Oktober bereik. Dit is so dat Enslin by Smuts aanbeveel het dat slegs vrywilligers uit Maritz se mag gebruik word en dat die ander huis toe gestuur kon word, maar ook dit het eers teen 2 Oktober geskied.⁹² 'n Ander moontlikheid moet ook oorweeg word: was Maritz se mag nie vanaf die begin, d.w.s. 21 Augustus, reeds betrek by die planne om Suidwes-Afrika binne te val nie? Volgens die getuienis van M.C. Rowland was dit die

-
91. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, p. 389.
 92. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Bylaag Q(7), pp. 144 - 145.

93 Hierdie instruksies moes deur Beyers aan Maritz oorgedra word. Maritz het teenoor Smuts erken dat hy 'n algemene omsendbrief ontvang het dat hy hoof van Mag B was, maar hy kon dit nie verstaan nie omdat hy slegs instruksies gehad het om oefenkampe te hou.⁹⁴ Smuts het Maritz nie op hierdie navraag reggehelp nie. Indien Rowland se getuienis aanvaar word, strook Smuts se optrede teenoor Maritz vanaf 19 September tot en met die opdrag van 23 September, maar dan is Smuts se verklarings, waarna reeds verwys is, oor dié telegram onverklaarbaar tensy Maritz se mag nie ingerekend was by die invalsplanne nie. Maritz wat aan die hoof van Mag B gestaan het, was die enigste offisier wat nie op die beplanningsvergadering van 21 Augustus teenwoordig was nie. Gemeet aan Maritz se optrede vanaf 4 September, sedert hy met oefenkampe in Upington begin het, en die inhoud van sy telegramme aan Smuts vanaf 19 September tot en met 25 September, wil dit voorkom asof Maritz nie geweet het dat sy mag in die aanvanklike aanvalsplanne ingesluit was nie, wat beteken dat hy nie die volle instruksies van Beyers ontvang het nie, óf dat hy dit opsetlik nie verstaan het nie. In die Buitengewone Staatskoerant van 21 Augustus 1914 is 'n uiteensetting gegee van al die Burgermageenhede wat opgekommandeer word en hieronder verskyn sewe eenhede uit Boesmanland, wat deel was van Militêre Distrik No. 12 d.w.s. die distrik van luit.-kol. Manie Maritz.⁹⁵ Die was weliswaar nie die hele Mag B van Maritz nie, maar daar kan geen twyfel bestaan oor dié gedeelte van sy mag nie. Die optrede van genl. Smuts om die hele Mag B oor die grens te

-
93. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuenis van M.C. Rowland, p. 140.
94. C.S.C. 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewydstuk D, Maritz aan Smuts, 11/14 re G22/31/9199, 19 Sept. Sept. 1914. Ongepagineerd.
95. Staatskoerant: Unie van Suid-Afrika, Vol.XVII, No.560, Proklamasie No.177 van 19 Aug. 1914, 21 Aug. 1914.

gelas, was dus inkonsekwent. Maritz was dus geregtig om beswaar daarteen te maak dat in sy geval nie van vrywilligers gebruik gemaak sou word nie. En dan moet Smuts se verklaring aanvaar word dat hy Maritz se arm wou formeer sodat Maritz se ware kleure moes toon. By Maritz was daar egter geen twyfel nie: dit was nie net 'n protest teen die regering se invalsplanne in Duitswes nie, maar 'n weiering om veroweringswerk vir Brittanje te doen; hy was veel eerder bereid om met wapengeweld die verlore onafhanklikheid te herstel, en wel met behulp van die Duitzers.

Maritz se teenskuif

Genl. Smuts wat Maritz toe reeds gewantrou het, het op 23 September vir maj. B. Enslin, 'n ervare en betroubare offisier, oënskynlik na Upington gestuur as stafhoof van Maritz, maar in werklikheid om die stand van sake in die kamp van Maritz te ondersoek en te rapporteer.⁹⁶ Hy het Upington op Sondag 27 September bereik en die atmosfeer in die kamp "opstandig" bevind. Later dieselfde dag het ook kapt. P. Erasmus, wat aangestel is as hoof van die Inligtingsdiens, die kamp van Maritz bereik. Maritz was nie bereid om sake op 'n Sondag te bespreek nie. Enslin het egter daardie dag genoeg in die kamp verneem om te besef dat daar ernstige probleme was.

Enslin en Erasmus het van lis gebruik gemaak om die ware toedrag van sake vas te stel. Hulle het ooreengekom dat hulle afsonderlik met Maritz oorleg sou pleeg. Erasmus sou Maritz onder die indruk bring dat hy met Maritz sympathiseer en dat hy ook ontevrede was met die regering en

96. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van maj. B.G.L. Enslin, p. 154.

sou "dinge in die toekoms gebeur," kon Maritz op hom reken. Enslin weer sou hom voorhou as 'n lojale ondersteuner van die regering.⁹⁷

Op Maandag 28 September het genl. Botha in sy eie kiesafdeling Losberg te Bank, weer eens die versekering gegee dat burgers nie gekommandeer sou word nie en dat die Duitswes-eksedisie slegs met vrywilligers onderneem sou word.⁹⁸ Op dieselfde dag het Enslin 'n onderhoud met Maritz gevoer en onmiddellik daarna 'n telegram aan Smuts gestuur waarin hy verklaar dat hy uit gesprekke met Maritz verstaan dat Maritz en sy offisiere bereid was om die Unie teen 'n inval te verdedig, dog hulle sou onder geen omstandighede oor die grens trek nie, en as hulle daartoe beveel word, sou hulle almal bedank. Maritz was vasbeslote en sou hom nie laat ompraat nie. Enslin het aanbeveel dat 'n kommando van 2 000 ervare troepe in plaas van die kommando van Maritz nodig was. By hulle aankoms moes die burgers van Maritz gevra word of hulle vrywillig na Duitswes wou gaan. Dit sou 'n goeie indruk op die boere maak indien genl. Coen Brits die bevel in Upington kan oorneem. Die bedanking van Maritz moes nie aanvaar word voordat bovermelde mag nie gearriveer het nie, want die gevaar het bestaan dat die Duitsers dit ter ore mag kom en 'n aanval op Kakamas kon doen waar die voorrade geberg is. Volgens Maritz was daar 3 000 Duitsers op die grens wat bowendien op heelwat grofgeskut kon reken. Maritz was oortuig dat 'n inval waarskynlik tot 'n burgeroorlog sou lei, maar Enslin het getwyfel of Maritz

-
97. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van maj. B.G.L. Enslin, p. 155.
 98. U.G. 42 - '16 : Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van genl. L. Botha, p. 379.

vir die Duitsers sou veg. Ten slotte het Enslin vir Smuts versoek om sy voorneme ten opsigte van Maritz regstreeks in kode aan hom (Enslin) te verduidelik sodat hy sy eie strategie teenoor Maritz kon beplan.⁹⁹

Na ontvangs van dié telegram het Smuts vir Enslin verwittig dat hy Maritz telegrafies beveel het om sy bevel aan Enslin oor te dra en hom (Smuts) so spoedig moontlik in Pretoria te kom spreek. Ook is hy meegeedeel dat hy die bevel oor die mag van Maritz moes oorneem totdat ander reëlings getref is. Hy het ook instruksies ontvang om by geval van 'n aanval op Kakamas op Upington terug te val en indien Upington aangeval word, moes hy dit so goed as moontlik verdedig en sorg dra dat die voorrade nie in die hande van die vyand val nie. Origens is hy meegeedeel dat die "Durban Light Infantry" vanuit Durban en die "Imperial Light Horse" vanuit Kaapstad met soveel moontlik spoed gestuur word om by hom aan te sluit; sy (Enslin) kommando sou aangevul word tot 'n getalsterkte van 300 man; Pienaar sal ook met 75 man so spoedig moontlik vanaf Pretoria vertrek asook Cronje met 25 verkenners van die Pretoriase Verkennerskorps. Cronje en sy manne moet onder kapt. Erasmus geplaas word.¹⁰⁰

Genl. Smuts het nie die bedanking van Maritz aanvaar nie, maar op dieselfde dag (28 September) getelegrafeer dat hy (Maritz) dadelik na Pretoria moes kom en intussen sy bevel aan Enslin oorhandig.¹⁰¹

-
99. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelleie in Zuid-Afrika, Bylaag Q, p. 143. (Enslin aan Smuts).
100. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelleie in Zuid-Afrika, Bylaag Q, p. 143.
101. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewyssstuk D, Smuts aan Maritz, D/0176, 28 Sept. 1914.

Terwyl bogenoemde verwikkelinge die telegraaflyne tussen Upington en Pretoria vuurwarm gehou het, het Maritz in 'n onderhoud met Erasmus, vir wie hy vertrou het, verstaan dat hy in kommunikasie met die Duitsers was. Hy het brieue vertoon wat hy van dr. Seitz ontvang het en terwyl hy daarmee besig was, het een van sy offisiere huis vanaf Seitz teruggekeer. Dit was die nou reeds bekende tussenganger van Maritz, nl. Joubertjie. Maritz het voorts teenoor Erasmus gespog dat hy na willekeur die grens kon oorstekk, en verder verklap dat hy reeds 'n ooreenkoms met die Duitsers beklink het waarvolgens hulle ingevolge sekere voorwaardes hom sou bystaan om Suid-Afrika se onafhanklikheid te herstel. ¹⁰²

Nadat Enslin verslag van Erasmus ontvang het, het beide besluit om vir Smuts van dié gesprek in kennis te stel. Hierop het Enslin op 28 September 'n tweede telegram aan Smuts gestuur voordat hy Smuts se telegram ontvang het waarin hy meegedeel is dat Maritz na Pretoria ontbied is en dat hy die bevel van Maritz moet oorneem. In sy tweede telegram het Enslin gewaarsku dat Mag A in groot gevaar verkeer en dat die toestand in Upington baie ernstig was. Dit was egter te gevaarlik om volle besonderhede te stuur en omdat sy eie posisie van weinig nut was, moes Maritz versoek word om óf Erasmus óf Enslin terug te stuur onder die voorwendsel van siekte van sy vrou. Indien die bedanking van Maritz dadelik aanvaar word, het Enslin 'n ramp voorspel en Smuts versoek om Enslin se eskadron voor as nog op Prieska te hou. ¹⁰³

102. Smuts-argiewe: Al, Unie van Suid-Afrika 1910 - 1914, Vol. 111, No. 26, Skriftelike verslag van kapt. A.E. Erasmus aan Smuts, p. 4.

103. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Bylaag Q, pp. 143 - 144.

Smuts, die uitgeslape strateeg, by wie daar nou geen twyfel meer bestaan het oor die oogmerke van Maritz nie, het weereens die aanbevelings van Enslin aanvaar. Maritz is versoek om verlof te verleen dat Erasmus sy siek vrou in Bloemfontein kon besoek, maar inderwaarheid is hy na Pretoria waar hy persoonlik aan Smuts verslag gedoen het.¹⁰⁴ Maritz het hiertoe ingestem en Erasmus per motor van Upington na Prieska laat neem. Nog voor sy vertrek het Maritz, onbewus van die werklike toedrag van sake, en steeds oortuig van die lojaliteit van Erasmus, versoek dat Erasmus vir Beyers moes kontak en hom moes meedeel dat hy (Maritz) op sy instruksies wag.¹⁰⁵ Smuts het nou ook dit wat hy reeds op 22 September aan Maritz voorgestel het en waartoe Maritz nie bereid was nie, nl. krygswet, op 24 September afgekondig in die distrikte van Port Nolloth, Namakwaland, Kenhardt, Prieska en Gordonia.¹⁰⁶ Smuts het hierna met behulp van Enslin vir Maritz in die hoek vasgekeer.

Maritz het, onbewus van dié telegramwisseling, waarin belangrike besluite oor hom geneem is, en onseker oor die feit dat sy bedanking nie aanvaar word nie vir Smuts op 29 September in kennis gestel dat dit vir hom nie moontlik was om na Pretoria te kom nie en ook dat hy sy bevel nie aan Enslin kon oorhandig nie, daar sekere dinge verkeerd kon loop. Hy het Smuts om 'n ondubbelzinnige antwoord op sy telegram 11/14 van 25 September gevra.¹⁰⁷ Op dieselfde

104. Smuts-argiewe: Al, Unie van Suid-Afrika 1910 - 1914, Vol.111, No.26, Skriftelike verslag van kapt. A.E. Erasmus aan Smuts, p. 5.

105. Ibid., p. 7.

106. Staatskoerant: Unie van Suid-Afrika, Vol.XVII, No. 581, Proklamasie No.211, 29.9.1914

107. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewysstuk D, Maritz aan Smuts, 11/14, 29.9.14. Ongepagineerd.

dag het Enslin 'n verdere telegram aan Smuts gestuur waarin hy meedeel dat Maritz nog nie sy bevel oorhandig het nie. Hy het dit ook betwyfel of Maritz van voorneme was om na Pretoria te gaan soos hy gelas is. Enslin was oortuig dat Maritz vir sy ontslag "speel", daarom het hy Smuts aangeraai om Maritz se ontslag uit te stel totdat die nuwe troepe wat Maritz se kommando moes vervang opgedaan het. Intussen moes Smuts vertragingspolitiek toepas deur verdere telegrafiese navrae insake sy vorige opdragte aan Maritz om sy bevel af te staan en na Pretoria te reis. Enslin was bevrees dat indien Maritz sou rebelleer, sou hy (Enslin) en die paar lojaliste aan die genade van Maritz oorgelaat wees.¹⁰⁸

Weer eens het Smuts hom deur Enslin laat lei. Dit blyk duidelik uit die volgende telegram waarin Maritz nogmaals na Pretoria ontbied is om die hele posisie te bespreek. Smuts het Maritz verseker dat hy sy bevel met 'n geruste hart kon oorhandig. Daar was versterkings op pad na hom en hy moes Smuts verwittig wanneer hy van Prieska sou vertrek.¹⁰⁹

Vir Maritz het die situasie nou onhoudbaar geword. Hy het reeds geweier om Smuts se instruksies uit te voer en hier word hy weer eens na Pretoria ontbied. Verder verneem hy ook van versterkings wat onderweg is. Na Pretoria kon hy nie gaan nie - dit beteken slegs arrestasie. Langer kon hy ook nie in Upington vertoeft nie want hy kon nie toelaat dat hy deur Smuts se troepe (versterkings) met koue hande

108. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelleie in Zuid-Afrika, Bylaag Q (6), p. 144.

109. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewydstuk D, Smuts aan Maritz, D/0189, 30.9.14.

geneem word nie. Maritz se houding spreek duidelik uit sy telegram van 30 September aan Smuts dat hy dit nie nodig ag om die posisie verder met Smuts te bespreek nie, daar hy dié posisie reeds verduidelik het asook die gevolge wat daaraan verbonde sou wees. Sover dit die oordrag van sy bevel aan Enslin betref, het Maritz smalend verklaar dat Smuts van die grenssituasie net so onkundig was as van sy eie sake: hy (Maritz) het geen versterking nodig gehad om sy eie posisie te verdedig nie. Hy het Smuts nogeens na sy telegram van 25 September verwys en versoek om dit noukeurig te oorweeg.¹¹⁰

Op 1 Oktober het Smuts vir Enslin verwittig dat kol. Wylie met 'n spesiale trein vertrek het. Wylie gaan om bevel oor te neem van die "Imperial Light Horse" en die "Durban Light Infantry." Hy moes met Maritz saamwerk maar was tog onafhanklik van Maritz. Kol. Wylie het selfs instruksies gekry om Maritz te arresteer indien hy dit nodig ag.¹¹¹ Maritz, knap speurder van weseer, se vermoede ten opsigte van Smuts se versterkings was dus korrek. Maj. Enslin het Maritz ingelig oor die koms van kol. Wylie en ook die hele aangeleentheid met hom bespreek. By hierdie geleentheid het Maritz weer eens beklemtoon dat hy nie bereid was om oor die grens te gaan nie, en indien die regering daarop aandring sou hy verkies dat sy bedanking aanvaar word. Enslin wou ook van Smuts weet of Maritz se magte te Upington en Kakamas nadat kol. Wylie met versterkings opgedaag het, met vredesoefeninge moes voortgaan en of hulle deel was van die mag wat Duitswes moes

110. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewyssstuk D, Maritz aan Smuts; 11/14 DO189, 30 Sept. 1914.

111. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Bylaag Q (8), p. 145.


inval. Hy het egter aan die hand gedoen dat hulle huis toe gestuur moes word. ¹¹²

Vir Smuts het die tyd aangebreek om Maritz se integriteit finaal te toets. Dit was kenmerkend van Smuts dat hy 'n situasie laat ontwikkel het totdat die tyd ryp was vir optrede en wanneer dié tyd aangebreek het, het hy met krag op sy vyand toegeslaan. Ook hier het dit gebeur. Hy het Maritz op 2 Oktober verwittig dat kol. Wylie onderweg was, in bevel van 'n regiment bereede troepe en 'n bataljon infanterie, om met hom (Maritz) saam te werk in die verdediging van Upington en Kakamas. Hy het Maritz verder meegedeel dat alhoewel hy en Wylie gesamentlik Kakamas en Upington, waar die voorrade gehou was, moes verdedig, die bevel van Wylie onafhanklik van syne was. Ten slotte het Smuts belowe dat hy binne twee dae in staat sou wees om Maritz se telegram 11/43 van 25 September te beantwoord. ¹¹³

Hierdie antwoord het Maritz nooit bereik nie, want daar was nie so 'n antwoord nie. Maritz se so lank gevraagde ontslaq het ook nie opgedaag nie. Vir Maritz was die enkele week, sedert hy op 23 September geweier het om Smuts se instruksies uit te voer, 'n tydperk waarin hy tot die uiterste toe beproef is. Hy moes kies tussen militêre gehoorsaamheid en lojaliteit aan sy regering aan die een kant en die brandende verlange na die onafhanklikheid van sy land. Hy het laasgenoemde gekies wat nie net vir homself nie maar ook vir die Afrikaners in die Unie rampspoedige gevolge sou hé.

112. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Bylaag Q (7), pp. 144 - 145.

113. Ibid., Bylaag Q (13), p. 146.



HOOFSTUK IV

MARITZ REBELLEER

Maritz versit na Van Rooisvlei

2 Oktober 1914. Maritz se posisie het nou onhoudbaar geword. Genl. Smuts, minister van Verdediging, het nog nie die bedank= ing van Maritz wat hy reeds op 25 September aangebied het, aanvaar nie. Op 2 Oktober het Smuts hom telegrafies verwittig van luit.-kol. Wylie se koms en die gepaardgaande instruk= sies. Smuts het egter die feit verswyg dat Wylie ook instruk= sies ontvang het om, indien nodig, Maritz te arresteer. Uit die latere optrede van Maritz blyk dit duidelik dat hy wel iets in hierdie verband vermoed het. Maritz het na die ont= vangs van Smuts se telegram besef dat hy nie langer op Upington kon bly nie. Hy was nie net bekommerd nie, maar ook bevrees oor die naderende regeringstroepe, die "Durban Light Infantry" en die "Imperial Light Horse", 1 000 man sterk, onder bevel van luit.-kol. Wylie. Sy kommer is vergroot vanweë die feit dat sy reëlings met die Duitsers nog nie gefinaliseer is nie; inteen deel, sy kontak met die Duitsers is sedert 20 September verbreek inqevolge die brief van dr. Seitz, die Duitse goe= werneur waarin hy meegedeel is dat hulle vorige ooreenkoms gekanselleer is wanweë die feit dat Maritz en sy mede-onderste= kenaars nie 'n inval in Duitswes kon verhoed nie.

Maritz het toe hy op 2 Oktober Upington met sy kommando ver= laat het, 'n stap gedoen wat nie herroep kon word nie. Aan die een kant was die Duitse troepe, met wie hy nog nie tot 'n finale ooreenkoms geraak het nie; aan die anderkant die naderende regeringstroepe in wie se hande hy kon val indien hy nog langer talm. Hy het hom ast'ware tussen twee vure be= vind. Maritz se ontruiming van Upington moet as 'n wanhoops= daad besien word. Indien hy sy planne op 2 Oktober reeds ag= termekaar gehad het, was die vertrek uit Upington 'n dwase

stap, want met Upington as basis was dit soveel makliker om die Unie binne te trek en nog ander Afrikaners tot rebellie te beweeg.¹ Maritz was volgens sy eie erkenning desperaat. Langer kon hy nie wag nie, want die Engelse was in aantog.²

Maritz het nog steeds sy hoop op die Transvaal en die Vrystaat, waar hy gehoop het dat die uitbarsting sou plaasvind, gevestig. Hy het egter niks uit daardie geweste verneem nie. Ben Nel van Nieuwoudtville, vir wie Maritz spesiaal daarheen gestuur het om vas te stel wat aangaan, was nog nie terug nie. Nel moes genls. Beyers, Hertzog, de Wet en oud-president Steyn pols oor die wenslikheid van 'n algemene opstand. Van genl. Hertzog het Nel verneem dat dit alleen kan plaasvind as daar 'n casus 'belli was, wat op daardie stadium nie bestaan het nie; van president Steyn het hy geen aanmoediging gekry nie en genl. de Wet kon hy nie kontak nie. Hy is terug na Nieuwoudtville, waar hy sy boodskap aan ds. Steenekamp oorhandig het. Uit hoofde van die inhoud van die boodskap het ds. Steenekamp besef dat Maritz onverwyld daarvan in kennis gestel moes word. Met 'n gehuurde motor het hy en Piet Hugo inderhaas vir Maritz probeer opspoor. Hulle is na Brandvlei waar Maritz en Nel mekaar sou ontmoet. Maritz was nie daar nie. Hulle is na Kakamas waar kapt. Tobias Beukes hulle meegeleel het dat Maritz gerebelleer het. Beyers se boodskap dat Maritz nie oorhaastig moes optree nie, het hom 'n dag te laat bereik.³

Maritz het op 2 Oktober besluit om sy Upington-mag na die Duitse grens te verskuif en om sy vrou na Transvaal en die Vrystaat te stuur om uit te vind wat gaande was. Mev. Emma Maritz het op 2 Oktober per motor vertrek. Sy het afskrifte

-
1. Scholtz, G.D.: Die Rebellie, 1914 - 1915, p. 134.
 2. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 73.
 3. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie, pp. 76 - 77.

van die telegrafiese korrespondensie tussen Smuts en Maritz met haar saamgeneem. In Bloemfontein het sy 'n kort onderhou met genl. Hertzog gevoer wat haar aangeraai het om nog te wag en die kat uit die boom te kyk.⁴ Genl. de Wet het haar belowe dat hy die saak met pres. Steyn sou bespreek. Soos afgespreek, het mev. Maritz haar man in kennis gestel dat sy "ouers gesien het - hulle sal met kinders praat."⁵ Hiervandaan is sy na Kemp, maar op Kroonstad het die motor onklaar geraak. Terwyl sy in die hotel gewag het, het die Kommandant van Polisie haar besoek. Hy het haar meegedeel dat hy instruksies het om 'n verdagte vrou wat noordwaarts reis, voor te keer. Hy was baie verbaas om te verneem dat sy mev. Maritz was. Hy het haar voorts meegedeel dat hy Maritz goed geken het, dat hy onderweg na Upington was en met graagte vir Maritz 'n boodskap sou neem. Sy is toegeelaat om per trein na haar ouers in Johannesburg te reis. Alhier het sy met die medewete van haar ouers en ook om die speurders af te skud, by haar oom, Faan Boshoff, tuisgegaan. Sy het spoedig egter na 'n hotel in Orange Grove versit. Kort na haar vertrek het speurders by Boshoff oor haar gevraag gedoen. Ene mnr. Vorster, 'n neef van mev. Maritz het hierna die nodige briewe na Kemp in Potchefstroom geneem. Volgens mev. Maritz het Kemp haar in kennis gestel dat hyadelik vertrek om Maritz te gaan bystaan.⁶ Genl. Kemp het dit egter later ontken.⁷

Terwyl Maritz angstig op nuus uit Transvaal en Vrystaat gewag het, het daar op 2 Oktober 'n vergadering, gereël deur genls. Kemp, de Wet en Pienaar op Potchefstroom plaasgevind. Hierdie

4. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 74.

5. Ibid.

6. Ibid., p. 75.

7. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 217.

onstuimige vergadering, waartydens genl. de Wet nie eens sy toespraak kon afhandel nie, is deur lojale regeringsondersteuners opgebreek. Maritz was na alle waarskynlikheid nie van hierdie vergadering bewus nie. Dit dui op sy toenemende isolasie wat bepaald vir 'n persoon met die rusteloze geaardheid van Maritz uiters frusterend moes gewees het.

Terwyl Maritz se probleme skynbaar vermenigvuldig het, het Smuts die tweede fase van strategie in werking gestel. Op 2 Oktober het Smuts vir Coen Brits, soos gesuggereer deur Enslin, aangestel as die nuwe bevelvoerder van Mag B. Sy instruksies is eiehandig deur Smuts geskryf en het hom op 3 Oktober bereik.⁸ Tesame hiermee het Brits ook die ontslag van Maritz ontvang wat hy persoonlik aan Maritz moes oorhandig. Maritz se ontslag, geteken deur Smuts, het soos volg gelui: "Ingevolge u telegram van 25 September, word u hiermee onthef van al u pligte. Genl. Coen Brits is deur my in bevel geplaas oor u magte en het instruksies wat om verder te doen."⁹ Coen Brits se instruksies was om alle nodige maatreëls te tref om Upington, Kakamas en omliggende gebiede te beskerm en om homself deeglik te vergewis van die beste wyse waarop Duitswes in samewerking met genl. Lukin in die omgewing van Ramansdrift binnegeval kon word. Voorts moes hy Maritz se ontslag oorhandig en indien hy hom verset, moes hy gearresteer word en onder begeleide na Pretoria gestuur word. Maritz se bevelpos moes aan Ben Bouwer oorhandig en al sy onwillige offisiere moes ontslaan word.¹⁰

-
8. Smuts-Argiewe: A1, No.25, Vol.111, Unie van Suid-Afrika, 1910-1914, p.25.
 9. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Telegramme, Bewysstuk J, Smuts aan Maritz, 3.10.1914. Ongepaginateerd.
 10. Harm Oost-Versameling: A.220, No.28, Die Rebellie, pp.85-86; U.G. 10 - '15 : Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 24.

Maritz se kommando het Upington laat-middag op 2 Oktober 1914 verlaat onderweg na Van Rooivlei, ongeveer vyf uur te perd noord-wes van Upington. Die kommando's te Kakamas onder maj. Ben Coetzee, kmdt. R. de Villiers en ook kapt. A. Louw sou later by Maritz aansluit. Kmdt. A. Stadler en sy vrywilligers sou op Kakamas bly.

Die besluit om na Van Rooivlei te versit, het Enslin ietwat op die verkeerde voet betrap. Maritz het hom nie in sy vertroue geneem nie en hy was dus totaal in die duister. Hierdie feit word betekenisvol wanneer in aanmerking geneem word dat Enslin die stafhoof van Maritz was. Dit wil dus voorkom asof Maritz begin vermoed het dat Enslin 'n dubbele rol speel. Toe Enslin gevolglik navraag doen met betrekking tot die rede vir Maritz se verskuiwing na Van Rooivlei het Maritz volstaan met die verduideliking dat hy sy opdragte uitvoer.¹¹ Hy het Enslin versoek om hom te vergesel, maar Enslin wat nou ook waarskynlik besef het dat Maritz begin agterdogtig raak, het die versoek afgewys onder die voorwendsel dat hy na die voorrade moes omsien.

Maritz se optrede het selfs 'n geskarrel in die Verdedigingshoofkwartier veroorsaak. Daar was 'n sterk vermoede dat hy bewus was van Wylie se geheime instruksies.¹² Enslin het intussen ook nie op hom laat wag nie. Hy het Smuts onverwyld in kennis gestel dat Maritz sy Upington-kamp van ongeveer 300 man en twee afdelings masjiengewere op 2 Oktober na Cnydas, Lutzputs en Smalvisch verskuif het. Hyself sou voorlopig te Upington bly.¹³ Ietwat verontrus deur Maritz se

11. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van B.G.L. Enslin, p. 55.

12. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p. 75.

13. U.G. 46 - '16 : Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Bylaag Q (10), Enslin aan Smuts, p. 145.

impulsiewe optrede het Smuts op 3 Oktober by Enslin probeer vasstel of Maritz moontlik duistere motiewe in gedagte gehad het en of dit bloot as 'n defensieve aksie op die grens besien moes word. Hy het in elk geval Enslin opdrag gegee om hom op hoogte van sake te hou en die situasie indringend met Wylie te bespreek.¹⁴ Enslin het nog op dieselfde dag geantwoord dat die onverwagse optrede van Maritz onverstaanbaar en suspisieus voorgekom het. Dit kon wees dat Maritz berou gekry het oor sy vorige weiering om Smuts se opdragte uit te voer en besig was om tog nog na die grens te beweeg. Maar die feit dat hy alle ammunisie met hom saamgeneem het, wou op die teendeel dui. Enslin het gevolglik vir luit. C. Freer, wat in bevel van die meksims was, gewaarsku om op sy hoede te wees. By sorgvuldige nabetragting wou dit nou ook vir Enslin voorkom asof die uitgeslape Maritz tog agterdoggig begin raak het as gevolg van die telegrafiese kommunikasie tussen die kommissariaat van Transport op Pretoria en die kommissariaat op Upington waarin waens aangevra is. Die getal waens kon Maritz oortuig het dat nagenoeg 1 000 man op pad was. Daar was bepaald geen vyandelikhede wat Maritz se optrede kon genoodsaak het nie.¹⁵

Die eerste nag het Maritz se kommando op Swartkop oornag.¹⁶ Die volgende oggend, 3 Oktober, is skietoefening gehou waaraan

-
14. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Bylaag Q (10), Smuts aan Enslin, p. 145.
 15. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Bylaag Q (10), pp. 145 - 146.
 16. SC 1 - '15: Report of the Select Committee on the Rebelion, Appendix K, Affidavit by S.J. Heyns, serg.-maj. Naudé, serg. A.W. van Wijk and serg. D.R. Burger, p. (ii).

die meksimafdeling ook deelgeneem het. Maritz self het met sy Mauser-revolwer wat hy uiters knaphandig kon hanteer, geoefen.¹⁷ Daardieoggend het hy elke manskap R2 en elke offisier R10 vooruitbetaal.¹⁸ Later die dag het hulle verder getrek en die aand naby Van Rooivlei oornag. Hulle het Van Rooivlei laatmiddag op Sondag 4 Oktober bereik.

Vanweë probleme met sy motor het kol. Wylie Upington eers op 4 Oktober bereik. Hy het instruksies gehad om met Maritz in verbinding te tree en die hele situasie met hom te bespreek. Ook Enslin het instruksies ontvang om met Wylie te delibereer. Enslin het gevolglik op 5 Oktober namens Wylie 'n brief aan Maritz geskryf waarin hy 'n ontmoeting tussen Maritz en Wylie voorgestel het. Maritz het dié brief van Enslin nie beantwoord nie.¹⁹

Te Van Rooivlei was daar 'n rant met 'n koppie ten weste daarvan. Maritz se kommando het in die leegte tussenin kampeer. Maritz se wa is effens suid van die koppie onder 'n kameeldoringboom getrek. Die meksimafdeling is ongeveer 300 meter onmiddellik noord daarvan opgestel. Maritz het dit doelbewus so gereël omdat die Engelssprekende offisiere in bevel daarvan allesbehalwe genoeë met sy optrede geopenbaar het.²⁰ Alhoewel dit 'n woestynwêreld was, was Maritz nie van die res van die wêreld afgesny nie, want die heliograafdiens was beskikbaar en hy kon met luit. van den Berg, sy stafklerk, wat op Upington agtergely het kommunikeer. Hulle het voortdurend kontak gehad en hy het langs hierdie weg sy

-
17. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.75.
 18. SC 1 - '15: Report of the Select Committee on the Rebellion, Appendix K, Affadit by S.J. Heyns, serg.-maj. Naudé, serg. A.W. van Wijk and serg. D.R. Burger, p. (ii).
 19. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van B.G.L. Enslin, p. 158.
 20. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.76.

vrou se telegram ontvang dat die voormanne in die noorde "die sake nog regmaak."²¹ Die kommando op Van Rooivlei was ongeveer 400 man sterk onder wie ook 'n klompie "Enslin Horse," wat deel van die militêre inligtingsdiens uitgemaak het.

Maritz onderhandel met die Duitsers

Joubertjie het Maritz nie na Van Rooivlei vergesel nie. Na sy terugkeer vanaf genl. Beyers, gevvolg deur sy mislukte pogings om met die Duitsers te onderhandel, het Maritz hom op 27 September na Upington teruggeroep. Op 30 September het hy na Kakamas en vandaar na Cnydas vertrek, waar luit. H. Bergman met 'n patrollie van 15 man gestasioneer was. Op 4 Oktober is hy na Van Rooivlei ontbied. Vergesel van luitenant Bergman, Visagie en Moolman het hy op Van Rooivlei aangekom. Bergman is blykbaar deur Maritz op 'n snuffeltog na Upington gestuur. Nadat hy 'n boodskap aan Maritz gestuur het, het hy na Cnydas teruggekeer.

Maritz het nou oor inligting beskik dat Wylie hom nie met rus sou laat nie, en aangesien Wylie na Upington opruk en goed bewapen en selfs met kanonne toegerus was, het Maritz en sy vertrouelinge tot die slotsom geraak dat sy kommando ook van grofgeskut voorsien moes word of anders spoedig sou moes oorggee. Maritz, wat herhaaldelik en tevergeefs sy ontslag aangevra het, sou nie toelaat dat hulle hom met "koue hande" vat nie.²²

Op Dinsdag, 6 Oktober, het Maritz in geselskap van kapt. Piet Joubert en luit. H.J. Otto van die heliografiste-seksie, om

21. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.76.

22. Ibid.

14h00 in die rigting van die Duitse grens vertrek. Teenoor vertrouelinge het Maritz verduidelik dat hy water gaan soek. Luit. Bergman het op Cnydas by hulle aangesluit. Die motorbestuurder het hier agtergebly en Maritz het verder bestuur. Hulle het deur sandwêreld gereis en moes dikwels die motor lang ente stoot. Ongeveer 'n uur te perd vanaf die Duitse grens kon die motor nie verder nie. Piet Joubert en Bergman is vooruit gestuur terwyl Maritz by die motor gebly het. Joubert en Bergman het op Nakob vir Piet en Andries de Wet en 60 manskappe van hulle Vrykorps ontmoet. Aangesien hulle besoek onverwags was, is daar amper op hulle gevuur. Die twee de Wets was nietemin baie dankbaar om hulle te sien. ²³

Van die de Wet-broers is verneem dat die Duitse goewerneur reeds op 13 September na Nakob gekom het met die oog op onderhandelings; en dat sy verteenwoordigers kort tevore vertrek het. Volgens P. de Wet was die Duitsers reeds suspicius omdat hulle so lank vir Maritz moes wag. Andries de Wet het hierop 'n perderuiter agter B. von Zastrow, die landdros van Grootfontein, aangestuur. Hy het von Zastrow op Ukamas, vyf uur te perd vanaf die Duitse grens ingehaal. Von Zastrow het na Nakob teruggekeer en von Heydebreck, die opperbevelhebber van die Duitse troepe, op Kalkfontein getelefoneer. Maritz is intussen by die motor te perd laat haal. Maritz, Andries de Wet, von Zastrow en Joubert het hierna na die militêre pos by Ukamas gereis, waar hulle op 7 Oktober samesprekings met von Heydebreck gehad het.

Tydens die onderhandelings het Andries de Wet as tolk opgetree omdat Maritz Duits nie goed magtig was nie. Von Heydebreck wat die eerste (vorige) onderhandelings teensinnig

23. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van D.P. Rousseau, p. 8; J.J. Wilk, p. 340; CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van M. Wicks, p. 78; H.P. v.d. Merwe, p. 34.

aangeknoop het, het verklaar dat hy van die Duitse regering opdrag het om geen wapens en ammunisie aan Maritz te oorhandig nie, want hulle wantrou hom omdat hy nie op 15 September met Beyers opgedaag het om die ooreenkoms te bekragtig nie. Volgens die getuenis van Piet de Wet, wat nie die onderhandelings bygewoon het nie maar volledig ingelig is deur sy broer Andries, het Maritz von Heydebreck meegeeldeel dat hy wapens moes hê indien hy die (Unie-) regering wou teenstaan. Maritz wou dus weet of die Duitsers hom van die nodige kon voorsien. Von Heydebreck het geweier om dit te doen omdat Maritz as offisier in 'n Britse uniform hulle vyand was. Maritz het woedend hierop gereageer dat hy nie vir die Engelse gaan veg nie; as hulle hom nie as 'n vriend beskou nie moes hulle hom gevange neem en as hulle hom as 'n vyand beskou moes hulle hom arresteer.²⁴ Von Heydebreck se houding het heeltemal verander toe Maritz sy Mauser-rewolwer ontknoop.²⁵ Hierna was die Duitsers baie toeskietlik.²⁶ Dit het die Duitsers natuurlik goed gepas dat Maritz 'n bondgenoot sou word, want hoewel Lukin teruggeslaan is, was Duncan MacKenzie se oprukkende mag vanaf die kus 'n wesentlike bedreiging, terwyl 'n verdere groot-skaalse monstering van Suid-Afrikaanse troepe gevrees is.

Gevolgtrek is ooreengekom dat luit. Hauszding met ses kanonne - vier Krupps en twee Pom-poms - wat onder bevel van Andries de Wet sou wees by Maritz op Van Rooivlei sou aansluit. Hy het egter streng opdrag ontvang dat as enigets verkeerd sou loop, hy onmiddellik oor die grens sou terugtrek.²⁷

-
24. CSC 119B (1923): Rex vs. Maritz, Beëdigde verklaring van P. de Wet, pp. 13 - 14; U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van P. de Wet, pp. 80 - 81.
25. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p. 79.
26. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p. 79; Scholtz, G.D.: Die Rebellie, 1914 - 1915, pp. 136 - 137.
27. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van P. de Wet, p. 83.

Maritz het sy tevredenheid met hierdie ooreenkoms te kenne gegee want nou het hy oor gedugte wapens beskik.

Daar is voorts 'n tweede ooreenkoms beklink tussen die Duitse goewerneur as verteenwoordiger van die Duitse keiser en genl. Manie Maritz as verteenwoordiger van diegene wat 'n onafhanklike Suid-Afrika wou verwesenlik. Dit het op die volgende neergekom: Maritz sou Suid-Afrika onafhanklik verklaar en Brittanje die oorlog aansê; die Duitse goewerneur sou hulle as bondgenoot teen Brittanje ondersteun; die Duitse goewerneur sou alles in die werk stel om enige gedeelte van Suid-Afrika wat onafhanklik verklaar word internasionaal erken te kry; in ruil vir Duitse hulp sou die nuutgevonde State geen beswaar maak dat Duitsland vir Walvisbaai en die eilande aan die kus van Duitswes-Afrika in besit neem nie; die middel van die Oranjerivier sou in die toekoms die grens tussen Duitswes en die Kaapkolonie wees; die Duitse regering sou geen beswaar opper indien die nuwe onafhanklike Suid-Afrikaanse Staat Delagoabaai inpalm nie; indien die opstand misluk, sou opstandelinge wat na Duitswes uitwyk as Duitse onderdane beskou en behandel word.²⁸

Luit.-kol. B. Bouwer, afgesant van genl. Coen Brits, wat Maritz op 10 Oktober te Van Roonvlei besoek het om sy ontslag te oorhandig, het in sy getuenis voor die Geregtelike Kommissie verklaar dat hierdie dokument op 8 Oktober onderteken is.²⁹ In sy beëdigde verklaring tydens die hofsaak teen Maritz in 1924, het hy egter slegs melding gemaak van bovermelde dokument maar geen woord van die ondertekening daarvan of datum

28. GG Union: No. 8 Band 485, No. 41, Leer 9/59/23, War 1914, Rebellion in South Africa. Ongepaginateerd.

CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk J, Ingehandig deur kol. J.M. Baker. Ongepaginateerd.

29. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot die Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van B.D. Bouwer, p. 42.

gerep nie.³⁰ Maritz het die dokument nie onderteken nie, want hy het hom nie bevoeg daartoe geag nie. Tydens die hofsaak het hy ernstige besware ingedien teen o.a. die getuienis van Ben Bouwer.³¹ Maritz het ook in 'n beëdigde verklaring voor die hof, gedateer 22 April 1924, skuldig gepleit op dié ooreenkoms met dié uitsondering dat hy dit nie onderteken het nie, maar dat hy dié ooreenkoms aangegaan deur "ander persone" aanvaar het en gereed was om daarop te handel.³² Die prokureur-generaal het dit nie aanvaar of verwerp nie, maar die Kroon versoek om getuienis te lei om dit te bewys.³³ In sy uitspraak het regter Gardiner nie spesifiek na dié klag, d.w.s. die ondertekening van die dokument verwys nie, hoewel hy skuldig bevind is aan al die klagte uitgesonderd die aanklag dat hy Keimoes, Kakamas en Kenhardt militêr beset het en burgers van die Unie-weermag krygsgevangenes gemaak het en dat hy te Stolzenfels ook lede van die Unie-weermag krygsgevangenes gemaak het.

Daar is ook ooreengekom dat die kanonne onder bevel van Andries de Wet van die Duitsers gekoop sou word indien die stryd om onafhanklikheid sou slaag.³⁴ Maritz het ook ingestem met von Heydebreck dat Upington beset moes word om 'n vaste steunpunt te verkry en om die pad vir kommunikasie met die opstandinge na die Unie oop te hou. Upington sou op 11 Oktober beset word.³⁵ Von Heydebreck het die regiment Francke aangebied om Maritz by te staan. Maritz het dit van die hand

-
- 30. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van B.D. Bouwer, p. 71.
 - 31. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Verklaring van S.G. Maritz, pp. 2 - 3.
 - 32. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Verklaring van S.G. Maritz, 8 April 1924.
 - 33. CSC 120 (1923): Rex vs Maritz, Kroon teen Maritz, Prokureur-generaal, 10 April 1914.
 - 34. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.80; Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 221.
 - 35. Ibid.

gewys - iets waарoor die Duitsers hom verkwalik het. ³⁶

Finale en tevergeefse onderhandelings

Genl. Coen Brits het op 7 Oktober op Upington arriveer. Laat-aand op dieselfde dag is Maritz en Joubert terug na Nakob. Luitenant Bergman en Otto was nog steeds by die motor. Die vier is saam terug na Van Rooivlei waar hulle op die middaguur van 8 Oktober arriveer het. Maritz het aan een van sy vertroueling-offisiere vertel dat hy na die Duitse grens was en terug was met die instruksies om nie teen die Duitsers te veg nie, maar teen die Britte. ³⁷ Hy is ingewag deur maj. J.G.W. Leipoldt, nog 'n oorlogskennis, wat deur Brits gestuur is om Maritz insake sy voornemens uit te vra en hom te probeer oorreed om na Upington terug te keer en sy bevel aan luit.-kol. Bouwer te oorhandig. ³⁸ Dit het opgeval dat Leipoldt nie Maritz se ontslag, wat tog in besit van Brits was, saamgebring het nie. Hy het wel 'n telegram van Smuts oorhandig wat Maritz in kennis gestel het dat Brits hom as bevelvoerder van Mag B vervang. Maritz self moes na Upington terugkeer en sy bevel aan Bouwer oorhandig. ³⁹ Gepaardgaande instruksies van Brits het gelui dat lg. so spogdig as moontlik die militêre situasie met Maritz en Wylie wou bespreek, en gevolglik moes Maritz nie later as 14h00 op Vrydag 9 Oktober op Upington rapporteer nie. ⁴⁰ Maritz het die Brits-korrespondensie aan sy manskappe voorgelees en diegene

36. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.80.

37. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, Beëdigde verklaring van kapt. A. Louw, Bylaag B (3), p. 67.

38. SC 1 - '15: Report of the Select Committee on Rebellion, Evidence of J.G.W. Leipoldt, p. 114.

39. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk D, Smuts aan Maritz, 7.10.1914. Ongepagineerd.

40. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk J, Brief Brits aan Maritz, 7.10.1914. Ongepagineerd.

wat by Brits wou aansluit, toestemming daartoe verleen. Niemand het egter sy aanbod aanvaar nie. Maritz wat sy ontslag verwag het, was ietwat verras oor Leipoldt se mededeling. Ten antwoord het hy Brits verwittig dat hy geen beswaar gehad het om sy bevel aan hom te oorhandig nie. Hy sou egter aan niemand rapporteer nie; hy wou slegs sy ontslag hê en Brits kon sy kommando kom oorneem op Van Rooivlei en terselfdertyd sy ontslag saambring.⁴¹

Maritz was andersins baie openhartig met Leipoldt. Hy het aan Leipoldt al sy korrespondensie met die Duitsers getoon en Leipoldt selfs toegelaat om dit te lees. Hy het hom ook ingelig omtrent sy onderhandeling met die Duitsers. Dit het Leipoldt bykans twee uur geneem om al die korrespondensie deur te lees. Een van die brieue het van 20 000 Duitse soldate melding gemaak wat vir Leipoldt as buitensporig voorgekom het.⁴² Leipoldt sou later veral twee brieue onthou; een hiervan was dié van goewerneur Seitz van 20 September waarin die ooreenkoms van 15 September gekanselleer word.⁴³ Omdat Maritz ten tye van sy verhoor in 1924 ernstige besware geopper het teen die getuienis van Leipoldt, verdien dit nader aandag. In sy getuienis tien jaar na die gebeure, het Leipoldt beweer dat die ooreenkoms deur Seitz en Maritz onderteken is,⁴⁴ terwyl hy in sy getuienis kort na die gebeure, voor die Gekose Komitee in 1915 beweer het dat dit ongedateerd was en dat hy nie kon onthou wie dit onderteken het nie, want Maritz was nie bereid om te sê wie dit wel onderteken het nie

41. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk J, Brief Maritz aan Brits, 8.10.14. Ongepagineerd.

42. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van J.G.W. Leipoldt, p. 65; SC1 - '15.: Report of the Select Committee on Rebellion, Evidence of J.G.W. Leipoldt, p. 115.

43. Ibid., p. 65; Ibid., p. 115.

44. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van J.G.W. Leipoldt, p. 66.

tensy Leipoldt self een onderteken.⁴⁵ Hier word slegs verwys na Maritz se verklaring insake die ondertekening van die dokument, wat reeds bespreek is. Maritz sou volgens Leipoldt beweer het dat hy van sy planne sou afsien as Beyers en Hertzog hom daar toe opdrag gee. In antwoord op 'n vraag van Leipoldt of Beyers die leier was, het Maritz geantwoord dat hy (Maritz) die bevryder van Suid-Afrika was; hy het Beyers daarby betrek en Beyers het hom gevolg.⁴⁶ Maritz was bereid om van sy planne af te sien maar dan moet sy bedanking betyds aanvaar word. Hy sou dan na sy plaas gaan, maar as sy bedanking nie aanvaar word nie was hy nie bereid om na Upington te gaan om gearresteer te word nie.⁴⁷ Nadat Leipoldt hom daarop gewys het dat al sou sy planne slaag, Suid-Afrika nie beter daar aan toe sou wees nie het Maritz weer eens verklaar dat as sy bedanking aanvaar word hy van die Duitsers sou weg breek, maar hy was op daardie stadium te diep gemoeid met hulle en hulle het te veel druk op hom uitgeoefen.

Leipoldt het Maritz se aanbod aanvaar om langer aan te bly terwyl sy adjudant te perd vooruit is. Hy het namens Brits ook onderneem om Maritz se ontslag dadelik aan te stuur. Maritz het Leipoldt met sy motor tot halfpad na Upington geneem, vanwaar hy te perd verder is en Upington dié aand om 20h00 bereik en volledig verslag gedoen het. Coen Brits het dit gerade geag om Smuts van dié gebeure in kennis te stel. Hy het onder meer gemeld dat hy Smuts se telegram van 7 Oktober, asook sy (Brits) se eie aanstelling aan Maritz oorhandig het; dat Maritz geen beswaar het om sy bevel te oorhandig nie, maar dat Brits self die kommando moes oorneem. Verder het Leipoldt gerapporteer dat Maritz onderhandelings met die

-
45. SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion, Evidence of J.G.W. Leipoldt, p. 115.
 46. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van J.G.W. Leipoldt, p. 67; SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion, Evidence of J.G.W. Leipoldt, p. 119.
 47. Ibid., p. 67.; Ibid., p. 118

Duitsers erken het en ook dokumente in hierdie verband aan hom getoon het. Maritz sou ook verklaar het dat hy met die Rustenburgse, Lichtenburgse en sy eie kommando na Pretoria sou opruk en indien daar getrag sou word om hom te arresteer, sou hy veg. Hy het ook gemeld dat Maritz in sy houding sterk steun van sy offisiere ontvang het wat skynbaar almal 'n opstand verlang het. Hy het ook die indruk gekry dat Maritz Brits wou uitlok om hom (Maritz) met Britse troepe aan te val sodat hy daaruit politieke munt kon slaan en burgeroorlog kon veroorsaak.⁴⁸ Wanneer hierdie verslag van Brits opgestel na die rapport van Leipoldt, aan Smuts vergelyk word met die getuenis van Leipoldt voor die Gekose Komitee in 1916 asook sy beëdigde verklaring tydens die Maritz-verhoor in 1924, dan is dit meer as opvallend en opsigtelik dat dié verslag van Brits groot gedeeltes bevat wat nêrens in die Leipoldt-getuenis voorkom nie; nl. dat Maritz met sy eie kommando asook met die Lichtenburgse en Rustenburgse kommando's na Pretoria sou opruk; dat Maritz en sy offisiere 'n burgeroorlog begeer het en Brits tot 'n botsing wou uitlok nie. Dit is dan ook geensins vreemd dat Maritz ernstige besware hier teen gehad het nie.

Na aanleiding van Leipoldt se inligting het Coen Brits, Enslin, Bouwer en Ivan Swemmer dit gerade geaq om nogeens met Pretoria in verbinding te tree, eerder as om Maritz se ontslag te oorhandig. Maritz sou dus nog 'n paar dae hiervoor moes waq. Eers op Saterdag 10 Oktober 1914 is Bouwer met Maritz se ontslag gestuur. Maar toe was dit reeds te laat want Maritz het op Vrydag 9 Oktober gerebelleer.

48. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebelie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 26.

Maritz kom in verset

Die opsetlike gesloer om Maritz sy ontslag te besorg, het hom ongeduldig gestem. Hy het die Vrykorps en die Duitse grofgeskut op Saterdag 10 Oktober op Van Rooivlei verwag en dan sou hy al die burgers onder sy bevel met die feite moes konfronteer wat tot op daardie stadium net aan enkele vertrouelinge onder die offisiere bekend was. Die onvermydelike aflesing hieruit is dat Maritz nie eintlik verraad wou pleeg nie, maar na sy ontslag as offisier van die Verdedigingsmag sy eie planne vir die bevryding van Suid-Afrika in werking wou stel.

Vrydagoggend 9 Oktober het Maritz in geselskap van al sy vertroueling-offisiere onder die kameeldoringboom gesit. Slegs die offisiere in bevel van die masjiengewere en diegene wat nie met sy planne bekend was nie, was afwesig. Vier dae te vore het Maritz ook vir Louw en Van Reenen De Villiers onderskeidelik vanaf Kakamas en Gordonia ontbied. ⁴⁹

Maritz was voornemens om die middag om 14h00 tydens 'n officiersvergadering sy standpunt bekend te maak. Hy is egter gedwing om dit vroeër te doen vanweë die teenwoordigheid van sekere offisiere wat nie lojaal aan hom was nie en ook omdat sy voorneme buite die kring van sy vertrouelinge bekend geraak het. Terwyl Maritz in geselskap van Joubertjie, Coetzee en Moolman die watervoorraad by 'n windpomp ongeveer 100 meter suidoos van die kamp gaan inspekteer het, het hy kaptein H. van der Merwe opdrag gegee om 'n ogie oor die meksimafdeling te hou wat snags die lope op die burgermag gerig het - iets waaraan Maritz hom nie gesteur het nie weens sy minagting vir hul krygsvernuf. ⁵⁰

49. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebelie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, Bylaag B (3), Beëdigde verklaring van kapt. A. Louw, p. 67.

50. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebelleie, p. 94.

Op hierdie stadium was slegs agt offisiere, t.w. maj. Ben Coetzee, kapteins Joubert, Reenen de Villiers en Adam Boshoff, kmdt. Piet de Villiers en luitenant Otto en Bergman sowel as kmdt. Stadler wat nie teenwoordig was nie, bewus van Maritz se onderhandelings met die Duitsers. Hulle het dit goedgekeur. Maritz sou nou aan sy manskappe moes openbaar wat hy gedoen het en hulle terselfdertyd vra om saam met hom na die Duitsers oor te stap. ⁵¹

Maritz sou eers sy teenstaanders onskadelik stel. Ben Coetzee het in opdrag van Maritz vir luit. C. Freer van die masjiengeweер (meksim-) afdeling ontbied. Toe hy te perd arriveer, was luit. Moodie, wat vroeër gearresteer is toe hy die meksim-afdeling wou waarsku dat Maritz na die Duitsers sou oorloop, reeds krygsgevangene. Maritz het Freer meegedeel dat hy nie vir Brittanje sou veg nie en dat Freer sy prisonier was. ⁵² Freer het ge protesteer dat dit nie genoegsame rede was om hom te arresteer nie en dat hy 'n billike kans gegun moes word. Maritz het dit vertolk as 'n uitdaging tot 'n tweegeveg. Hy het daarop Freer of enige van sy manskappe met enige wapen tot 'n tweegeveg tot die dood toe uitgedaag. Hier toe was Freer, bekend met Maritz se vermoëns met 'n vuurwapen, nie bereid nie. Freer wou egter dat die ammunisie, hoofsaaklik in Maritz se kamp, verdeel moes word, sodat 'n regverdige geveg kon plaasvind. Maritz het daarop gewys dat die meksimafdeling uitgewis kon word vanweë hulle swak posisie in die laagte teenoor sy sterk posisie in die rantjie. ⁵³ Hierop het luit. Moolman vir luit. D.F. Botha een van Freer se ondergeskiktes, en die sowat 60 man van die meksimafdeling ontbied. Hy het hulle laat aantree. Kapt. Louw en 100 van die 230 manskappe

51. Scholtz, G.D.: Die Rebelle, 1914 – 1915, p. 139.

52. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van C. Freer, p. 87; H.O. Davis, p. 96.

53. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van C. Freer, p. 88.

van die Aktiewe Burgermag het ook opgedaag. Maritz het hulle nie laat afsaal nie, maar hulle moes 'n halwe maan om die boom trek. Hulle het bewapen gebly.⁵⁴ Die hele mag van tussen 500 en 600 man was nou aangetree, met die meksimafdeling in die middel daarvan. Hierna is hulle ontwapen.⁵⁵

Hierop het Maritz 'n kis bestyg en sy kommando toegespreek. Dit was 'n kragtige boodskap tot sy manskappe - 'n toespraak waarin hy sy motiewe duidelik en ondubbelzinnig uiteengesit het; by hom het daar geen twyfel bestaan waarom hy hierdie stap geneem het nie; hy het ook by sy manskappe geen twyfel gelaat waarom hy nie Duitswes wou inval nie; uit die toespraak het dit duidelik geblyk dat die grootste dryfveer vir sy stap die onafhanklikheid van sy land was en dat hy bereid was om dit met Duitse hulp en met wapengeweld te verkry; om dit te verkry sou selfs die hoogste offer nie vir hom te hoog wees nie.

"Burgers en landgenote," het hy kalm en bedaard begin "hier staan ek alleen, alleen voor julle en God. Ek vra nie een van julle om my te volg nie en ek wil ook nie hê een van julle moet my volg nie. Ek staan hier vir die welvaart van my land en volk en is bereid om te veg vir dit wat ek op myself geneem het. As daar enigeen van julle is wat dink dat my stap nie reg is nie, of dat ek 'n verraaier van julle en my volk geword het, stuur dan 'n koeël deur my kop, want dan is dit nie die moeite werd om langer te lewe nie. Mag die Almagtige Vader 'n weerligstraal stuur en my tref hier waar ek staan, as my stap nie

-
54. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebelie en de Handelwijze van de Regering met betrekking de Onderdrukking van deze, Bylaag B (3); Beëdigde verklaring van kapt. A. Louw, p. 67; Bylaag B (4), kapt. H. v.d. Merwe, p. 68.
55. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van T.M. Kikillus, p. 90; C.C. Freer, p. 88; J.J. Higgo, p. 92; D.P. Rousseau, p. 81.

die regte een is nie." Nog steeds kalm en in volle beheer van homself het hy hulle meegedeel dat dit sedert die Engelse oorlog sy plan en strewe was om sy land van die Engelse wat net op die land geteer het, te bevry. Hy wou voorts van die manne weet waarom hulle nie hulle eie regering en hul onafhanklikheid kon hê nie. Hy het hulle daaraan herinner dat genl. Hertzog wat slegs die beste vir sy land gee het tog deur Botha op skandalige wyse uit die kabinet gelaat is; op 'n vurige en driftige wyse het hy 'n aanval op die optrede van Botha gedoen en terselfdertyd die hoop uitgespreek dat hy eendag die geleentheid gegun sou word om man tot man met Botha te veg want "Botha het sy land en julle verraai." Hy het sy seuns weer eens verseker dat hulle slegs vir oefenkampe opgeroep was; oor Duitswes-Afrika het hy 'n droewige prentjie aan sy manne voorgehou en meegedeel dat diegene wat nie van dors sou sterf nie deur die Duitsers doodgeskiet sou word; origens het hy hulle verseker dat 'n botsing onvermydelik was as hulle na die grens sou gaan; hy het hulle herinner aan genl. Lukin wat verantwoordelik was dat 120 jong Afrikaners gedood, 70 gewond en 200 gevange geneem was by Ramansdrift. Hy het hulle verseker dat hy Botha afgeraai het teen die ekspedisie, maar Botha was nie bereid om na sy advies te luister nie. Hy het voortgegaan om hulle van sy korrespondensie en onderhandelings en ooreenkoms met die Duitsers in te lig en dat hy met hulle bystand die land sou bevry maar "ek vertrou op julle - julle Afrikaners moet vir julle eie onafhanklikheid veg." Hy het hulle gerus gestel en verseker dat hy nie van plan was om die Duitsers teen sy eie mense te help nie want "ek sal my God en my land nooit verraai nie." Maritz wat nooit die verlore onafhanklikheid kon vergeet nie en ook nie sy gevoelens teenoor die Engelse kon verberg nie, het nie nagelaat om sy manskappe te herinner aan die konsentrasiekampe waar 26 000 vrouens en kinders opgeoffer is nie. Maritz het een van sy kragtigste troefkaarte gespeel toe hy hulle verseker het dat die hele

Transvaal en 'n gedeelte van die Vrystaat gereed was om op te staan en dat genls. Beyers, de Wet en Hertzog sy plane goedgesind was. Hy het hulle verder meegeledeel dat hy sy uniform nie vir Engeland gedra het nie, maar slegs om sy land te dien en "ek haal nou hierdie onderskeidings-tekens voor julle en God af want ek wil veg vir die vryheid van my land. Ek sal nie berou hê nie, al vloei my bloed ook en die hemele weet ek sal my bloed in eer laat vloei. Julle weet dat ek 'n vrou en twee kinders het en ek het hulle baie lief, maar my land kom voor hulle." ⁵⁶

Maritz was sigbaar bewoë toe hy van die kis afklim, sy hoed aan die regterkant opslaan en vassteek met 'n Republikeinse kenteken, soos gebruiklik tydens die Anglo-Boereoorlog.

Hierop het kaptein L. Engelbrecht die korrespondensie tussen Maritz en Smuts asook die ooreenkoms met die Duitsers voorgelees. Engelbrecht het hierop vir Maritz as Generaal van die Rebelle-mag voorgestel. Dit is met 'n gejuig, behalwe onder die meksimafdeling begroet. ⁵⁷

Maritz het ook die krygsgevangenes toegespreek en sy spyt te kenne gegee dat hy hulle sodanig moes verneder maar sy nasie en sy land het dit genoodsaak. Hy het hulle ook meegeledeel dat hulle luit. Freer, hom tot 'n tweegeveg uitgedaag het. Hy het egter nie daartoe ingestem nie want dit kon tot onnodige bloedvergieting lei. Hy was egter bereid

-
56. SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion, Affadit K, Evidence of S.J. Heyns, serg.-maj. Naude, serg. A.W. van Wijk, serg. D.R. Burger, pp. (iii) - (v); CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklärings van D.P. Rousseau, pp. 81 - 82; J.J. Wilk, pp. 84 - 86; T.M. Kikillus, p. 90; W.J. Clark, p. 94; W.S. von Wit, p. 95; T.J.A. Smit, p. 109; T.J. Zandberg, p. 110; D.F. Botha, p. 89; U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebelleie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, Bylaag B (3), verklaring kapt. A. Louw, p. 67; Bylaag B (4), verklaring kapt. H. v.d. Merwe, p. 68.
57. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklärings van J.J. Wilk, p. 86; J.J. Higo, p. 92.

om enigeen van hulle in 'n tweegeveg te ontmoet. Hierna het hy die krygsgevangenes, wat sy optrede goedgekeur het, gevra om drie passe vorentoe te gee.⁵⁸ Twintig van hulle het vorentoe gestap, maar luit. Rousseau het oorgestap na die krygsgevangenes.⁵⁹ Laasgenoemde is deur Maritz aangesê om na Duitswes te marsjeer.⁶⁰

Later gedurende die dag het Maritz weer eens 'n gesprek met Rousseau gehad. Hy het Rousseau probeer oorreed om tog by die Rebellemag aan te sluit. Hy was selfs bereid om Rousseau as sy sekretaris aan te stel. Rousseau was nie bereid om dit te doen nie. Maritz het daarop Rousseau tot kapteinsrang bevorder om enigsins sy straf te verlig.⁶¹

Maritz het toe hy met die Duitsers onderhandel het, reeds verraad gepleeg, maar nou het hy hom skuldig gemaak aan rebellie. Om krag by sy argument te sit, het hy in sy toespraak 'n bewering gemaak wat van alle grond ontbloot was, naamlik dat die hele Vrystaat en 'n gedeelte van Transvaal gereed gestaan het vir opstand. Hy het 'n verdere leuen vertel deur te beweer dat hy die saak met genls. Beyers, Hertzog en de Wet afgespreek het.⁶² Die betrokkenheid van genl. Beyers al dan nie, is reeds volledig bespreek en daarom is dit nie hier ter sake nie. Die betrokkenheid van genls. Hertzog en de Wet, al dan nie word later bespreek. Die regering maar veral genl. Smuts, was bedag op

58. CSC. 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van D.P. Rousseau, p. 82.

59. Ibid.

60. CSC. 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van H.P. v.d. Merwe, p. 34; J.J. Higgo, p. 93; T.M. Kikillus, p. 91.

61. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van D.P. Rousseau, p. 83.

62. M.C.E. van Schoor: Die Rebellie (2), Die Huisgenoot, 14 Aug. 1914, p. 75.

ernstige reperkussies. Hy het reeds kennis gedra dat Maritz se kommando verskuif het na Cnydas, Lutzputs en Smalvisch en dat Stadler en sy vrywilligers op Kakamas agtergebly het. Smuts het op 9 Oktober Brits telegrafies opgedra om alles in sy vermoë te doen om te verhinder dat die Kakamas-kommando by Maritz aansluit. Hy het verder aan die hand gedoen dat Brits aan hulle (Stadler-kommando) moes laat weet dat Maritz ontslaan is, dat Bouwer aangestel is en dat die hele kommando op 'n vrywillige basis ge-reorganiseer sou word. Die onwilliges sou toegelaat word om huis toe te gaan. Brits moes ook vasstel of die vyand vanaf Nakob of Schuitdrift by Maritz aangesluit het.⁶³

Op 9 Oktober het Brits vir luit. W.J. Clark van die Inligtingsdiens, met korrespondensie na Maritz gestuur. Hy was deur luit. H.S. von Wit van die vervoer- en voorrade-afdeeling in Upington vergesel. Beide is egter te Van Rooisvlei as spioene gearresteer.⁶⁴ Die volgende dag het Brits vir luit.-kol. Ben Bouwer na Maritz gestuur met 'n brief, gedateer 9 Oktober, waarin Maritz verwittig is van beide Brits en Bouwer se aanstellings deur die Minister van Verdediging. Bouwer moes op Van Rooisvlei ook Maritz se ontslag aan hom oorhandig.⁶⁵ Bouwer moes vyf uur te perd ry om Van Rooisvlei te bereik. Hy is egter deur C.F. van Heerden, een van Maritz se wagte, gearresteer. Ongeveer 100 meter van Maritz se kamp het hy vir maj. Ben Coetzee en kapt. Engelbrecht ontmoet. Hulle het oorgeneem by van Heerden wat na die wagpos teruggekeer het.⁶⁶ Ben Coetzee het vir Bouwer na Maritz geneem.

-
63. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie, p. 98.
 64. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van W.J. Clark, p. 94; W.S. von Wit, p. 95.
 65. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk J, Brief van Brits aan Maritz, 9.10.14. Ongepagineerd.
 66. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van C.F.J. van Heerden, p. 99.

Die ontmoeting tussen twee oorlogstydse makkers, Maritz en Bouwer was heel vriendelik. Bouwer was egter heel gou ontnugter toe Maritz, nadat hy hom gegroet het, hom meegedeel het dat hy sy (Maritz) se prisonier is; en dat hy (Maritz) die vorige dag gerebelleer het. Bouwer was oortuig dat Maritz skerts, maar hy is verseker dat dit nie die geval is nie.⁶⁷ Maritz het in woede uitgevaar teen Smuts en Botha. Hy het Bouwer meegedeel dat hulle nie na die volk wou luister nie. Hulle wou hê dat hy die jong seuns oor die grens na Duitswes moes neem, waar hulle sou sterf van die honger en dors, daarom was hy verplig om die stap te neem wat hy geneem het. Hy het juis die vorige dag 60 man na Duitswes gestuur. Maritz het hom verder meegedeel dat hy Upington die volgende dag sou bombardeer en vandaar Wes-Kaapland sou binneval. Hy sou by Calvinia begin. Hy het bygevoeg dat die inwoners op hom gewag het en dat die Vrystaat en Transvaal ook gereed was om in opstand te kom, en dat hy 'n volslae sukses van die rebellie sou maak.⁶⁸ Terwyl die gesprek aan die gang was, het Andries de Wet, sy Vrykorps en die Duitse grofgeskut op Van Rooivlei aangekom.⁶⁹

Hierna is hulle, vergesel van Ben Coetzee en Adam Boshoff na Maritz se wa. Maritz het 'n hele pak korrespondensie aan Bouwer oorhandig. Hy het vlugtig daarna gekyk en veral een brief besonder goed onthou, want Maritz het dit spesiaal aan hom gewys. Hierdie brief van Junie 1913 was van die Duitse goewerneur en het Maritz bedank vir sy

67. A.L. Geyer-versameling, A55, No. N46490. Maritz se verklaring oor Rebelle Berlyn 1921, p. 14.

68. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking van de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van B.D. Bouwer, p. 41.

69. CSC 119B(1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van B.D. Bouwer, p.71; P. de Wet, p. 14.

dienste aan die Duitse regering. Maritz het ook aan hom sy ooreenkoms van 8 Oktober met die Duitse regering gewys.⁷⁰ Hierop het Maritz en Coetzee die wa verlaat. By sy terugkoms het Maritz Bouwer versoek om terug te gaan en aan die regering en Smuts mee te deel presies wat hy gesien het; dat Beyers, Kemp, de Wet, Hertzog en Muller na hom op Upington gestuur moes word sodat hy hulle kon raadpleeg; hy sou hulle raad volg en as hulle hom sou versoek om die wapens neer te lê en aan die regering moes oorgee sou hy dit doen, wat die regering ookal besluit om met hom te doen.⁷¹

Hy het Bouwer daarop gewys dat die saak baie dringend was en dat hy (Bouwer) sy bes moes probeer om die regering daartoe te oorreed, daar hy (Maritz) indien moontlik bloedvergieting wou voorkom. As die regering sou weier om met sy versoek in te val, sou hy Upington onmiddellik aanval en vandaar die Kaapkolonie binnetrek.⁷² Nadat Bouwer belowe het om sy boodskap oor te dra het Maritz hom vrygelaat. Vergesel van von Wit het Bouwer na Upington teruggekeer en volledig aan Brits gerapporteer.

Op 10 Oktober het Brits aan Smuts getelegrafeer dat Ben Bouwer deur Maritz gearresteer is; hy is egter toegelaat om na Upington terug te keer om Maritz se ultimatum te oorhandig: die regering moes hom waarborg dat genls. Hertzog, Beyers, de Wet, Kemp en Muller hom die volgende dag voor 10h00 by sy hoofkwartier sou ontmoet sodat hy

-
70. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van B.D. Bouwer, p. 71; U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van B.D. Bouwer, p. 42.
71. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van B.D. Bouwer, p. 72.
72. Ibid.

hulle instruksies kon aanhoor anders sou hy Upington, Kakamas en ander sentrums aanval. Volgens Bouwer was Maritz in besit van Hauwitzers en Pom-poms. Hy het die rang van 'n Duitse generaal beklee. Sestig offisiere en manskappe wat onwillig was om met hom saam te werk, is gevange geneem en aan die Duitsers oorhandig. Die Vierkleur is deur Maritz en die Duitsers gehys. Hy het Smuts egter verseker dat hulle gereed was om Upington te verdedig. Bouwer het verder gerapporteer dat Maritz aan hom sy ooreenkoms met die Duitsers (Duitse goew.) waarin die onafhanklikheid van die Unie gewaarborg word, getoon het. 73

Later dié dag het Brits berig dat Maritz aan Bouwer gesê het dat tensy hy anders aangeraai word deur Hertzog, Beyers en die ander generaals hy (Maritz) besluit het om te veg tot die bitter einde. Maritz het gespog dat hy in staat was om geheel Suid-Afrika plat te loop, en het vertel dat die Duitsers 100 kanonne en 'n onbeperkte hoeveelheid gewere, ammunisie en geld tot sy beskikking gestel het. Hy het ook aan Bouwer talryke heliograaf-berigte van die Duitsers getoon wat aangetoon het dat hy ten minste vanaf 10 September in kommunikasie met hulle was. Maritz het daarop geroem dat genl. Lukin daardie nag te Steinkopf omsingel sou word en dat hy besig was om die konsentrasie van Duitse troepe teen ander troepe-afdelings van die Unie te vergemaklik. 74

Die openlike rebellie van Maritz was in meer as een opsig die keerpunt in die protestbewegings teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname. Bloot die feit dat die rebellie by 'n afdeling van die Verdedigingsmag ontstaan het, het die situasie radikaal laat verander en die reeds gespanne toestand op 'n breekpunt voortgestu. Dit het Smuts die geleentheid gebied om krygswet oor die hele land te proklameer.

73. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreken der Rebelie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, p. 26.
© University of Pretoria

74. Ibid., p. 26.

Daarna sou die bewegings van ander leiers, wat nog 'n vreedsame oplossing gesoek het, ernstig gekortwiek word. Spoedig was hulle in 'n doodloopstraat. Die enigste ontsnapkans was om te rebelleer.

Maar om tot Maritz terug te keer. Sy rebellie was tegelyk van die vreemdste en mees dramatiese voorvalle in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Wat presies in sy gedagtes omgegaan het en watter sielewroeging hy moes deurworstel sal seker nooit vasgestel kan word nie. Die werklike verhaal hiervan sal nooit volledig vertel kan word nie. Omdat die gesproke woord in die meeste voorafgaande verwikkelinge die beslissende faktor was, het heelwat van die drama die navorser ontglip. En selfs al sou die ondersoeker hierdie woorde kan rekonstrueer, sal hy nooit in staat wees om die atmosfeer te herskep waarin Manie Maritz by Van Rooivlei opgetree het nie.

HOOFSTUK V

SMUTS TREE OP TEEN MARITZ

Die rebellie van Maritz het teen die agtergrond van emosionele hoogspanninge in Suid-Afrika plaasgevind. Enersyds was die gemoedere gaande oor die voorgenome Duits-Suidwes-veldtog, terwyl die ondersteuners van Botha en Smuts, na wie van Schoor op ewe emosionele wyse as "tierende en loeiende lojaliste" verwys, vergaderings van genl. de Wet in Potchefstroom (2 Oktober 1914) en van genl. Beyers in Pretoria (10 Oktober 1914) op uiters vernederende wyse ontwrig het. Die owerheid het gevolglik geen ander uitweg gehad as om die rebellie van Maritz met drastiese middelle te bekamp nie.¹

Op 11 Oktober is Keimoes deur Maritz en Kakamas deur Boshoff beset. Nadat die onderhandelings tussen Maritz en Smuts deur middel van mnr. J.H. Conradie en dié tussen Maritz en Brits om misverstande uit die weg te ruim misluk het, het Maritz sy magte op Keimoes saamgetrek. Op 'n vergadering in teenwoordigheid van von Zastrow het hy sy ooreenkoms met die Duitsers gefinaliseer. Hierna het hy sy magte na Kakamas, waar hy die Republiek van Suid-Afrika geproklameer het, verskuif. Op 22 Oktober het hy Keimoes nadat dit die vorige dag deur rege-ringstroope onder maj. Leipoldt beset is, aangeval. Na afloop van dié botsing, waartydens hy gewond is het hy teruggekeer na Kakamas om vandaar na Jerusalem in Duits-Suidwes-Afrika te vertrek. Op 24 Januarie is Stadler wat agtergebly het om Kakamas te verdedig deur die magte van Coen Brits verslaan waarop ook hy by Maritz te Jerusalem aangesluit het maar later teruggekeer het na Schuitdrift.

Generaal Smuts wat verwag het dat Maritz op een of ander stadium tot aksie sou oorgaan, het reeds op Sondag 11 Oktober 1914

1. M.C.E. van Schoor: Die Rebellen (2), Die Huisgenoot, 14 Aug. 1964, p. 76.

geheime instruksies aan al die landdroste in Noordwes-Kaapland uitgereik, waarin nie net die verraad van Maritz wêreldkundig gemaak is nie, maar hulle ook versoek is om deur middel van hul onderskeie kommandante die nodige maatreëls te tref om burgers te kommandeer ter beskerming van hulle distrikte.²

Ook genl. Botha het nie op hom laat wag nie. Gelyktydig met Smuts se geheime instruksies is die bekende "Bekendmaking of Manifest" opgestel en op Maandag 12 Oktober in die pers bekend gestel, op openbare kennisgewingborde aangebring en telegrafies versprei aan alle landdroste en krygsoffisiere met dié versoek dat dit dwarsdeur die onderskeie distrikte versprei moes word. In hierdie manifes, 'n "vermenging van korrekte en vals voorstellings",³ het Botha ten aanvang bekend gemaak dat daar sedert die bedanking van Beyers voortdurend aanduidings was dat alles nie pluis was met die mag van Maritz nie. Hy het die publiek verder ingelig dat die regering vir genl. Coen Brits na Van Rooisvlei gestuur het om die bevel by Maritz oor te neem; Maritz het nie net op brutale wyse geweier om sy bevel te oorhandig nie maar hy het Brits ontbied om self die kommando op Van Rooisvlei te kom oorneem. Voorts het Maritz ook op sy ontslag aangedring, waarop Brits vir Ben Bouwer gestuur het om dit te oorhandig maar hy is deur Maritz gearresteer; Bouwer is egter weer losgelaat net om sy (Maritz) se ultimatum aan die regering oor te dra. Hy het van die regering geëis dat genls. Beyers, Hertzog, de Wet, Kemp en Muller hom op Sondag 11 Oktober voor 10h00 in die oggend moes kom spreek sodat hy van hulle sy instruksies kon ontvang en indien dit nie

-
2. AG No.8: Lêer G307/9199, 152/31/9199, Rebellion Secrets, 11.10.1914, Opdragte van Smuts aan Landdroste van Upington, De Aar, Calvinia, Prieska, Carnarvon, Kenhardt.
 3. Oost, Harm.: Wie is die Skuldiges?, p.176.

sou gebeur nie sou hy Brits aanval en die Unie verder binne trek. Maritz het ook die rang van generaal beklee, in beheer van die Duitse troepe en hy het ook Duitse kanonne by hom gehad. Hy het sy eie offisiere en manskappe wat nie saam met hom by die Duitsers wou aansluit nie, as krygsgevangenes na Duitswes gestuur. Ook het hy 'n ooreenkoms met die Duitsers gesluit waarin die onafhanklikheid van die Unie as republiek gewaarborg is en Walvisbaai, benewens nog ander gedeeltes van die Unie aan die Duitsers afgestaan is; uit die talryke heliografiese berigte was dit duidelik dat hy sedert die begin van September 1914 in voortdurende verbinding met die Duitsers was; hy het daarop geroem dat hy ruim van kanonne, gewere, ammunisie en geld voorsien was en dat hy die hele Unie sou platloop.⁴

Hierdie uiters effektiewe, fyn deurdagte en berekende proklamasie het verreikende implikasies gehad en verdien daarom nadere betrragting. Hoe verraderlik en veragtelik die stap van Maritz ookal was en hoe geregtverdig die regering ookal was om kragtig en effektief op te tree, kan 'n paar vergrype in die "Manifes" nie verontagsaam word nie. Manie Maritz was nie in bevel van Duitse troepe nie; hy het nie die rang van generaal, in bevel van Duitse troepe, beklee nie; hy het immers net die Vrykorps toegelaat om by hom aan te sluit, en dié was onder bevel van Andries de Wet;⁵ hy is immers in 1924 na afloop van sy verhoor daaraan skuldig bevind dat hy die vyand bygestaan het.⁶ Hy het, soos blyk uit die talle getuienissoor Van Rooivlei, niemand

-
4. GG Union: 9/59/22a War 1914, G.S.W.A. Ongepagineerd.; U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 26.
 5. CSC 120 (1924): Rex vs Maritz, Verklaring van Maritz , 22 April 1924, p. 1.
 6. CSC 120 (1924): Rex vs Maritz, Uitspraak regter Gardiner , 24 April 1924, p. 22.

gevra om by die Duitsers aan te sluit nie, maar wel diegene wat nie by sy planne wou inval nie, as krygsgevangenes na Duitswes gestuur. Die implikasie uit hierdie bekendstelling was duidelik: Manie Maritz, 'n offisier van die Unie-Verdedigingsmag, het nie net verraad gepleeg nie, maar het ook op verraderlike wyse gemene saak met die Duitsers gemaak.

Ook genl. Beyers is op suggestiewe wyse deur Botha en Smuts voorgehou as sondebok en oorsaak van al die moeilikhede. Verder is die indruk gelaat dat die vyf generaals almal met Maritz geheul het. Generaal Hertzog het na die Rebellie voor die Gekose Komitee verklaar dat hy nooit by enige geleentheid 'n enkele woord met Maritz oor die onderhawige of enige soortgelyke daad met betrekking tot 'n opstand in Suid-Afrika gesig of in verband daarvan gekommunikeer nie.⁷

Botha het verder op Sondag 11 Oktober persoonlik die bevel van die Unie-Verdedigingsmag oorgeneem maar dit aanvanklik geheim gehou. Op dieselfde dag het Botha in 'n telegrafiese omsendbrief die Transvaalse kommandante van Maritz se verraad in kennis gestel en ingelig dat hy saam met 'n vyandelike mag opruk teen genl. Brits; dat hy gedreig het om Noordwes-Kaap binne te val; dat Brits dringend hulp benodig het; dat die regering besluit het om krygswet af te kondig en genoegsame burgers vir die verdediging van die Unie op te kommandeer; dat elk van hulle 100 burgers met perd, saal en toom moes kommandeer en op Donderdag 15 Oktober gereed moes wees. Die kommandante moes aanvanklik slegs vrywilligers en daarna ongetroudes kommandeer;

7. SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion, Evidence of J.B.M. Hertzog, p. 231.

in dié krisis⁸ tyd het die regering verwag dat elke offisier en manskap alle persoonlike gevoelens opsy sou skuif en hulle land en volk teen verraad sou help beskerm.⁸ Hierdie gekommandeerde burgers is nie net gebruik om die rebellie van Maritz en die rebellie in die Vrystaat en Transvaal te onderdruk nie, maar ook om Duits-Suidwes-Afrika binne te val. Genl. Botha is na die rebellie na hierdie inkonsekwente optrede, in teenstelling met sy vroeëre beloftes dat slegs vrywilligers gebruik sou word ondervra. Voor die Geregtelike Kommissie het hy getuig dat dit in die geval van Maritz anders was; dat die regering dit nie net met vrywilligers sou kon doen nie en dat dit buitendien die plig en eer van elke burger was om sy land te beskerm.⁹

Genl. Botha het ook op 11 Oktober vir oud-pres. Steyn telegrafies oor die verraad van Maritz ingelig. Hy het verder die hoop uitgespreek dat Steyn dit spoedig sou repudieer, tot die volk sal spreek want "'n woord van hom sou vergaan."¹⁰ Pres. Steyn het op 12 Oktober per brief geantwoord dat dit nie vir hom moeilik was om verraad te veroordeel nie, maar as hy tot die volk moes spreek, sou hy nie anders kon as om met hulle eerlik te wees nie; hy sou hulle daarop moes wys dat hyselv die regeringsbeleid met betrekking tot Duits-Suidwes-Afrika afkeur, meer nog, dat hy die regering reeds daarteen gewaarsku het en dat sy

-
8. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 34; U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, p. 386; Smuts-Argiewe: A1, No.26, Vol.CXI, Band 111, Unie van Suid-Afrika, Krygswet en Kommandering. Ongepagineerd.
 9. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, pp. 381 - 382.
 10. PM. Union of South Africa: 51/56/1914, Band 1/1/49, Defence, Rebellion of certain members of Defence Force, War G.S.W.A. 1914 - 1915. Ongepagineerd.

insiens andersins lojale offisiere onlojaal geword het vanweë die regeringsbeleid.¹¹ Botha was so verontwaardig oor die feit dat Steyn die regering verantwoordelik gehou het vir die rebellie dat hy op 13 Oktober aan Steyn gesagrafeer het dat as hy nie anders tot die volk kon spreek soos hy aangedui het nie, hy dan liewers niks moes sê nie want dit sou die volk nie aanmoedig om die owerheid getrou in hierdie krisis by te staan nie – die teendeel sou eerder gebeur.¹²

Op 12 Oktober het die regering die strafste van alle teenmaatreëls, nl. krygswet, afgekondig. In die gepaardgaande verduidelikende proklamasie is bekend gemaak dat die Duitsers van Duits-Suidwes-Afrika by wyse van 'n spioenasienetwerk en geheime propagande Suid-Afrikaanse burgers en offisiere tot rebellie oorreed het. Hierdie pogings was so geslaagd dat Maritz op verraderlike wyse na die Duitsers oorgestap en openlik teen die regering gerebelleer het.¹³ Krygswet het ook die protesvergaderings wat oral in die Vrystaat en Transvaal aan die orde van die dag was verbied.

Omdat Prieska die voorrade- en ammunisiedepot van die regering was, het Smuts spesiale voorsorgmaatreëls getref in die lig van Maritz se verraad. Op Sondag 11 Oktober is Prieska ook onder krygswet geplaas.¹⁴

Maritz te Keimoes

Terwyl bovemelde verwikkelinge in Transvaal aan die gang was, het Maritz hom op Sondagoggend 11 Oktober 1914 nog op Van

-
11. PM 51/56/1914, Union of South Africa: Band 1/1/149, Defence, Rebellion of Certain members of Defence Force G.S.W.A. 1914 – 1915. Ongepagineerd.
 12. U.G. 46 – '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek na de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 127.
 13. Staatskoerant: Unie van Suid-Afrika, Vol. XVIII, No.588, Proklamasie No. 219, 12.10.1914.
 14. Staatskoerant: Unie van Suid-Afrika, Vol. XVIII, No.587, Proklamasie No. 218, 10.10.1914.

Rooisvlei bevind. Volgens afspraak met von Heydebreck, sou Maritz Upington op Sondag 11 Oktober aanval. Maritz se kommando, tesame met die Vrykorps en die Kakamaskommando, wat desnieteenstaande Smuts se opdrag aan Brits tog daarin geslaag het om by Maritz aan te sluit,¹⁵ het een duisend man getel. Op dieselfde oggend het Maritz se kommandoolede, elk met 'n vierkleurtjie op die opgeslane regterrond van sy hoed, en 'n groot Vierkleur vooraan die kommando, met vier Duitse kanonne, twee Pom-poms en vier meksims, Van Rooisvlei in die rigting van Upington verlaat. Tog het Maritz nie, soos aanvanklik beplan, Upington aangeval nie. Die kommando is verdeel: kapt. P. de Villiers moes in die koppies noord van Upington wag; kapt. A. Boshoff en sy afdeling moes Kakamas beset, terwyl Maritz self na Keimoes, heelwat nader aan die Duitse grens as Upington, vertrek het. Op dieselfde dag het hy aan luit. Hansie Bergman opdrag gegee om die telegraafdrade tussen Draghoender en Kenhardt en Draghoender en Upington te knip.¹⁶ Onderweg na Keimoes het Maritz op 'n konvooi van Brits en Enslin by Rateldraai afgekom. Maritz het van die seiners gevange geneem en met hom saamgeneem.¹⁷ Hy het Keimoes laatmiddag op 11 Oktober bereik. Sy voorneme was om hiervandaan Prieska, die voorrade- en ammunisiedepot van die regering, te verower, vandaar na De Aar op te ruk en dan die Kaapkolonie en die gewese Boererepublieke binne te val. Adam Boshoff het op dieselfde aand ook Kakamas beset.

-
15. GG Union: 9/59/16, War 1914 - 1915, G.S.W.A. Daily Bulletins issued by Department of Defence 21 Sept. - Oct., Report of genl. C. Brits. Ongepaginateerd.
 16. GG Union: 9/59/16, War 1914, Operations in G.S.W.A., Daily Bulletins by Department of Defence from 21 Sept.- Oct. incidents. Ongepaginateerd; CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van F. Strauss, p. 146.
 17. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van B.G.L. Enslin, p. 159.

Maritz het steeds gewag en gehoop dat een van die vyf eer=tydse Boeregenerals tog nog sou opdaag, maar die tydgrens was reeds lank verstreke. Vir hom was dit 'n groot teleurstelling, maar die teleurstelling was nog groter toe hy in Keimoes aankom en merk hoe sy eie mense, die Afrikaners van die Noordwese voor hom uitvlug, in die rigting van Kenhardt. Hy het gehoop om as die draer van hulle onaf=hanklikheid deur hulle verwelkom te word. Hierdie gebeure het Maritz so diep geroer dat hy dae lank nie geëet het nie. Hy het nogtans van sy manne agter die vlugtelinge aangestuur en op sy versekering dat daar met hulle niks sou gebeur nie, het hulle weer teruggekeer. ¹⁸

Maritz, die rusteloze man van aksie, het egter ook goed besef dat elke uur se uitstel sy eie kans op sukses verskraal het. Hy het op Maandagoggend, 12 Oktober, in opvolging van 'n gesprek die vorige aand met Adam Boshoff, met mnr. J.H. Conradie, superintendent van die N.G. Kerk se Arbeidskolonie op Kakamas, in verbinding getree. Aan Conradie het hy verduidelik dat hy geweier het om ingevolge regeringsopdrag Duits-Suidwes-Afrika aan te val; dat hy sy bedanking aangebied het en dat hy gewapende teenstand teen die regering sou bied. Hy het teenoor Conradie sy begeerte herhaal om genls. Beyers, Hertzog, de Wet en Kemp te raadpleeg; as hulle aan hom sou sê dat hy verkeerd opgetree het, sou hy die wapens neerlê. ¹⁹

Conradie het vir Maritz oorreed om hom (Conradie) toe te laat om met Botha en Smuts te onderhandel oor dié aangeleentheid.

-
18. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 78; CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van J. Williamson, p. 76.
 19. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van J.H. Conradie, p. 295.

Maritz het verder onderneem om hom van krygsoperasies te weerhou solank hierdie onderhandelings aan die gang was en dientengevolge opdrag aan sy offisiere gegee om Conradie ongehinderd deur te laat.²⁰

Intussen het Maritz se probleme vermenigvuldig. Smuts het die situasie knaphandig hanteer: sy stappe was daarop bereken om Maritz geheel van die Vrystaat en Transvaal af te sny, hom te isoleer en ook te verhinder om die Kaapkolonie binne te val. Uit die daaropvolgende opdragte van Smuts word dit duidelik dat Maritz slegs na Duitswes-Afrika sou kon ontsnap. Stelselmatig is die kordon om Maritz gespan. Tussen 11 en 13 Oktober is maj. B. Enslin in bevel van 'n berede kommando in die omstreke van Upington geplaas; in Prieska en De Aar is lede van die Skietvereniging in 'n kommando saamgesnoer, terwyl luit.-kol. Bouwer in beheer van Kenhardt geplaas is.²¹ Kapt. Jenner het opdrag ontvang om na Draghoender te verskuif en patrolliewerk in die rigting van Kakamas te doen terwyl hy terselfdertyd vir Brits op Upington en Bouwer op Prieska op die hoogte van sake hou.²² Verder het genl. Jaap van Deventer spesiaal opdrag ontvang om na Calvinia te gaan en 'n kommando op die been te bring uit die distrikte van Namakwaland, Van Rhynsdorp, Calvinia, Clanwilliam, Victoria-Wes en Carnarvon; die kommando van Springbok moes benewens hulle eie distrik ook Garies verdedig;²³ kol. R. Royston moes met 1 000 man van die "Natal Light Horse" vanaf Prieska na Upington opruk, die telegraaflyne by Draghoender herstel en dan by Brits aansluit. Lukin

20. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van J.H. Conradie, p. 295.

21. AG No.8 307/9199: Lêer 152/31/9199, Rebellion Telegrams, No.548, 11.10.14. Ongepagineerd.

22. Ibid., telegram No. 176/31. Ongepagineerd.

23. Ibid., telegram No. G/38/307. Ongepagineerd.

moes by Pella en Houmsdrift opereer, maar moes nie te betrokke raak nie.²⁴ Luit. Hansie Bergman het toe hierdie drade herstel is van die werkers gearresteer maar ook vir L.T.H. Spencer van die "Imperial Light Horse" doodgeskiet.²⁵

Op 12 Oktober het Hertzog vir Botha verwittig dat hy van ene Roux en Coetsee 'n telegram vanuit Prieska ontvang het waarin 'n dringende beroep op hom gedoen is om behulpsaam te wees om die Maritz-opstand sonder enige bloedvergieting te help beëindig. Hertzog het Botha meegedeel dat hy bereid was om die regering te help.²⁶ Hierop het Botha geantwoord dat hy dieselfde telegram ontvang het en dat hy die twee here geantwoord het dat niemand die verraad van Maritz meer betreur as hy nie, maar dat daar nie met rebelle-leiers onderhandel sou word nie en dat rebellie alleen met geweld onderdruk kan word. Botha het verder teenoor Hertzog die mening gelug dat 'n openbare repudiëring van Maritz deur Hertzog en die ander generaals veel sou kon bydra tot die bereiking van die beoogde resultaat. Ten slotte wou Botha van Hertzog weet of hy enige verdere voorstel kon doen.²⁷ Hertzog was ontsteld oor die laaste vraag van Botha; hy was oortuig dat die Eerste minister nie alleen sy naam beklad, beswadder en besmeer het nie, maar dat Botha hom (Hertzog) ook verknoop het aan 'n man op wie daar as 'n verraaijer neergesien is;²⁸ Hertzog het hierop 'n saak teen Botha aanhangig gemaak.²⁹

-
- 24. GG Union: 9/59/16, War 1914, Operations against German South West Africa. Ongepagineerd.
 - 25. GG Union: 9/59/22a, War 1914, German South West Africa, 20.10.14. Ongepagineerd.
 - 26. PM Union: 51/56A/1914, Band 1/1/149, Defence Rebellion, Genl. Hertzog's offer, 15.10.1914. Ongepagineerd.
 - 27. Ibid..
 - 28. SC 1 - '15: Report of Select Committee, Evidence of genl. J.B.M. Hertzog, p. 231.
 - 29. Ibid., p. 235.

Terwyl hierdie telegramwisseling aan die gang was, het Maritz sy hele kommando, ook dié gedeelte onder Louw en Stadler, op Keimoes byeengebring. Sommige van sy manskappe asook luit. Oosthuizen het gedros omdat daar aanduidings was dat Upington nie aangeval sou word nie. Maritz het al sy offisiere byeengeroep. Hy het weer eens die ware toedrag van sake aan hulle verduidelik, naamlik dat die regering hom oor die grens wou dwing en dat hy geweier het; dat hy sy ontslag gevra het, maar dat die regering dit nie aanvaar het nie en vir Brits gestuur het om sy bevel oor te neem; dat hy die regering versoek het om die vyf generaals na hom te stuur sodat hy hulle advies kon aanhoor. Hy het vervolgens op die offisiere 'n beroep om samewerking gedoen, dog hy sou nie een van hulle verplig om saam met hom te gaan nie. Hy sou voorts sy bes doen om nie bloed te vergiet nie, want hy wou slegs protesteer. Sover dit die onafhanklikheid van Suid-Afrika betref, was die Duitsers bereid om te help; trouens von Zastrow was met wapens reeds by hulle, hoewel hy nog nie 'n ooreenkoms met die Duitsers gefinaliseer het nie. Hierna het Maritz sy manskappe toegespreek en boegenoemde mededelings herhaal. Hy het ook herbevestig dat hy bereid was om te veg en dat enigeen van hulle wat nie hier toe gereed was nie maar huis toe kon gaan.³⁰ Op sy beurt het von Zastrow, nadat hy hulle toegespreek het, 'n voorbereide ooreenkoms met Maritz voorgelees, wat daarna onder die burgers versprei is. Dit het op die volgende neergekom: Maritz sou Suid-Afrika onafhanklik verklaar en Brittanje die oorlog aansê; die Duitse goewerneur sou hulle as bondgenoot

30. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van F.W.H. Low, p. 102; K. Rood, p. 105; A.P. v.d. Merwe, pp. 107 - 108; C.F.J. van Heerden, p. 100; U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van S.J. Heyns, p. 13.

teen Brittanje ondersteun; die Duitse goewerneur sou alles in die werk stel om enige gedeelte van Suid-Afrika wat onafhanklik verklaar word internasionaal erken te kry; in ruil vir Duitse hulp sou die nuutgevonde State geen beswaar maak dat Duitsland vir Walvisbaai en die eilande aan die kus van Duitswes-Afrika in besit neem nie; die middel van die Oranjerivier sou in die toekoms die grens tussen Duitswes en die Kaapkolonie wees; die Duitse regering sou geen beswaar opper indien die nuwe Suid-Afrikaanse Staat Delagoabaai inpalm nie; en indien die opstand misluk sou die opstandelinge wat na Duitswes uitwyk as Duitse onderdane beskou en behandel word.³¹

By hierdie geleentheid het Maritz en sy offisiere besluit dat dit ook raadsaam sou wees om 'n soort "Krygsraad" in die lewe te roep wat voortaan sake sou reël en namens die rebelle-mag die verdere onderhandelings met die Duitsers sou behartig. Tot hierdie raad is Maritz, Andries de Wet en Piet de Villiers verkies.³² Daarmee is die Maritz-rebellie van 'n gesagsbasis voorsien; niemand kon nou meer enige twyfel hê oor sy bedoelinge nie.

Hierna het 'n derde vergadering waaraan ook die offisiere en die Duitsers deelgeneem het, plaasgevind. Dié vergadering moes uitsluitsel gee oor die netelige kwessie of hulle tot geweld sou oorgaan en of hulle slegs sou protesteer. Luit. Mader van Niekerk, gesekondeer deur kmdt. Piet de Villiers, wou dat Upington dadelik aangeval moes word. Maritz, by

-
31. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Maritz – von Zastrow-ooreenkoms, Bewysstuk Z5. Ongepaginateerd.
 32. SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion, Affadit of K. Rood, p. (ii).

wie dit ongewoon was, het nie net getwyfel nie, maar ook gehuiwer en hulle versoek om dit aan hom en die offisiere oor te laat want hulle beskik wel oor 'n uitgewerkte plan.³³

Die volgende dag, 13 Oktober, het die kommando verskuif na Daysonsklip, in die rigting van Upington, waar hulle oor= nag het.³⁴ Vanhier het Maritz vir H.O. Davis, met 'n brief na genl. Coen Brits gestuur.³⁵ Die volgende dag het Maritz vir Herbert Steyn, eienaar van Daysonsklip, voor= uit gestuur om Brits mee te deel dat hy (Maritz) saam met kmdte. Piet de Villiers en A.J. (Koper) Kampher vooruit kom om Brits by Blomsemond te ontmoet.³⁶ In sy brief aan Brits het Maritz verklaar dat hy graag 'n laaste poging wou aan= wend om 'n oplossing vir die moeilikhede te vind. Voorts het hy Brits verseker dat die stap wat hy geneem het 'n sterk protes was teen die regeringsbeleid om met seuns Duits- Suidwes-Afrika te verower; dat hy nie graag die oorsaak sou wou wees dat Afrikanerbloed vergiet moes word nie; maar hy kon ook nie toelaat dat seuns wat aan hom toevertrou was opgeoffer sou word in 'n onderneming waarteen die hele volk gekant was nie. Hy het verder voorgestel dat hy en Brits mekaar moes ontmoet en te kenne gege~~e~~ dat hy by die beslissing van die volk sou berus, maar dan moes hy die geleentheid ge= gun word om die leiers van die volk te ontmoet; die enigste oogmerk met sodanige ontmoeting was om die situasie te be= spreek en het niks te make met die bewegings van die troepe

33. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie, p. 109.

34. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring H. Steyn, p. 74.

35. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring H.O. Davis, p. 98.

36. CSC. 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring, F.W.H. Low, pp. 102 - 103; Ibid., Beëdigde verklaring van H. Steyn, p. 74.

gehad nie; Brits moes voor 14h00 die volgende dag antwoord en as hy nie daaraan kon voldoen nie, soos in die geval van Bouwer, sou hy (Maritz) sy protes op 'n ander manier laat voel. Ten slotte het hy gedreig dat indien hierdie poging om konflik te vermy misluk, hy die genoegdoening sou hê dat hy alles in sy vermoë gedoen het om geweld te voorkom, en dan geregtigheid sou wees om met die swaard te soek wat lydelike verset nie kon vermag nie; hy het ontken dat hy vir die Duitsers geveg het of dat hy hulle gevra het om oor die grens te kom; hy wou slegs die Afrikaner beskerm en sou graag die beslissing van die volk wou hê voordat hy verdere stappe sou neem. ³⁷

Tot Maritz se groot teleurstelling het Brits nie opgedaag nie, maar wel Leipoldt, met wie hy vantevore reeds by Van Rooivlei onderhandel het. Volgens die getuenis van Leipoldt, het hy daarin geslaag om Maritz, na 'n baie lang gesprek, te oorred om die aanval op Upington uit te stel tot 16h00 daardie middag. ³⁸ Welke argumente Leipoldt hiertoe gebruik het, is onbekend. Daardie nag het Maritz weer op Daysonsklip oornag. Die Duitsers sowel as Stadler was baie ontevrede omdat Upington nie aangeval is nie. ³⁹

Intussen het Conradie na Kenhardt vertrek. Ook die mense van Kenhardt het gevlug en die plaaslike landdros het die telegrafiese apparaat met hom meegeneem. Daarop het hy na Prieska vertrek en op 13 Oktober het hy aan Smuts getelegraaf van sy onderhoud met Maritz: van Maritz se klagte dat hy geen antwoorde op sy versoek in verband met die generaals

37. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk J, Maritz aan Brits, 13.10.14. Ongepaginateerd.

38. SC 1 - '15: Report of Select Committee, Evidence of J.G.W. Leipoldt, p. 123.

39. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie, p. 109.

ontvang het nie; Conradie het die regering versoek om selfs ten koste van die vernedering met Maritz te onderhandel en aan sy versoek gevolg te gee. ⁴⁰

Soos so dikwels in die verlede het Smuts weer eens 'n vertragingspolitiek gevolg. Nog dieselfde dag het hy Conradie laat weet dat Beyers nie in Pretoria was nie, maar dat genl. Botha hom ontbied het; voorts het hy Conradie verwittig dat dit moeilik en tydrowend was om met de Wet en Hertzog in verbinding te tree. ⁴¹

Botha het inderdaad op die telegram gereageer en Beyers weer eens ontbied. Aan Beyers het hy die versekering gegee dat hy enige van die generaals wat deur Maritz genoem was kon saam neem, ⁴² dit wil sê ook genl. Hertzog. Die onderhoud het ongelukkig op dieselfde dag plaasgevind waarop Botha se weiering om genl. Hertzog na Maritz te laat gaan in die koe=rante gepubliseer is. Gevolglik het Beyers ook geweier. Botha sou by dié geleentheid ook gevra het of hy (Beyers) hom nie wou help nie aangesien hy in die moeilikheid was in verband met die Duitswes-ekspedisie. ⁴³ In antwoord op 'n vraag waarom hy bereid was om genl. Beyers te laat gaan en nie Hertzog nie, het Botha voor die Geregtelike Kommissie getuig dat Beyers die man was wat invloed oor Maritz gehad het, dat Beyers vir Maritz aangestel het en dat hy aan Maritz

-
40. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 31;
U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van J.H. Conradie, p. 295.
41. Ibid., p. 31; Ibid., p. 296.
42. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, p. 386.
43. Scholtz, G.D.: Die Rebelle, 1914 - 1915, p. 177.

instruksies gegee het, daarom het hy gedink dat Beyers die regte man was om te gaan.⁴⁴ Ook hierdie verduideliking van Botha was nie in alle opsigte korrek nie. Smuts het Maritz aangestel en daar was sedert die dae van die Anglo-Boereoorlog 'n besondere verhouding tussen dié twee persoonlikhede. Intussen het Maritz vir luit. Hansie Bergman en agt man gestuur om die drade suid van Keimoes te knip om Upington verder van die buitewereld af te sny. By dié geleentheid het hy nege van die regeringstroepe te Rietfontein gevangene geneem waartydens luit. L.T.H. Spencer, 'n kavallaris van die Imperial Light Horse gedood is. Daarna het hulle na Rateldraai vertrek. Die Imperial Light Horse onder een kapt. Rennie het egter op die toneel verskyn en Bergman en 80 manne waaronder luitenant du Toit en Kruger verplig was om oor te gee, maar nie voordat hulle daarin geslaag het om versterkings vanaf Maritz te ontbied nie.⁴⁵ Hierop het Maritz vergesel van kapt. P. Joubert, P. de Villiers en 50 man na Rateldraai vertrek slegs om te vind dat hulle oorgegee het en as gevangenes na Kimberley geneem is.⁴⁶ Onderweg na Rateldraai het Maritz vir J. Williamson, die boodskapper van Brits, ontmoet. Aan Maritz het hy 'n brief van Brits, geskryf deur kol. Ivan Swemmer, oorhandig. Nadat hy die brief oorhandig het is hy gevange geneem.⁴⁷ Hierin is Maritz beskuldig dat die stap wat hy en sy offisiere geneem het op valse veronderstellinge berus het: dit was nie waar dat die regering hom

-
44. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Suid-Afrika, Getuenis van genl. L. Botha, p. 390.
45. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van B.G.L. Enslin, p. 159; GG Union: 9/59/22a, War 1914, G.S.W.A. Ongepagineerd.
46. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie, p. 109.
47. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van J. Williamson, pp. 76 - 77.

oor die grens gedwing het nie; trouens die regering het telkens die versekering gegee dat die ekspedisie slegs met vrywilligers onderneem sou word. Maritz is verseker dat die grootste gedeelte van die Boerebevolking wel die regering ondersteun het en nie vir hom (Maritz) nie; dat daar duisende vrywillig aangesluit het om teen Duitswes-Afrika te veg; dat daardie troepe binnekort op die grens sou wees en dan kon hy die seuns oor wie hy so begaan was, gebruik om teen hulle te veg. Maritz is ook verwyt dat die gruwelike burgeroorlog wat hy ontketen het die Afrikanerdom sou uitwis deur broeder- en vader-moord en dat die Duitse wapens in sy besit nie teen Britse soldate gebruik sou word nie maar teen mede-Afrikaners. Ten slotte het Brits gewaarsku dat hy sy plig as soldaat teen Maritz sou uitvoer.

48

Op 15 Oktober het Maritz Brits tereggewys dat dit nie vir hom nodig was om hom op die gevare te wys waarin hy hom bevind nie. Voorts het Maritz daarop gewys dat dit 'n leuen was dat die regering hom nie oor die grens wou laat gaan nie want hy het geskrewe instruksies daartoe gehad. Bloot die teenwoordigheid van soveel "Afrikanerbloed" (Afrikaners) in Brits se kommando, het hom (Maritz) van bloedvergieting weerhou, anders was Brits se kommando lankal krygsgevangenes. Ten opsigte van die Duitse offisiere en kanonne het Maritz verklaar dat hulle onder sy persoonlike toesig staan en bygehaal is om te verseker dat hy en sy manskappe "nie met koue hande gevat sal word nie". Die swaard wat hy getrek het, was teen die leuenagtige regering en nie teen die Afrikanervolk nie. Die lewensverlies as gevolg van die oorlog teen die Duitsers het hy ook aan die drumpel van die regering gelê. Hyself het ook die vrede nagejaag maar dit kon slegs verwesenlik word indien daar 'n

48. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk J, Brits aan Maritz, 14.10.1914. Ongepagineerd.

regeringsverandering plaasvind en die Afrikaners vry word.
Hierop het Maritz na Keimoes teruggekeer nadat maj. Ivan
Swemmer en kapt. A.P. van Rooyen en 120 man tevergeefs
probeer het om hom en sy 50 man gevange te neem. 50

Op 16 Oktober het Brits twee verdere briewe van Maritz ont= vang. In die eerste brief het Maritz, nadat hy verneem het dat Bergman en sy mede-gevangenes onregverdig behandel is, verklaar dat indien hulle onbehoorlik behandel word hy Maritz sou wraak neem op gevangenes van hom (Brits) wat toe by hom was. 51 In die tweede brief, geskryf deur Adam Boshoff na mens Maritz, is Brits daaraan herinner dat daar tye was dat hulle saam gely en gestry het vir die "heilige saak" van hulle land en volk; dat hulle weer eens so 'n geleentheid gehad het; ook het Maritz Brits verseker dat hy bewus was dat hy (Brits) 'n goeie Afrikaner was en dat sy hart nog warm vir sy volk geklop het. Ten slotte het hy aan Brits 'n afskrif van sy ooreenkoms met die Duitsers gestuur en 'n beroep op Brits gedoen om gehoor te gee aan die "roepstem van sy volk." 52

Die vier dae tussen 12 en 16 Oktober 1914 wat deur bover= melde korrespondensie in beslag geneem is, toon weer eens hoedanig Maritz deur Smuts uitoorlē is. Ten einde tyd te wen om versterkings aan te bring en die kordon van regerings= magte stywer rondom Maritz te trek, het Smuts deur middel van Coen Brits die breedsprakige Maritz verlei om sy saak

-
49. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk J. Maritz aan Brits, 15.10.14. Ongepagineerd.
 50. Harm Oost-versameling: A.220, No.28, Die Rebellie, p. lll.
 51. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk J, Maritz aan Brits, 16.10.1914. Ongepagineerd.
 52. Ibid.

tot vervelens toe in briewe en telegramme te verduidelik. Maritz het niks bereik met sy beroepe op Brits *en* sy herhaalde bevestiging van sy patriotiese motiewe nie. Wat egter wel gebeur het, is dat die regeringsmagte nou ten volle op die hoogte was waar Maritz hom bevind het.

Trouens, teen 16 Oktober was Maritz self bevrees dat hy deur Brits aangeval sou word. Hy het daarop besluit om sy hele kommando van 1 300 man op Kakamas saam te trek. Aan Conradie het hy te kenne gegee dat hy nie langer kon wag nie en dat hy tot aksie moes oorgaan.⁵³ Conradie was intussen terug op Kenhardt waar die telegraaflyne herstel was. Van Smuts het hy 'n telegram ontvang wat hom in kennis gestel het dat Botha sedertdien met Beyers onderhandel het, maar dat Beyers eers "sy vriende" wou raadpleeg, en alhoewel hy hulle reeds geraadpleeg het, het Beyers nog nie 'n bepaalde antwoord gegee nie. Conradie is ook verseker dat Smuts geen beswaar het as Maritz persoonlik met Beyers of president Steyn in verbinding wou tree nie maar dit kon nie langs (met) "regeringslyne" geskied nie.⁵⁴ Ook hierdie boodskap is aan Maritz oorgedra. Die implikasie was duidelik: Maritz sou sy stellings moes verlaat om met Steyn en ander te beraadselaag - en dit was presies wat Smuts wou hê.

Op Kakamas het Maritz weer eens sy manskappe toegespreek. Hy het sy voorneme om te protesteer herbevestig. Hy was egter nie van plan om enigeen van hulle te dwing om hom te vergesel nie. Ook het hy hulle ingelig dat hy sy kommando gaan

53. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellion in Zuid-Afrika, Getuienis van J.H. Conradie, p. 296.

54. AG 8, G307/9199, Rebellion Telegrams, Smuts to Conradie, 17.10.1914. Ongepagineerd.

verdeel; dat die jongmans en hulle offisiere na hulle onderskeie distrikte gestuur gaan word om vas te stel hoe hulle ouers oor die aangeleentheid voel en dan finaal te besluit. Nadat Maritz hulle toespraak het, het Andries de Wet die manne verseker dat hy enige protes verwerp en dat hy slegs wou veg. Uit die getuienis van Conradie, wat die vergadering op uitnodiging van Maritz bygewoon het, was dit duidelik dat die toespraak van de Wet beroering gebring het en gemoedere hoog laat loop het.⁵⁵ Hierna het Conradie, verseker deur Maritz dat hy nie gevange geneem sou word nie, die kommando daarop gewys dat hulle op die verkeerde pad was en dat dieselfde Keiser wat vir pres. Kruger nie wou ontvang nie nog aan bewind was en dat hulle sodra hulle vry sou wees 'n Duitse kolonie sou word. Conradie het bygevoeg dat hy geen begeerte het om deur die Duitsers reeger te word nie, waarop Maritz be-aam het dat hy die Britse vlag bo die Duitse vlag verkies het.⁵⁶ Conradie het hierdie gebeure aan Smuts getelegrafeer en hom weer eens versoek om die betrokke generaals na Maritz te stuur om bloedvergieting te voorkom. Ook het hy aan Beyers getelegrafeer om aan Maritz se versoek te voldoen deur saam met Hertzog en de Wet met hom te kom beraadslaag.⁵⁷

Teen middel Oktober 1914 wou Maritz dus nog net protesteer hoewel hy telkemale gedreig het om "die swaard te trek." Maar Smuts het blykbaar toe reeds besluit om van Maritz 'n voorbeeld te maak en hoewel hy voorgegee het dat hy bereid was dat Maritz met sekere Boere-generaals kon beraadslaag,

55. SC 1 - '15: Report of Select Committee, Evidence of J.H. Conradie, p. 132.

56. Ibid.

57. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 31.

het hy soveel praktiese struikelblokke in sy weg gelê dat dit haas 'n onbegonne taak geword het.

Maritz self moes op hierdie stadium tot die oortuiging begin raak het dat die uurglas besig was om leeg te loop. Hy het gevolglik op 'n "gevegslyn" besluit met Keimoes as neutrale gebied. ⁵⁸

Op Kakamas het Maritz daartoe oorgegaan om te doen wat hy nog altyd wou doen. Hy het die Republiek van Suid-Afrika geproklameer en in 'n boodskap aan die Afrikanervolk verklaar dat die "dag van verlossing" aangebreek het; dat die volk van Suid-Afrika in opstand gekom het en die stryd aangeknoop het teen die gewraakte en gedwonge Britse oorheersing; dat die troepe van die nuutgestigte Republiek Brittanje die oorlog aangesê het en dat die regering van die republiek verteenwoordig is deur genl. Maritz, kmdt. de Villiers en Jan de Waal van Calvinia. Ten slotte is 'n berroep op alle vryheidliewende burgers gedoen om "hulle pligte doen teenoor die geliefde Vierkleur." ⁵⁹

Ooreenkomsdig die besluite wat op Kakamas geneem is, is die offisiere, Ben Coetzee, Reenen de Villiers en Andries Louw, met ongeveer 300 jong manne in die rigting van Kenhardt gestuur. Hulle het Kenhardt op 21 Oktober bereik en beset nadat die magistraat en heelwat van die inwoners gevlug het. ⁶⁰

-
- 58. GG Union: 9/59/22a, War 1914, G.S.W.A. Report to Secretary of State, 17.10.1914. Ongepageneerd.
 - 59. G.S. Preller-versameling: A787, No.163, Maritz-rebellie, Pretoria News, 9.9.1915. Ongepaginateerd; U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, p. 121.
 - 60. SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion, Affadit by S.J. Heyns, serg.-maj. Naudé, serg. A.W. van Wijk en serg. D.R. Burger, p. (viii).

Daarna het hulle in weerwil van 'n opdrag van Maritz om na Keimoes terug te keer⁶¹ verder suidwaarts oor Klipbank tot by Bakke getrek, waar hulle mag in twee verdeel is: kapt. Louw sou na Calvinia opruk en Ben Coetzee en de Villiers na Carnarvon. Dit het rampspoedige gevolge gehad: Coetzee en de Villiers het by Breekkierie met hulle hele mag asook twee meksims aan die regeringsmag onder maj. Koos Naudé oorgegee,⁶² terwyl Louw se kommando naby Brandvlei deur 'n regeringsmag onder maj. P.A. Vermaas gevange geneem is.⁶³ Dit was 'n gevoelige slag vir Maritz se mag.

Intussen het Maritz Kakamas verlaat sodat sy neutrale gebied tussen hom en die regeringsmagte afgebaken kon word.⁶⁴ Aan Stadler met sy vrywilligers het hy toestemming verleen om tot die volgendeoggend te vertoeft waarop ook hulle na Vaalhoek vertrek het waar hulle 'n patrollie van 25 man onder ene luit. von Willigh gelaat het. Op 20 Oktober het hy berig dat die regeringstroope op Keimoes was.⁶⁵ Maj. Leipoldt het met 'n verkenningsgroep Keimoes bereik en verslag aan Brits gedoen. Op 21 Oktober het Brits en Enslin Keimoes besoek, maar na 'n kort rukkie weer vertrek en 150 man onder ene kapt. Ross van die Imperial Light Horse en ook kapt. A.P. van Rooyen, daar gelaat.⁶⁶ Laat-aand het

-
61. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van F.J. Strauss, p. 146.
 62. Ibid., Beëdigde verklaring van C.F.J. van Heerden, pp. 100 - 101; U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van C.F. van Zijl, p. 75.
 63. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van kol. I. Meyer, p. 131.
 64. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebelle, p. 114.
 65. Ibid..
 66. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van B.G.L. Enslin, p. 159.

hulle berigte ontvang dat Maritz in aantog was. Daardie nag het hulle op Enkel Duin digby Keimoes oornag. Die volgendeoggend vroeg is hulle deur die poort, digby Keimoes en het hulle posisies, soos beplan, ingeneem. Die Duitse kanonne was op 'n koppie ruim 1 500 meter van Keimoes gestasioneer. Stadler het posisie langs die pad vanaf Upington stelling ingeneem – strydig met die beplande posisie in die koppies wes van Keimoes. Toe hy later daar die posisie probeer bereik, het hy van sy manne verloor. Die kortstondige geveg het om ongeveer 07h00 begin. Op die randjies noordwes van Keimoes was die regeringstroepe van kapt. Ross terwyl van Rooyen in die rivierbedding gestasioneer was met Leipoldt reg teenoor en op die flank van die Duitse kanonne. Van Rooyen wat daarin geslaag het om die koppie op die noordelike oewer van die Oranjerivier te beset ongeveer 100 meter bokant Leipoldt en het groot gevaar ingehou vir die Duitse kanonne terwyl Stadler ook op die flanke aangeval is deur die mag van Coen Brits wat intussen van Upington opgedaag het. Die Duitse kanonne moes op daardie stadium 'n paar honderd meter verskuif word.

Tot hiertoe was Maritz nog altyd agter die kanonvuur maar terwyl hy daarvandaan op die randjie langs te perd die posisie bespied het, is hy in die regterknie gewond. Hierna het Maritz opdrag gegee dat die kommando moes terugval terwyl Stadler en ene kapt. Janse van Rensburg die vyand moes terughou sodat die kommando weer deur die poort in die rigting van Kakamas kon terugval.⁶⁷ Daardie nag het dr. Blumers van die Duitse Rooikruis afdeling Maritz se wond te Enkelduin verpleeg.⁶⁸ Van hier is Maritz per motor na Kakamas geneem

-
67. Vgl. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van C.J. Brits, p. 63; H.P. v.d. Merwe, p. 35; H.O. Davis, p. 97; E.T. Shaw, p. 111; J.T. Zandberg, p. 110; J.J.A.D. Smit, p. 109; J. Williamson, p. 76; P.G. de Wet, p. 15.
 68. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring E.J. Shawe, p. 111.

waar die res van sy kommando ook by hom aangesluit het. In- tussen het Joubertjie en kmdt. Kampher met 'n klein kommandotjie na Niewoudtsville vertrek. By Katkop naby Loeriesfontein het die regeringstroope hulle egter oorrompel.

Joubertjie wat ernstig verwond was, is gevange geneem ⁶⁹ maar kmdt. Koper Kampher het daarin geslaag om te ontsnap om veel later weer by Maritz te Jerusalem aan te sluit. ⁷⁰ Na die geveg op Keimoes het Andries de Wet omdat hy nie te alle tye met Maritz kon saam stem nie bedank en het die Vrykorps ook teruggetrek na die Duitse gebied. Andries de Wet is vervang deur kmdt. Stoffel Schoeman. ⁷¹

Voordat Maritz Kakamas verlaat het, het hy sy bevel opgedra aan Stadler. Vanaf Kakamas het hy per motor vertrek in die rigting van Schuitdrift. Hierdie pynvolle tog is bemoeilik deurdat die motor gebreek het en dit toe deur vier muile getrek is. Ongeveer veertig minute vanaf Kakamas was die pyn so hewig dat hy daardie nag in die veld deurbring en eers die volgendeoggend Maria-se-Puts bereik het. ⁷² Hier het kapt. T. Beukes en 50 van sy manne afskeid van Maritz geneem om na Namakwaland te gaan maar is op Springbok gevange ⁷³

Intussen het die kommando van Coen Brits op 23 Oktober Keimoes verlaat en na Kakamas opgeruk. Hulle het dwarsdeur die nag getrek en Kakamas vroeg die volgendeoggend bereik. Na

-
69. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van kol. I. Meyer, p. 131.
 70. Harm Oost-versameling: A220, No.23, Die Rebellie, p. 114.
 71. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 79.
 72. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie, p. 117.
 73. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van kol. I. Meyer, p. 131.

'n kort skermutseling het Brits daarin geslaag om Stadler te verslaan waarop ook Stadler teruggeval het op Schuitdrift.⁷⁴ Die volgende dag het Stadler op Maria-se-Puts by Maritz aan gesluit. Maritz is egter vooruit en het via Schuitdrift na Jerusalem in Duitse gebied vertrek, waar die Vrykorps weer by hom aangesluit het. Stadler en sy 200 man wou nie Duitse gebied binne gaan nie en het verkies om by Schuitdrift te bly.⁷⁵ Op 27 Oktober 1914 het die regeringstroepe te Narries, in die omstreke van Schuitdrift, met die rebellemagte (150 man) van Stadler gebots. Agt rebelle, waaronder twee offisiere is gevange geneem terwyl sewe gesneuwel het.⁷⁶

Te Schuitdrift het Maritz nogeens die kommando toegespreek. Hy het hulle die versekering gegee dat hulle nog vir hulle onafhanklikheid sou veg en dat sy hoop op Transvaal en die Vrystaat gevvestig is, maar daar word niks van hulle gehoor nie en dit wou voorkom asof daar nie 'n opstand sou plaas vind nie. Aan sy manne wat verkies het om hulle aan die Unie-regering oor te gee, het hy die nodige verlof gegee, waarop 'n klompie dan ook gegaan het. Ook het hy hulle gewaarsku dat hulle op Duitse grondgebied was en dat die Duiters hulle nie sou toelaat om hulle perde en wapens saam te neem nie.⁷⁷ Terwyl die manskappe besig was om na hulle onderskeie distrikte terug te keer, het Maritz berigte ontvang dat Kemp, de Wet en Beyers in opstand gekom het waarop hy boodskappers agterna gestuur het en aan Stadler opdrag gegee het om die burgers te stop. Nadat baie van hulle weer by hom aangesluit het, het hy 'n beroep op hulle gedoen om weer vir die onafhanklikheid te veg.

-
- 74. GG Union: 9/59/22a, War 1914, G.S.W.A. Ongepagineerd.
 - 75. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie, p. 118.
 - 76. GG Union: 9/59/22a, War 1914, G.S.W.A., Verslag van kol. Wylie. Ongepagineerd.
 - 77. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, beëdigde verklaring van P. de Wet, p. 15.

Op Jerusalem het kapt. A. Boshoff en kapt. H.P. van der Merwe, in opdrag van Maritz, die waens, donkies en muile, sommige eiendom van die regering en sommige die eiendom van privaat burgers wat deur Maritz vir oorlogsdoeleindes gekommandeer was, getakseer. By hierdie geleentheid was von Zastrow en Piet de Wet ook teenwoordig en het hulle apart van Boshoff en van der Merwe hulle eie taksasie gedoen. Volgens die getuienis van v.d. Merwe is 'n lys van elke wa, esel en muil gemaak terwyl de Wet getuig dat die waardasielyste in die bank in Windhoek bewaar is. Die geld wat vir hierdie artikels van die Duitse regering ontvang is, is in die bankrekening van Maritz inbetaal vir veilige bewaring om later aan die eienaars uitbetaal te word. Hierdie geld is na die rebellie, omdat die Duitse autoriteite dit nie in goud of 'Reichsnote' wou uitbetaal nie maar in 'Seitz-note', deur Maritz en de Wet onttrek en daarvan beeste gekoop as belegging vir die eienaars. Maritz het tot hierdie daad oorgegaan omdat hy bevrees was dat die Unie-regering in geval van die verowering van Duitswes dié geld in die bank sou konfiskeer.⁷⁸ Die Unie-regering het na die verowering van Duitswes nie net op die saldo in die bank, maar ook op die beeste en plaas van Maritz beslag gelê. Die plaas is eers in 1922 aan Maritz terugbesorg. Ten tye van sy verhoor het Maritz skuld erken dat hy regerings- sowel as die eiendom van privaatburgers aan die Duitsers verkoop het maar ontken dat hy homself daardeur verryk het of dit tot sy eie voordeel gebruik het. Hy het ook bevestig dat hy besig was om die nodige reëlings te tref om die eienaars te vergoed.⁷⁹

-
78. Vgl. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van P. de Wet, p. 15; H.P. v.d. Merwe, p. 36.
 79. CSC 120 (1924): Kroon Kontra S.G. Maritz, Verklaring van Maritz, p. 19.

Op 31 Oktober het Maritz te Jerusalem besoek ontvang van ene Weck en dr. Blumers. Tydens die onderhoud is die Vrykorps gereorganiseer. Stoffel Schoeman is in die plek van Andries de Wet, as bevelvoerder van die Vrykorps aangestel. Verder het hulle ook gereël dat ene luit. Kuntze voortaan die skakel sou wees tussen die Duitse regering in Duitswes en die rebelle. Weck het Maritz ook meegedeel dat 'n telegram (waarskynlik van dr. W. Solf, die Duitse minister van Buitelandse Sake) waarin die onafhanklikheid van die Republiek gewaarborg word, ontvang is. Voorts het hy onthul dat dit die plan was om Upington aan te val.⁸⁰ Die siekte van Maritz en die afsterwe van von Heydebreck, opperbevelhebber van die Duitse leër, het egter dié planne in die wiele gery.

Nadat die eerste berigte dat Kemp na hom onderweg was, hom bereik het en terwyl Kemp en sy kommando onder uiters beproewe wende omstandighede heldhaftig probeer het om die Duitse grens te bereik, het Maritz op 18 November 1914 te Nous in die distrik van Kenhardt, samesprekings met twee Unie-offisiere, maj. P.A. Vermaas en kapt. W.J. van Graan, gevoer. Hierdie twee offisiere is deur genl. J. van Deventer op 'n verkenningsstog vanaf Calvinia al langs die Oranjerivier gestuur. By dié geleentheid was Piet de Wet, B. von Zastrow, die landdros van Grootfontein en enkele Duitse offisiere sowel as offisiere van Maritz ook teenwoordig.⁸¹ Vermaas het aan Maritz voorgestel dat hulle moes probeer om enige verdere bloedvergieting te voorkom waarop Maritz hom verseker het dat dit ook sy begeerte was. Ook het hy Maritz die versekering gegee dat as die rebelle hulle wapens sou neerlê, hy as Unie-offisier hulle lewens kon waarborg maar die oorgawe moes onvoorwaardelik wees.⁸² Hierop het Maritz

80. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 352 - 353.

81. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Getuienis van P.A. Vermaas, p. 116.

82. Ibid.

'n oorsig gegee van die omstandighede wat tot die rebellie gelei het. Ook het hy beweer dat volgens sy wete genl. de Wet oor 20 000 troepe beskik het en De Aar ingeneem het en dat Beyers en Kemp ook teen die regering in opstand gekom het en bevel oor groot magte gevoer het. Van Graan het Maritz daarop gewys dat Kemp met slegs 800 man te Schweizer-Reneke was en dat die regering besig was om hom sowel as vir Beyers en de Wet te agtervolg en dat hulle die situasie onder beheer het.⁸³ Vervolgens het Maritz voorgestel dat hulle die Calvinia-kommando moes pols en sou vind dat hulle bereid was om na die rebelle oor te loop.⁸⁴ Volgens van Graan sou de Wet ook verklaar het hoedat hy en Maritz mekaar in 1913 ontmoet het en die onderhandelings met die Duitsers aangevoor het; en hoedat Maritz hom meegedeel het dat hulle hulle posisies in die Verdedigingsmag sou gebruik om hulle ideaal te verwesenlik.⁸⁵ By daardie geleentheid sou Vermaas ook aan von Zastrow gevra het of hy, indien enige van die Uniemagte sou oorgaan na Duitswes, die onafhanklikheid van die Unie sou kon waarborg. Von Zastrow het geantwoord dat dit reeds lank gelede, in 'n dokument wat in besit van Maritz, deur die verteenwoordiger van die Duitse keiser onderteken was, bevestig is.⁸⁶ Na afhandeling hiervan het Maritz en sy geselskap na Jerusalem teruggekeer.

Hierna sou Maritz se rebellie sy finale fase binne gaan. Die daaropvolgende drie maande sou Maritz tevergeefs wag op hulp uit die Transvaal en die Vrystaat. En hoewel Kemp by hom aangesluit het, was hulle gesamentlik nog te swak om die militêre monstering teen hulle die hoof te bied. Bowendien

83. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van W.J. van Graan, p. 286.

84. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van W.J. van Graan, p. 286.

85. Ibid., Getuenis van P.G. de Wet, p. 83.

86. CSC 119B (1923) @ University of Pretoria, Getuenis van P.A. Vermaas, p. 116.

sou Botha persoonlik die rebellie in die twee noordelike provinsies onderdruk sodat Smuts, die enigste persoon wat Maritz kon hanteer, vrygelaat is om die situasie aan die Kaapse noordgrens te bekamp.

HOOFSTUK VI

DIE REBELLIE STORT IN DUIE

Terwyl Maritz se voorbereidings afgehandel en hy by Jerusalem in Duits-Suidwes-Afrika vertoef het, het hy steeds bly hoop dat die "binnelandse rebellie" sou slaag. Hy het ook steeds geglo dat kontak met de Wet, Beyers, Steyn, Muller, Hertzog en Kemp bewerkstellig kon word sodat 'n gesamentlike strategie teen die regering bedink en deurgevoer kon word. Afgesonder aan die grens van Duits-Suidwes-Afrika en omring deur 'n kordon regeringsmagte, het Maritz salig onbewus gebly van die feit dat die rebellie in die binneland algaande verflou en uiteindelik onderdruk is. 'n Terloopse blik op die gebeure toon aan hoedat Maritz uiteindelik vir almal die laaste strooitjie geword het. En ironies sou hy op sy beurt hoop om sy rebellie 'n skyn van fatsoenlikheid te gee indien hy die ander leiers kon betrek.

Reeds op 10 Desember 1914 het genl. Botha verklaar dat die rebellie prakties tot 'n einde gekom het en dat slegs enkele verspreide groepies rebelle nog voorkom. Hy het toe reeds by voorbaat sy troepe bedank vir hulle patriotiese opofferings wat die Suid-Afrikaanse volk verenig het soos nog nooit tevore nie. Maar met die oog op die toekoms sou daar teenoor die gene wat mislei was meer as ooit tevore "vergewe en vergeet" moes word. Laastens het hy gewaarsku dat Maritz en Kemp daarin geslaag het om na Duits-Suidwes-Afrika te ontsnap, waar hulle met die Duitsers as bondgenote sou trag om na die Unie terug te keer.¹

Die verdere verloop van die rebellie word slegs sinvol indien die lotgevalle van ander rebelle-leiers kortliks behandel word.

1. GG Union: 9/59/22a, Report to Secretary of State, 10.12.1914. Ongepaginateerd.

Ander rebelle-leiers en Maritz

Dit wil voorkom asof C.R. de Wet aanvanklik en selfs nog tydens die begrafnis van de la Rey waar hy ook die woord gevoer het, nog nie 'n bepaalde gedragslyn voor oë gehad het nie. Die openlike rebellie van Maritz op 9 Oktober 1914 en die daaropvolgende afkondiging van krygswet ge= paard met die opkommandering van burgers vir die verowering van Duits-Suidwes-Afrika, het de Wet egter oortuig dat pro= tesvergaderings nutteloos sou wees en dat met Maritz, by wie daar na bewering volop wapens en ammunisie was, in ver= binding getree moes word. Hierdie oortuiging het hy uit= gespreek tydens albei Kopjes-vergaderings (13 Oktober en 22 Oktober 1914) sowel as in 'n gesprek met Beyers.²

Na die tweede Kopjes-vergadering is hy in elk geval aange= wys as Vrystaatse aanvoerder van die rebellemagte aldaar en op 26 Oktober het hy inderdaad met sy seuns op kommando ge= gaan. Twee dae later sou Beyers se Steenbokfonteinse Manifes, wat ook in naam van de Wet uitgevaardig is, hom onherroeplik as rebel stempel.³

Hierna het gebeure mekaar snel opgevolg: by Vegkop naby Heil= bron het de Wet sy kommando op oorlogsgrondslag geplaas;⁴ op 3 November is Lindley beset; vyf dae later het 'n afdeling van sy kommando by Doornberg naby Allemanskraal met regerings= troepe in 'n skermutseling slaags geraak waartydens de Wet se eie seun Danie gesneuwel het. De Wet het self die lykrede gehou en besluit dat daar hierna geen sprake van omdraai kon

-
2. H.D. van Broekhuizen-versameling: A356, No.10, p. 33; SC 1 - '15: Report of Select Committee on Rebellion, Evidence of Mr. P.G. Beyers, p. 209.
 3. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 266 - 267; U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met be= trekking tot de Recente Rebelleie in Zuid-Afrika, p. 43.
 4. M.C.E. van Schoor: "C.R. de Wet," Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I, p. 248.

wees nie: hy sou enduit met die rebellie gaan al kos dit nog hoeveel bloed. ⁵

Die besetting van die spoorlyn deur die regeringsmagte onder genl. Botha het de Wet nou verplig om ooswaarts uit te wyk, maar by Mushroom Valley op 12 November is die rebelle uitmekaar gejaag. ⁶ In wanhoop het de Wet nou met 'n handjievol burgers na Maritz probeer deurbreek. Op 30 November 1914 is hy egter te Waterbury naby Vryburg gevange geneem ⁷ en na die fort in Johannesburg geneem. Ses maande later sou hy op aanklag van hoogverraad teregt staan en tot ses jaar tronkstraf en R4 000 boetegevonnis word.

Genl. C.F. Beyers het deurentyd 'n onsekere en wyfelende houding teenoor die rebellie ingeneem. Hoewel hy teen die kabinetsbesluit om Duits-Suidwes-Afrika binne te val, gekant was, het hy nie dadelik opgetree nie. Inteendeel, hy het de la Rey oorreed om af te sien van sy voorneme om halsoorkop 'n staatsgreep by Treurfontein op 15 Augustus 1914 deur te voer. ⁸ Tydens daaropvolgende samesprekings met Kemp en Maritz het lg. blykbaar onder die indruk gekom dat Beyers te vinde was vir 'n staatsgreep om Botha se bewind omver te werp. ⁹ Tog kon Maritz hierna nie daarin slaag om Beyers te oorreed om die Duitse goewerneur van Duits-Suidwes-Afrika, dr. T. Seitz by die grens te ontmoet nie.

Ongeveer 'n maand na die kabinetsbesluit het Beyers eers sy

-
5. M.C.E. van Schoor: "C.R. de Wet," Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I, p. 248.
 6. Ibid.
 7. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuenis van J.F. Jordaan, p. 190.
 8. Vgl. "C.F. Beyers," Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III, p. 68.
 9. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, pp. 68 - 69.

bedanking as kommandant-generaal ingedien en as rede sy teenkanting teen die voorgenome Duitswes-inval aangegee.¹⁰ Op dieselfde dag, 15 September 1914, was hy in geselskap van de la Rey na Potchefstroom op pad toe lig. by Langlaagte per abuis geskiet is; nogtans het hy tydens die begrafnis van de la Rey plegtig enige gedagte van rebellie ontken.¹¹

Hoewel sy verbintenis met leiers van die daaropvolgende rebellie skynbaar daarop dui bestaan daar geen afdoende bewys dat Beyers op hierdie stadium gemoeid met die planne vir rebellie was of op enige wyse daarby betrokke was nie. Selfs na sy protesnota teen die regering se oorlogsbeleid op 21 September het Beyers geen protesvergaderings toegespreek nie.¹² Hy was ook nie bereid, selfs na vertoë van genl. Botha, om Maritz aan die Duitse grens te ontmoet nie uit vrees dat dit hom by die rebellie sou betrek.

Die twee Kopjes-vergaderings het sake egter ingrypend verander en Beyers teen sy sin by die protesbeweging geskaar: groepe burgers het hulle by hom begin skaar en hy is op 22 Oktober aangewys as Transvaalse leier. Vyf dae later is sy kommando by Commissiedrift suid van Rustenburg deur regeringstroepe onder aanvoering van genl. Botha uiteen gejaag.¹³

Selfs op hierdie stadium was Beyers nog nie 'n onversoenlike rebel nie, maar sy gedwonge terugtog het die moontlikheid

-
10. U.G. 46 - '16: Rapport van Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, p. 124.
 11. Scholtz, G.D.: Genl. Christiaan Fredrik Beyers, 1869-1914, p.323.
 12. Vgl. "C.F. Beyers," Suid-Afrikaanse Biografiese Woerdbok, III, p.68.
 13. U.G. 42-'16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebelle in Zuid-Afrika, Getuienis van genl. L. Botha, p.392; D.J.C. van Deventer, p.98; C.F. Alberts, p.160.

van vredesonderhandelinge verskraal. Kort hierna, op 28 Oktober, sou Kemp by hom aansluit. Dit sou die einde beteken van Beyers se **wyf**elende houding. Die Steenbokfonteinse manifes het sy misnoeë met die voorgenome Duitswesveldtog bewoord en hom oplaas in die rebelle-kamp geplaas. Hierna het sake snel ontwikkel en buite sy beheer geraak: by Vleeskraal het Kemp van hom geskei om wapens en ammunisie by Maritz te gaan haal; Beyers self het in die rigting van die Vaalrivier getrek en vroeg in November mislukte onderhandelinge met regeringsgesante gevoer en tevergeefs met de Wet in verbinding probeer tree; daarna is hy geleidelik deur regeringsmagte in die rigting van die Vaalrivier gedwing waar hy op 8 Desember 'n roemlose einde gehad het toe hy deur die rivier wou swem.

14

Genl. J.C.G. Kemp het reeds in Augustus 1914 hom teen die voorgenome inval in Duitswes-Afrika geskaar, maar was aanvanklik bereid om op die agtergrond te bly en sy twee seniors, genls. de la Rey en Beyers, toe te laat om die hoofrolle in die versetbeweging te vertolk. Eers ná die tweede Kopjesvergadering (22 Oktober) het hy 'n duidelike standpunt ingeneem, maar hy was nogtans bereid om Beyers se leiding te volg. Ná Steenbokfontein is besluit dat hy na Maritz sou probeer deurbreek om wapens en ammunisie in die hande te probeer kry.

15

Hierna sou hy in 'n epiiese tog deur die Kalahari trek om hom by Maritz aan te sluit. En toe hy een maal by Maritz was, was hy bepaald die junior vennoot in 'n baie brose alliansie.

14. Boshoff, S.P.E.: Vaalrivier die Broederstroom, pp. 116 - 118.

15. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 273.

Die rebelle-regering

Terwyl Maritz by Jerusalem vertoef het, het nog meer berigte vanuit die Transvaal hom bereik naamlik dat daar 'n geveg tussen Botha en de Wet by Doornkop was en dat Kemp besig was om in die Hartsriviervallei in die rigting van Kuruman te trek. Nog later het hy berig ontvang dat Kemp by Wilge=houtsdrift aan die Oranjerivier was.¹⁶ Na ontvangs van al hierdie berigte het Maritz die nodige stappe geneem om Kemp na sy lang, moordende en uitputtende reis deur die woestyn behulpsaam te wees. Omdat hy toe nog nie weer kon perdry nie, het Maritz vir kmdt. Stoffel Schoeman, toe hoof van die Vrykorps, met soveel manne as wat hy bymekaar kon kry, gevra om vir Kemp in die rigting van Zwartmodder, in die distrik van Gordonia, tegemoet te ry.¹⁷ Maritz het ook vir P.G. de Wet gestuur om vir Kemp tegemoet te ry. Volgens eie mededeling het de Wet vir Kemp op 27 November te Grondneus, waar Schoeman reeds by hom was, ontmoet. In 'n daaropvolgende gesprek het Kemp verklaar dat die opstand in Transvaal en Vrystaat uitgebreek het maar dat die rebelle nie oor wapens beskik het nie. Toe Kemp navraag in verband met wapens doen, het de Wet hom aangeraai om Maritz te raad=pleeg waarop de Wet terug na Maritz is.¹⁸

Twee dae hierna het Maritz en Kemp mekaar op Warmvlei vyf kilometer oos van Nakob ontmoet. Volgens Maritz se eie vertelling was die kommando in 'n haglike toestand: sommige was te voet, sonder skoene; die voetsole was deurgeloop; elke

-
16. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van P.G. de Wet, p. 83.
 17. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 79.
 18. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van P.G. de Wet, p. 83.

stap was 'n bloedsSpoor; die voete was opgeswel en gebars,
sodat die bloedsug daaruit getap het.¹⁹ Volgens Maritz
het Kemp aan hom briewe van Beyers getoon waarin verduide=
lik is dat Kemp gestuur is om wapens en ammunisie te be=
kom; ook het Kemp aan hom (Maritz) sy aanstelling as assis=
tent-kommandant van die Kaapprovinsie oorhandig.²⁰ Sondag
29 November is rustig op Nakob deurgebring. Laat-aand daar=
die dag het die kommando die berg wes van Nakob uitbeweeg
nadat ook kommandante P.R. Kock en Jan van der Merwe en sewe
van hulle burgers by hulle aangesluit het.²¹ By daardie
geleentheid is Kemp se manne van klere en lewensmiddele voor=
sien wat deur die Duitsers en van Kalkfontein-suid deur kap=
tein H. v.d. Merwe gebring is.²²

Die regering was met reg bekommerd dat Kemp in weerwil van
genl. Botha se eie pogings, die Duitse grens bereik het en
by Maritz aangesluit het. Ben Bouwer was die sondebok en is
gevolglik vervang deur genl. Jaap van Deventer as opperbevel=
hebber in Upington waar hy 'n groot troepemag om Duits-Suidwes=
Afrika binne te val, moes byeenbring. Omdat Smuts, en met
reg ook, verwag het dat Kemp en Maritz na Transvaal sou terug=
keer moes hy (van Deventer) sekere posisies tussen Nakob en
Oranjerivier beset.²³ Aldus sou 'n kordon om Kemp en Maritz
getrek word om hulle geheel en al van die Vrystaat en Trans=
vaal af te sny.

Intussen is die krankes onder die kommando-lede van Kemp in
die hospitaal te Jerusalem verpleeg.²⁴ Op 30 November het

-
19. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 80.
 20. A.L. Geyer-versameling: A55, No.N46490, Maritz se
verklaring oor Rebellie, Berlyn 1921, p. 17.
 21. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 348.
 22. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van
H.P. v.d. Merwe, p. 36.
 23. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 350.
 24. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 80.

B. von Zastrow, met Maritz as tolk, die kommando van Kemp ses kilometer wes van Nakob toegespreek. Hy het die kommando se heldetog deur die woestyn aangeprys en hulle voorts verseker dat die Duitse owerhede voornemens was om hulle soveel hulp as moontlik te verleen. Hy sou ook probeer om 'n ontmoeting tussen hulle en die Duitse goewerneur te reël sodat toekomstige strategie uitgepluis kon word. Ten slotte het hy voorgestel dat hulle 'n voorlopige regering in die lewe moes roep sodat die rebellie 'n skyn van wettigheid verkry. ²⁵

Tydens 'n offisiersvergadering op 1 Desember is dan ook 'n voorlopige regering, ietwat anders as dié een wat deur Maritz op Keimoes saamgestel was, in die lewe geroep wat bestaan het uit genls. Maritz, Kemp, A.P.J. Bezuidenhout en komdt. A.J. Kampher, met kapt. A. Boshoff as sekretaris-tesourier. Maritz sou voorts as kmdt.-genl. in die Kaapprovincie, C.R. de Wet in die Vrystaat en Beyers in Transvaal optree. Hierdie besluite is later deur die kommando goedgekeur en bevestig in 'n proklamasie wat Maritz op 16 Desember 1914 uitgereik het. ²⁶

Omdat die battery kanonne en twee Pom-poms nog altyd deur Duitse artilleriste bedien is, het hulle besluit om voortaan ook hulle eie artillerie te organiseer. Hierop het hulle vir J.G. Smith, 'n oud-offisier van die Staatsartillerie van die Z.A.R., tot majoorsrang bevorder en aangestel om artilleriste op te lei. Verskeie offisiere is ook aangestel om Smith behulpsaam te wees. ²⁷ Hoewel hulle teen die tydsfaktor moes werk, het hulle nogtans die basiese kundighede van artilleriste

25. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 353.

26. Ibid., p. 354; Harm Oost-versameling: A.220, No.28, Die Rebelle. Ongepagineerd.

27. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 357.

onder die knie gekry terwyl hulle tussen Jerusalem en Ukamas geoefen het.²⁸ Op 3 Desember 1914 het Maritz, Kemp, Bezuidenhout en Boshoff met die motor van J.F. Botha wat die woes-tyntog wonderbaarlik oorleef het, na Keetmanshoop vertrek om die Duitse goewerneur te ontmoet.²⁹ Volgens Maritz se eie vertelling het hulle daar vir die laaste keer volgens die instruksies van die ander generaals, soos dit aan Kemp opgedra is, met die Duitsers onderhandel.³⁰ In die afwesigheid van von Heydebreck, die opperbevelhebber van die Duitse magte, is hulle deur maj. G. Ritter ontvang.³¹

Die samesprekings met dr. Seitz, die Duitse goewerneur, het om 10h00 op 6 Desember begin. Hauptman Merensky het as tolk opgetree. Seitz het hom ten aanvang tot Kemp en Bezuidenhout gerig en verklaar dat hulle seker deur Maritz op die hoogte gebring is van sy versekering, namens die Duitse keiser, dat Duitsland die onafhanklikheid van die voorgenome republiek sou waarborg en sy aanbod van R20 000 aan die rebelle herhaal. Hoewel Kemp en sy offisiere die groot bedrag oorbodig gevind het, het hulle tog besluit dat elke burger R2 en elke offisier tussen R5 en R10 vooruitbetaal sou word. Na afloop van die samesprekings met dr. Seitz het hulle in die namiddag met maj. Ritter gereël dat vier kanonne, twee meksims en soveel gewere as wat nodig was tot beskikking van die rebelle gestel sou word.³²

Maritz het hierdie onderhandelings nie in detail opgeteken nie en toe hy 'n kwarteeu later die gebeure geboekstaaf het,

-
28. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie.
Ongepagineerd.
 29. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p.357.
 30. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p.80.
 31. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie.
Ongepagineerd.
 32. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p.358.

het sy geheue hom klaarblyklik in die steek gelaat. Dr. Seitz het waarskynlik nie die versekerings insake die republikeinse onafhanklikheid gegee nie; intendeel, hy het nooit sodanige instruksies van Berlyn ontvang nie.³³ Die Duitse minister van kolonies, dr. Wilhelm Solf, het later ontken dat daar ooit 'n ooreenkoms met Maritz aangeneem is.³⁴ Hiermee was die onderhoud met dr. Seitz afgehandel. Oortuig daarvan dat die rebellie sou slaag en dat Duits-Suidwes-Afrika van 'n aanval uit die Unie gevrywaar was, het dr. Seitz per radio probeer om die troepemag van adm. von Spee wat aan die Suid-Amerikaanse kus op manewuers was probeer ontbied om Luderitzbucht te beset.³⁵

Ook Maritz en sy offisiere was in hul skik met die afloop van die samesprekings. Hulle was opnuut begeesterd en vol vertroue dat die verlore vryheid herstel sou word. Hulle was inderdaad gereed om na die Transvaal en Vrystaat terug te keer. Maar daar het nog heelwat struikelblokke voorgelê wat oorkom moes word. Na afloop van die onderhandelings het hulle weer by die rebelle op Nabas aangesluit.

Ondertussen het Adam Boshoff en Piet de Wet na Windhoek vertrek om sekere dokumente te laat druk. Hulle het via Keetmanshoop weer by die kommando's by Schuitdrift aangesluit. Volgens de Wet was Maritz nie net ontsteld nadat hy die dokumente ontvang het nie, maar hy het inderdaad aan Boshoff opdrag gegee om dit te vernietig. Heelwat van die dokumente is verbrand, dog nie almal nie.³⁶ Dit was die proklamasie

-
- 33. Spies, S.B.: The Rebellion in South-Africa, 1914 - 1915, p. 206.
 - 34. G.S. Preller-versameling: A787, No.163, Die Maritz-rebellie. Ongepagineerd.
 - 35. Spies. S.B.: The Rebellion in South Africa, 1914-1915, p. 206.
 - 36. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van P.G. de Wet, pp. 83 - 84.

wat Maritz op 16 Desember 1914 aan die "Volk van Suid-Afrika" uitgereik het en waarin onder andere die onafhanklikheid van Suid-Afrika afgekondig is. Hierin is ook verklaar dat die Traktaat van Vereeniging strydig met die volkswil was en dat na al die ellende van die Anglo-Boereoorlog die vryheidsvlam in die harte van Afrikaners nog nie uitgedoof was nie. Vervolgens is al die historiese grieve van die Afrikaner teenoor Brittanje opgerakel, sydelingse klappe uitgedeel aan diegene wat Ryksbelange voorop gestel het en die lydelike sowel as die gewapende protes teen die inval in Duits-Suidwes-Afrika as die "volkswil" geregverdig het. Daarna is die voormalige Boererepublieke sowel as die Kaapprovinsie en Natal onafhanklik verklaar. Ten slotte is 'n beroep op Afrikaners gedoen om met die wapen in die hand die Godegewe vryheid te herstel. Terselfdertyd is streng verordeninge uitgevaardig t.o.v. vrybuiterij, respek vir private besit en die wyse waarvolgens die stryd gevoer sou word. 'n Voorlopige republikeinse regering is saamgestel: genl. Beyers as kmdt.-genl. van Transvaal, C.R. de Wet vir die Vrystaat, S.G. Maritz vir die Kaapprovinsie, Kemp as assistent-kommandant-generaal vir Transvaal en genl. A.P.J. Bezuidenhout en kmdt. A.J. Kampher.³⁷

Na die terugkeer van Maritz en sy geselskap vanaf Keetmanshoop het die rebelle-kommando's hulle in die omgewing van Jerusalem bevind: Bezuidenhout by Nabas; maj. Smith en sy kanoniers by Kalkfontein en kmdt. Danie Flemming by Blyde Verwachting. Die gesamentlike kommando's het juis op laast genoemde sentrum op 16 Desember die Voortrekkerloof plegtig herdenk.³⁸ Kemp was een van die redevoerders.³⁹

37. U.G. 10 - '15: Rapport over het Uitbreking der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze, pp. 70 - 71.

38. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 359.

39. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepagineerd.

Mislukte onderhandelings en die geveg by Nous

Intussen het luit.-kol. Bouwer en kmdt. P.L. du Plessis wat in bevel van die Cradockse kommando was, met 'n mag van tussen 70 en 80 man Kakamas verlaat om vir Stadler wat hom met 'n rebelle-mag in dié omgewing bevind het, te omsingel. Hulle het nie daarin geslaag nie en Stadler kon na Schuitdrift ontvlug. Op 10 Desember 1914 het Maritz en Stadler in die omgewing van Schuitdrift vir kmdt. du Plessis en 10 van sy verkenners gevange geneem en na Jerusalem geleide gedoen.⁴⁰ Tydens 'n latere gesprek het Maritz teenoor du Plessis wat nooit soos 'n gevangene behandel is nie, beken dat die dood van de la Rey al hulle planne verongeluk het.⁴¹

Kemp verklaar dat die rebelle op hierdie stadium met die regeringsmagte probeer onderhandel het. Trouens, hulle het vir kapt. L. Engelbrecht, stafoffisier van Maritz, onder die wit vlag na Nous, drie uur te perd suid van die Oranjerivier, met 'n boodskap in dier voege aan kmdt. C.J.M. Breed gestuur. Breed het geantwoord dat hy daartoe bereid was, maar enige onderhandelings moes op Nous plaasvind. Volgens militêre tradisie wou Maritz en Kemp dat dié byeenkoms halfpad tussen die onderskeie stellings moes plaasvind. Op 16 Desember het genls. Maritz, Kemp, Bezuidenhout, kmdte. Stadler, Kampher, P. de Villiers, kpts. van der Merwe, P.G. de Wet (Vrykorps) en kmdt. P.L. du Plessis, hul gevangene, na die aangewese plek, halfpad tussen die stellings vertrek. Die rebelle-afvaardiging het tevergeefs op die koms van Breed gewag.

-
40. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van P.L. du Plessis, p. 164; CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van J. Trollip, p. 118; F.H. Welsch, p. 120; J.T. Zandberg, p. 110; T.J.A.D. Smit, p. 109.
 41. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van P.L. du Plessis, p. 164.

Na alle waarskynlikheid het hy dit gedoen ooreenkomsdig die regeringsopdrag dat daar nie met rebelle onderhandel moes word nie.⁴²

Goeie kontak met Stadler se kommando (in Unie-gebied) kon alleen met skuite, waarlangs die perde moes swem, behou word en daarom het die rebelle besluit om 'n behoorlike vlot te bou. Dié taak is opgedra aan 'n Duitse militêre ingenieur wat geen sukses kon behaal nie;⁴³ gevvolglik het hulle die taak toegesê aan kapt. H.P. van der Merwe wat sy betrekking as hoof van die Duitse vervoerdiens op Kalkfontein neergelê en na Stolzenfels gekom het om dié vlot te bou.⁴⁴ Sy vlot, 'n platform bo-oor twee skuite (bote), was 'n knap stuk werk. Dwarsoor die rivier was 'n staalkabel gespan waaronder die vlot moes beweeg. Dis gedoen deur twee katrolle, een aan die voorkant en een aan die agterkant van die pont, waar die katrolle met lyne vasgebind was.⁴⁵

Langer kon die kommando's ook nie wag nie; daarom het Maritz en Kemp na 'n lang kajuitraad besluit om Nous in stede van Upington 'n sterk regeringsvesting wat nie maklik oorrompel sou word nie, aan te val. Op 16 Desember het die kommando in beweging gekom. Nadat hulle die Oranjerivier bereik het is die pont, waarop 'n kanon en agt perde gelyktydig opgelaaai kon word, vier keer, elke uur oor die water.⁴⁶ Op die aand van 20 Desember was die hele kommando van 430 man aan die suidelike oewer van die rivier waar kmdt. D. Flemming op versoek van Kemp God's seën op dié onderneming afgesmeek

-
42. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 359 - 360.
43. Ibid., p. 360.
44. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van H.P. v.d. Merwe, p. 36.
45. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 360.
46. Ibid.

het. Omdat 'n verrassingsaanval beoog was, kon daar nie langer op die bom-meksims gewag word nie. Op dié aand van 21 Desember het die kommando van 430 man⁴⁷ en die vier kanonne van die battery Hauszding deur die bergwêreld van Schuitdrift getrek om sodoende teen dagbreek die volgende dag (22 Desember) 'n aanval te maak. Die kommando van Maritz het so vinnig getrek dat hulle nog voor dagbreek die drie uur te perd afgelê het. 'n Anderhalf kilometer vanaf die vyandelike kamp op Nous het hulle vir Kemp en die kanonne gewag. Gedurende die nag het Maritz twee keer vir kapt. van der Merwe gestuur om vas te stel wat van Kemp en sy kommando gevind word het. Kemp het eers teen dagbreek by Maritz aangesluit. Hierna het die rebelle-leërs hulle aanvalsplanne (strategie) gefinaliseer. Tot hierdie doeleinde sou 'n gaffel-formasie gebruik word: Schoeman met sy 60 Vrykorpslede sou regs-om, Stadler en sy 80 vrywilligers sou links-om beweeg en as die vyand vasgekeer word sou Maritz en Kemp hulle in die middel aanval.⁴⁸

Breed se kommando⁴⁹ moes teen daglig inderhaas posisies innem toe 'n patrollie van die Kenhardt-kommando die aankoms

-
- 47. Benewens sy eie was Maritz se kommando saamgestel uit 80 man onder S. Schoeman, 35 man onder kmdt. A. Kampher en Ben Lubbe, 60 Vrywilligers onder Stadler. Sy staf het bestaan uit kmdt. P. de Villiers, kapt. H. v.d. Merwe, D. Marais, L. Engelbrecht en A. Boshoff; Benewens sy eie het Kemp se kommando bestaan uit 50 man onder kmdt. D. Flemming, 45 man onder G. van Wyk, 40 man onder kmdt. Kock en 45 man onder kapt. Nieuwenhuizen. Vgl. Harm Ost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepagineerd.
 - 48. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 362.
 - 49. Maj. Breed se kommando het bestaan uit gedeeltes van die Murraysburgse, Kenhardtse, Cradockse, Britstownse en Kakamas-kommando's; aangevul deur die "20th Mounted Rifles", die "Midland Scouts" en die "Prince Alfred Guard" - 'n gesamentlike kommando van 480 man. Vgl. GG Union: 9/59/22a, War in 1914, G.S.W.A., Governor General to Secretary of State 31.12.1914. Ongepagineerd.

van die rebelliemagte gerapporteer het.⁵⁰ Kmdt. de Villiers was die eerste om met die voorste linie van die vyand te bots. Die soms roekeloze Schoeman was egter die eerste om skote te vuur nadat hy direk op die vyandelike stellings afgestorm en hom gevolglik in hewige teenstand en geweervuur vasgeloop het. Teen daglig het die eerste kanonskote ontploff waarop die vyand in alleryl gevlug het. Hierop het Maritz en Kemp Nous binnegetrek. Stadler het tydens sy aanval beslag gelê op 26 waens en 50 burgers gevang. Schoeman het eers veiligheid bereik nadat Flemming en van Wyk hom moes gaan help. Stadler was hewig ontsteld oor die optrede van Schoeman, maar Kemp het daarin geslaag om gemoedere te kalmeer. Hierna is 'n finale aanslag op die vyand wat hulle onttrek het tot in die rantjies, gemaak. Tydens hierdie uitval onder leiding van Maritz is die magte van Breed, asook dié van maj. P. Vermaas wat intussen as versterking opgedaag het, finaal verslaan.⁵¹

Die slagting onder die vyand en die buit was aansienlik: 282 krygsgevangenes; 21 waens elk met 10 muile bespan; 16 waens met 16 tot 18 donkies elk bespan; 175 perde; 'n paar honderd gewere, 100 kiste met ammunisie, vier ambulans-waens; twee karre van die ambulans, enkele skotskarre, een meksim in goeie toestand en een wat stukkend was, 27 vragte ammunisie, lusern en korng. ⁵² Die gevangenes is in die kerk- en skoolgebou aangehou waaruit sommige nogal daarin geslaag het om te ontsnap. ⁵³ Eers op 18 Januarie is die gevangenes vanaf

-
50. GG Union: 9/59/22a, War 1914 G.S.W.A., Report to Secretary of State, 31.12. 1914; Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepagineerd.
51. Ibid.
52. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 362– 363; CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van F.H. Welsch, p. 122; H.P. v.d. Merwe, p. 37.
53. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 363; CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van J.H. Grové, p. 123.

Jerusalem na Windhoek gestuur. Enkele dae na hierdie geveg het genl. van Deventer 'n span wit muile wat aan dr. Neethling behoort het opgeëis, maar Maritz het hom meegedeel dat hy hulle self benodig en sou terugbesorg sodra hy sonder hulle kon klaarkom. ⁵⁴

Na afloop van die slag op Nous het die kommando uit regerings=telegramme en koerantberigte verneem van genl. de Wet se gevangeneming en genl. Beyers se verdrinking. Die burgers was wantrouig teenoor hierdie berigte want hulle het geglo dat die regering doelbewus valse inligting verskaf het. Die of= fisiere het egter anders oor die saak gevoel en die diepe erns van die saak besef. Die kommando het tot Kersdag op Nous vertoeuf.

Die gevolge van Nous

Die oorwinning op Nous was 'n riem onder die hart van die rebelle, maar aan hulle militêre posisie het dit weinig verandering gebring. Onbewus van die feit dat die rebellie in die Transvaal en die Vrystaat afgeloop het, het daar, ongelukkig vir die rebelle, meningsverskil tussen Maritz en Kemp ontstaan. Maritz wou Breed wat suidwaarts gevlug het en gevoglik van sy basis op Kakamas afgesny was, verder agtervolg, en dan verder suid van die rivier opereer om dan vandaar aan sluiting met die rebelle in die Unie te soek. Kemp aan die anderkant weer wou oor die Grootrivier regstreeks na die Transvaal terugkeer. Aangesien hierdie besluit die lotgevalle van sy kommando geraak het, het Kemp hom op sy krygsraad be roep omdat hy selde met Maritz en sy krygsplanne saamgestem het. Die Duitse leërowerhede het voorkeur aan Maritz gegee want hoewel hulle Kemp as 'n goeie militaris beskou het, was

54. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Onge= pagineerd.

hy te veel van 'n dwarstrekker.⁵⁵ Die krygsraad se besluit, waaroor Maritz nie gelukkig gevoel het nie, was dat daar teruggekeer sou word na die Oranjerivier en dan via Nakob in die rigting van Transvaal getrek sou word.⁵⁶

Ooreenkomsdig die plan van Kemp het die kommando op Kersdag Nous verlaat om na die Duitse gebied terug te keer. Reeds op 28 Desember, terwyl die oortog (terugtog) oor die rivier aan die gang was, het Maritz en Kemp samesprekings gevoer met die Duitse offisier, kol. R. Medding, waartydens besluit is om 'n aanval op Upington te maak. Teen Nuwejaarsdag was almal oor die rivier nadat die pont wat andersins so goed gewerk het met sy laaste vrag en al onder die water verdwyn het. Terug in Duitse gebied het Maritz na Jerusalem gegaan terwyl Kemp na Blyde Verwachting vertrek het. Ook Nuwejaarsdag was vir baie in teenstelling met die tradisioneel vrolike, 'n droewige dag en Kemp en Bezuidenhout het in afsondering op 'n koppie vertroosting in die Bybel gesoek.⁵⁷

Intussen het diegene wat die woestyntog oorleef het reeds weer herstel en was hul perde blinkvet. Ook die voetgangers deur die woestyn het elk oor 'n perd en geweer beskik wat deur Maritz uit sy perde-depots voorsien is terwyl die te-korte aan perde verder aangevul is nadat luit. P. Botes en 'n twintigtal van Kemp se manne perde in Duits-Suidwes-Afrika op regeringskoste aangekoop het. Nadat hulle op Nous nog 175 perde gebuit het, het hulle geen verdere probleme ontvind nie; ook het hulle oor genoeg waens beskik – die surplus kon selfs aan die Duitsers verkoop word.⁵⁸ Op Nuwejaarsdag

55. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 363 – 364.

56. Ibid., p. 364.

57. Ibid.

58. Ibid., p. 365.

het maj. Smith en sy kanonniers 'n skitterende vertoning voor hulle generaals gelewer nadat Hauszding die vorige aand met 'n swaar gemoed die battery kanonne en twee bom-meksims oorhandig het.⁵⁹ Die kommando was nou 850 man sterk, waarvan 500 asook die artillerie onder Kemp en die res onder Maritz se bevel gestaan het. Langer kon die kommando ook nie stil lê nie, maar tog het Maritz en Kemp besluit om eerder met die vyand in onderhandeling te tree as om die sukses van Nous op te volg want die mislukking van die opstand in die ou Republieke het hulle oplaas oortuig dat daar geen kans meer op 'n oorwinning bestaan het nie, buitendien het die Transvalers huis toe begin dwing.⁶⁰ Vir die Duitsers wou hulle nie veg nie en langer kon hulle ook nie daar bly nie want die Duitsers het aan Maritz laat weet dat die rebelle na hulle eie behoeftes moes omsien omdat hulle (die Duitsers) self nie meer oor genoegsame voorrade voedsel en uitrusting beskik het nie.⁶¹ Nogtans vertoef hulle tot 5 Januarie 1915.

Soos Nous vir die rebelle 'n skitterende sukses en oorwinning was, so was dit ook vir die regering 'n ernstige terugslag. Na ontvangst van dié terugslag het Smuts aan van Deventer opdrag gegee om persoonlik die aangeleentheid te ondersoek en besonderhede daarvan aan hom te verstrek. Breed het hom ook die gramskap van Smuts op die hals gehaal toe hy hom op 31 Desember telegrafies om enkele dae verlof gevra het. Ten antwoord het Smuts hom op die erns van die situasie gewys en hom verder op die gevvaarlike presedent gewys wat deur sy versoek geskep kon word. Smuts was klaarblyklik hoog die josie in; trouens, hy het sonder doekies omdraai verklaar dat Breed

-
59. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van H.P. v.d. Merwe, p. 37.
60. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 366.
61. Ibid.; G.S. Preller-versameling: A787, No.163, Maritz-Rebellie. Ongepagineerd.

se telegram hom meer ontstel het as die neerlaag by Nous en gevolglik het hy die aansoek om verlof geweier.⁶²

Die onderdrukking van die Maritz-Kemp-opstand was in elk geval nou die taak van genl. Jaap van Deventer wat dié taak in 'n ernstige lig beskou het. Reeds op 11 Desember het hy aan Smuts voorgestel dat Maritz en Kemp oor die grens van Duits-Suidwes-Afrika gedryf moes word. Hy sou self die aanval lei, maar het bedenkinge gekoester oor die gebruik van gekommandeerdes en wou daarom dat Smuts die getalle van die vrywilligers aanvul met ten minste 1 000 oorlogsveterane – iets waartoe Smuts nie bereid was nie omdat hy allermins gewese krygsmakkers van Maritz en Kemp op die toneel wou bring. Smuts het egter sy steun toegesê aan van Deventer se voorstel om die rebelle Duits-Suidwes-Afrika in te forseer.⁶³

Nadat van Deventer op Upington aangekom het, het hy ingevolge Smuts se instruksies met die reorganisasie van sy magte begin. Teen 9 Januarie 1915 was 2 090 regeringstroepe op Upington, 675 op Keimoes, 1 474 op Kakamas tot aan Schuitdrift, 1 340 op Steinkopf (onder Ben Bouwer) saamgetrek – 'n totale mag van 5 579 man. Van Deventer se posisie is verder versterk deurdat Smuts die Oostelike Mag onder genl. C.A. Berrange in die lewe geroep het. Dit was saamgestel uit die 6de Suid-Afrikaanse Bereude Skutters, die Betsjoeanalandse Skutters, C.F. van Zyl se Kalahari Ruiters en die Cullinan Ruiters. Dit sou die taak van hierdie mag wees om Duits-Suidwes-Afrika by Rietfontein, noord van Nakob, binne te trek en van Deventer by te staan om Maritz en Kemp se terugtog na Transvaal af te sny. Tydens sy laaste voorbereidings het van Deventer

62. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepagineerd.

63. Ibid.

ponte en 'n skuitbrug by Upington en 'n pont by Kakamas aan=gebring. Met die goedkeuring van Smuts het hy verder behoor=lik huis skoongemaak onder sy offisiere wat maar 'n powere poging by Nous gelewer het.⁶⁴

Op 5 Januarie 1915 het die trek na Transvaal begin terwyl van Deventer hom in Pretoria bevind het om met Smuts *oorlog te pleeg*. Op 10 Januarie 1915 was al die rebellemagte onder hulle twee generaals op Ariamsdam vergader. Vanhier is Stadler, Fred MacDonald en T. Blaauw met 'n verkenningsmag van 40 man vooruit gestuur om die gebied te verken. Op 13 Januarie het hulle Langklip bereik waar hulle tevergeefs probeer het om Jan van Wyk, 'n regering~~C~~spioen, vas te trek.⁶⁵ Daardie aand het Stadler en MacDonald op Langklip oorgebly terwyl Blaauw verder is. Die volgendeoggend is Stadler en MacDonald op verrassende wyse deur 'n regeringspatrollie van kapt. Alan Bowker aangeval. Stadler het blindelings op die vyand afgestorm en in die halfdonker links en regs onder die vyand gevang. Blaauw wat in die nabyheid was en die skote gehoor het, het kom hand bysit. Hulle het 40 van die 45 patrollie-lede gevange geneem. Enkele ure na afloop van dié botsing het Maritz en sy kommando op 14 Januarie op Langklip aangekom. Die gevangenes is deur hom na Warmvlei en vandaar na Kalkfontein in Duits-Suidwes-Afrika as krygsgevangenes weggestuur.⁶⁶ Nog later het ook Kemp en die kanonne by hulle aangesluit.

Tot dusver was hulle terugkeer, hoewel deur van Deventer verwag, nog aan die vyand onbekend. Van Deventer het eers daarvan te wete gekom toe een van hulle (rebelle) gevangenes te

64. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 368.

65. Kalahari-mac: Achter die Skerms met die Rebelle, pp. 97-98.

66. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van C.R. Southey, p. 124; R.B. Mills, p. 125; GG. Union: 9/59/22a, War 1914 G.S.W.A., Report to Secretary of State, 21.1.1915. Ongepagineerd. G.S. Preller-versameling: A787, No.163, Maritz-Rebellie, 21.1.15. Ongepaginieerd.

Nous op 9 Januarie ontsnap en op Kakamas gerapporteer het dat Maritz en Kemp besig was om na die Transvaal en Vrystaat terug te keer.⁶⁷ Nog op 15 Januarie het luit.-kol. E.J. Collet, bevelvoerder te Lutzputs, gerapporteer dat Kemp te Ukamas, Maritz te Jerusalem en Schoeman te Blyde Verwachting was terwyl hulle in werklikheid slegs enkele ure te perd van hom was.⁶⁸

Van die gevangenes te Nous het die rebellemagte waardevolle inligting bekom dat daar op Lutzputs 'n sterk berede regeringsmag was, terwyl daar op Upington en Kakamas verdere sterk regeringsmagte gekonsentreer was. Maritz en Kemp het na beraad besluit om Lutzputs aan te val om sodoende vir die rebellemagte in 'n sterker bedingingsposisie teenoor die Uniemagte te plaas. Die aand van 17 Januarie het die kommando vorentoe beweeg en op Lutzputs afgestuur. Stadler sou via Nakob op die vyand aanruk, terwyl Schoeman, Kampher en C.M. Mussmann die vyand van links-om sou omsingel. Op 18 Januarie is die vyandelike mag onder luit.-kol. E.J. Collet, ongeveer 525 man sterk, in 'n geveg van bykans twee en 'n half uur verslaan. Die rebelle het hulle doelbewus van bloedvergieting teenoor mede-Afrikaners weerhou terwyl hulle gevoelloos teenoor gekleurde troepe opgetree het.⁶⁹

Van die vyand was daar 17 gedood, 24 gewond en 165 gevang terwyl daar aan rebellekant geen lewensverlies was nie. Die buit van die rebelle was 207 perde, 50 osse, 40 muile, drie

67. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 370.

68. Ibid., p. 370; G.G. Union, 9/59/22a, War 1914, G.S.W.A., Report to Secretary of State, 14.1.15.

69. Harm Oost-versameling: A220, No. 28, Die Rebellie. Ongepagineerd. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklarings van kapt. A.N. Bowker, p. 126; C.R. Southey, p. 124; S.M. Gadd, p. 127; dr. A.W. Burton, p. 130; U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuienis van P.G. de Wet, p. 84; J.R. Kirsten, p. 184.

waens waarvan een vol gewere was, en 'n klompie tente. Na afloop van die geveg het Maritz en Kemp gewonder wat met die gevangenes gedoen moes word want driekwart van hulle was jong Afrikaners wat teen hulle sin in die veld was en mislei was om teen hulle eie bloed te veg.⁷⁰ Die gevangenes is byeengeroep en nadat beide Maritz en Kemp hulle toespreek het, is almal behalwe E.M. Gadd wat intussen te perd probeer ontsnap het, losgelaat.⁷¹ Maritz het na hierdie botsing waarin soveel Afrikanerseuns gesneuwel het, finaal besluit om oor te gee.⁷² Gebrek aan water en weiding asook koerantberigte dat die regering Duits-Suidwes-Afrika met 'n troepemag van 60 000 man wou binneval om finaal met die rebelle af te reken, het die rebelle genoodsaak om nog dieselfde dag verder te trek. Hulle het egter nie regstreeks na Upington, slegs agt uur te perd daarvandaan, getrek nie maar noordwaarts weggeswenk na Koegoekop, oor Toeslaan, Smalvisch, Gous, Grondneus, Blaauwboschdoorn, Steenkampsputs en daarna suid na die plaas Christiana.⁷³ Die regering het ook hiervan te wete gekom.⁷⁴

Die slag van Upington

Intussen het van Deventer, na berigte van die gebeure te Lutzputs, vanaf Pretoria na Upington teruggekeer. Terug in Upington het hy die "18th Mounted Rifles" en 'n ambulans, asook 150 troepe van Keimoes en 300 van Kakamas na Van Rooisvlei gestuur. Hiervan het Maritz nie geweet nie.⁷⁵

-
- 70. Mededeling van ene Michau aan Kemp. Vgl. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 370.
 - 71. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van S.M. Gadd, p. 127.
 - 72. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 82.
 - 73. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 371.
 - 74. GG Union: 9/59/22a, War 1914 G.S.W.A., Report to Secretary of State, 25.1.1915. Ongepaginateerd.
 - 75. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepaginateerd.

Op 22 Januarie het Maritz vir Schoeman en P. de Villiers gestuur om Christiana, die plaas van ene Schröder, drie uur te perd van Upington te beset. Daar het hulle vir luit. D.J. Jooste en vyf van sy manne gevange geneem. Daardie middag het Maritz en Kemp vanaf die koppe by Schröder-se-puts met hul verkykers Upington bespied. Terselfdertyd het Blaauw 'n regeringspatrollie tussen die koppe raakgeloop en op loop geja in die rigting van Upington. Die militêre paraatheid van Upington het Kemp en veral Maritz wat hierdie wêreld haarfyn geken het, opgeval. Die vyandelike kamp met rye forte, sommige nog oorblyfsels van die Anglo-Boereoorlog, het hulle beindruk. Maritz het geoordel dat die aanval daadelik gemaak moes word omdat van Deventer se groot magte maklik aangevul kon word met troepe vanaf Keimoes en Kakamas. Gevolglik is daar besluit om die volgendeoggend aan te val. Vanaf Christiana (plaas) het die kommando's dwarsdeur die nag getrek maar teen dagbreek die volgendeoggend was hulle en hul rydiere vanweë die verkeerde pad wat gevolg was en ook die sandwêreld, so uitgeput dat hulle van hulle planne moes afsien. Kemp het by Maritz aangedring dat daar met die regering, veral na hulle (regerings) neerlae by Langklip en Lutzputs, onderhandel moes word. ⁷⁶

Op 23 Januarie is kapt. Henry Williams, knap verkenner van Maritz, na van Deventer te Upington gestuur. Ongeveer 300 meter van die forte is Williams voorgekeer waarop hy verklaar het dat hy 'n brief vir die opperbevelhebber gebring het. Geblinddoek is hy na 'n huis geneem waar hy twee bekendes, naamlik maj. S. Pretorius en I. Geyser, ontmoet het wat hom meegedeel het dat Jopie Fourie doodgeskiet is. ⁷⁷

76. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 372.

77. U.G. 42 - '16: Rechterlike Kommissie van Onderzoek naar de Oorzaken van en Omstandigheden met betrekking tot de Recente Rebellie in Zuid-Afrika, Getuenis van I. Geyser p. 16, Vgl. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepaginateerd.

Ten spyte van Williams se beklemtoning van die dringendheid van sy sending het van Deventer hom meegedeel dat hy niks kon doen voordat hy nie volmag van Smuts ontvang het nie. Gedurende die middag het Williams by sy bewaarders aangedring op 'n verdere onderhou met van Deventer. Nadat hy vriendelik ontvang is, het van Deventer hom meegedeel dat hy hom nie kon laat gaan nie maar belowe om Maritz en Kemp te verwittig van die redes vir sy aanhouding.⁷⁸

In sy brief aan van Deventer het Maritz hom meegedeel dat hy en Kemp hulle daar naby met hulle troepe bevind het en die geleentheid te baat wil neem om "die groot misverstand" uit die weg te ruim. Van Deventer is versoek om na hulle te kom in die rigting van Christiana sodat hulle samesprekings kon voer want daar het reeds te veel onnodige bloed gevloeい.⁷⁹ Van Deventer het onmiddellik die inhoud van die brief aan Smuts getelegrafeer en wou weet of hy Maritz en Kemp te woord kon staan. Smuts se advies was dat die slagveld die enigste plek was waar hy Maritz moes ontmoet. Hy moes sy antwoord in elk geval tot die volgende dag vertraag.⁸⁰ Weer eens het Smuts sy beproefde taktiek gebruik om gebeure tot by breekpunt te voer. Maritz moes wag - iets wat nie met sy rusteloze geaardheid gerym het nie. En terselfdertyd het Smuts waardevolle tyd gewen om die regeringskordon stywer om hom te trek.

Toe Williams nie opdaag nie, het Maritz vermoed dat die regering nie bereid was om met hom te onderhandel nie maar langer kon ook nie meer gewag word nie, want troepeversterkings vir van Deventer kon nou van oral aangevoer word. Die volgende dag (24 Januarie) was Sondag en Kemp het gewetensbesware teen

78. Kamp. J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 372.

79. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Bewysstuk K, Maritz aan van Deventer, 23.1.1915. Ongepagineerd.

80. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 373.

'n geveg op Sondag geopper. Nogtans het Maritz hom daar toe oorreed. Laatmiddag is die offisiere meegeedeel dat die geveg die volgende dag (Sondag 24 Januarie) sou plaasvind.

Voorts is ooreengekom dat Stadler, bygestaan deur Flemming en van Wyk met altesaam 300 man na die linkervleuel van die regeringsmagte anderkant die rivier sou aanval; regs van Stadler, met een kanon en een Pom-pom sou genl. Bezuidenhout met 100 man van Kock en Mussmann opruk; en langs hulle sou Kemp met drie kanonne en 'n Pom-pom aanval. Daarna sou kmdte. van Vuuren en van der Merwe volg en heel regs sou Maritz tesame met Schoeman en Kampher tot die aanval oorgaan. Die offisiere het die aanvalsplanne goedgekeur terwyl Stadler wat met griep afwesig was op die offisiersvergadering deur Maritz ingelig is en ter selfdertyd gewarsku is om verseker met die sandduine langs en dan met die rivier af te beweeg.⁸¹

Voorbereid, goed ingerig en deeglik verskans het die "6th Mounted Rifles" (360 man) onder luit.-kol. Kirsten, die "8th Mounted Rifles" (450 man) onder luit.-kol. Collet, die "18th Mounted Rifles" (440 man) onder luit.-kol. Cunning, die "20th Mounted Rifles" (340 man) onder kapt. du Plessis, die Graaff-Reinetse kommando (220 man) onder kapt. P. Pohl, die Gordonia-kommando (360 man) onder kapt. R. Conroy, die Hanover-Colesberg-kommando (195 man) onder kapt. M.A.J. van Zyl, die Prieska-kommando (180 man) onder kapt. Louw, die "Kimberley Central" Kommando (229 man) saam met die Kaapse artillerie onder luit.-kol. Divine die magte van Maritz en Kemp ingewag.⁸²

81. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 374 - 375.

82. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepagineerd.

Daardie aand (23 Januarie) het die kommando's in die donker, elk in sy bepaalde rigting, suidwaarts vertrek. Die rebelle het ongeveer twee kilometer duskant die vyandelike stellings op die sonsopkoms gewag. 'n Kanonskoot sou die sein vir aanval wees. Stadler was weer eens te haastig. Strydig met sy opdragte het hy sy kommando van 180 man nie met die duine langs gelei nie maar weswaarts in 'n vlak loop van ongeveer tien meter wyd.⁸³ Toe hy op sy fout gewys is, was sy verweer dat hy sodoende gouer die vyandelike stellings sou bereik. Hy het hom egter in die vyandelike kruisvuur vasgeloop en te laat die sandsakke opgemerk wat weerskante van die droë loop deur regeringstroope beman is. Onder 'n koeëlvreën is hy verplig om terug te val. Sy perd is onder hom doodgeskiet en hysself gewond.⁸⁴ Dit was die eerste terugslag vir Maritz se weldeurdagte strategie en die rebellemag het daardie dag nooit van hierdie skok herstel nie.

Die skote op Stadler se mag het ook die ander rebellemag se teenwoordigheid ontmasker: Bezuidenhout en Piet de Villiers was op die oopvlakte, ongeveer 1 500 meter links van Stadler, en hoewel hulle Stadler te hulp wou snel met kanon- en meksimvuur, was hulle 'n oop teiken vir die vyandelike vuur. Ook Maritz en Kemp was nou sonder enige dekking op die oopvlakte, terwyl die regeringsmagte gerieflik in die forte kon skuil waar hulle bowendien die voordeel van die golwende duine geniet het. Dit was die tweede terugslag vir Maritz se beplande aanval wat nou van die verrassingselement beroof was terwyl die rebellemag selfs grootliks op die verdediging gedwing is en die skuiling van die rantjies moes opsoek. Maar dit was nog nie die einde van die rebelle se beproeing nie. Ten spyte van waarskuwings van kmdt. Flemming, het kmdt. Gert van Wyk wat die bevel by die gewonde Stadler oorgeneem

83. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 375.

84. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepagineerd.

het, opnuut die vyandelike stellings probeer storm. Flemming wat hom nie in die steek wou laat nie, is verplig om hom te hulp te snel. In 'n ommesientjie was die kommando van Stadler (27 man), Flemming (60 man) en van Wyk (50 man) blootgestel aan moordende front- en kruisvuur van die regeringstroepe. Kmdt. van Wyk is dodelik verwond, terwyl Blaauw en van Rensburg in 'n kraal skuiling moes soek. Toe Maritz van hierdie terugslae verwittig word, het hy ondersoek deur kapt. H. v.d. Merwe laat instel. Op grond hiervan is die gewonde Stadler na veiligheid gebring. Hoewel die rebelle hierna gedeeltelik hergroep en Maritz op die regterflank inderdaad die "Midland Horse" teruggedryf en Bezuidenhout enkele forte beset het, was die inisiatief uit die rebelle se hande: Kemp het tevergeefs heen en weer in die sentrale gevegsveld gejaag en bevele uitgereik en op die linkerflank het sekere rebelle-eenhede die witvlag gehys terwyl die oorblywende groepe terug moes val en aanskou hoe die regeringstroepe hulle van hul watervoorraad op Schröder-se-puts afsny.

85

Die gedemoraliseerde rebelle is ook geen rus of duurte gegun nie, want die regeringsmagte het hulle dadelik agtervolg. Na enkele onbesliste skermutselings kon die rebelle darem onder leiding van Maritz wal goo en teen aandskemer het die regeringstroepe na hulle stellings by Upington teruggekeer.⁸⁶ Die statistiek van die veldslag onderstreep die rebelle se neerlaag: 12 gesneuweldes en 23 gewondes teenoor sewe gesneuweldes en 14 gewondes aan regeringskant.⁸⁷

Op hierdie sielkundige oomblik het Smuts ingegrif: enersyds sou hy verhinder dat die rebelle na Transvaal deurbreek en andersyds hulle in die duine-wêreld die genadeslag toedien.

-
85. Vgl. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 375-378; Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepagineerd.
86. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 378.
87. G.S. Preller-versameling: A787, No.163, Maritz-rebellie, The Transvaal Leader, 25 Januarie 1915. Ongepagineerd.

Gevolglik het hy genl. Coen Brits, wat huis in Kaapstad met sy kommando gereed gestaan het om na Duits-Suidwes-Afrika te vertrek, beveel om onverwyld na Upington te vertrek en van die rebelle "ontslae te raak." ⁸⁸

Hoewel die slag by Upington nie die mag van die rebelle gebreek het nie, was hulle posisie nou benard. Von Zastrow was oortuig dat hulle versterkings benodig het, maar die hardkoppige Maritz het dié hulp van die hand gewys. Daarop het von Zastrow en die ander Duitsers, uitgesonderd die gneesheer, dr. Blumers, die rebellekamp verlaat. Daarmee het ook Maritz se betrekkinge met die Duitsers begin uitrafel. Hierdie betrekkinge was nooit huis stewig nie en Maritz het blykbaar reeds vroeër besef dat die Duitsers die rebelle as weerligafleier wou gebruik om die aanslag op Duits-Suidwes-Afrika te verlig, daarom is von Zastrow nie eens van hul vorige onderhandelinge met van Deventer in kennis gestel nie.

Tot oormaat van ramp het Maritz en Kemp se burgers nou viervoet vasgesteek en geweier om weer Duitse gebied binne te trek. Hulle sou liewer oorgee aan die regeringsmagte; trouens 17 het inderdaad oorgegee. Dit was nou ook duidelik dat die rebelle se doppie geklink was en dat hulle slegs 'n onderhandelende oorgawe kon probeer beding. Maritz self was egter onwrikbaar: hy sou nooit oorgee nie. ⁸⁹

Die bloedvergieting in die slag van Upington en die moedeloosheid wat die rebelle beetgepak het, het egter die deurslag gegee en Kemp en Maritz het vanaf die plaas Christiana vir Gadd, hulle gevangene by Lutzputs, met 'n brief na van

88. Harm Oost-versameling: A.220, No.28, Die Rebellie.
Ongepagineerd.

89. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 378.

Deventer gestuur om voorbrand vir onderhandeling te maak.⁹⁰ Terselfdertyd het Maritz as versoeningsgebaar vir kmdt. P.L. du Plessis (gevangene by Schuitdrift) en luit. D.J. Jooste (gevangene by Schröder-se-puts) vrygelaat. In genoemde brief het Maritz van Deventer versoek om die regering mee te deel dat daar by hom en sy offisiere vanaf die begin 'n verstandhouding was dat sodra dit sou blyk dat die stryd hopeeloos was hulle dit sou beëindig, want dit sou misdagdig wees om verder bloed te vergiet in 'n saak wat geen hoop op sukces gehad het nie. Van Deventer is daaraan herinner hoedat die Boere die Anglo-Boereoorlog beëindig het om nie die krygsverrigtinge in vrybuity te laat ontaard nie. Maritz het ook te kenne gegee dat hy voornemens was om oor te gee maar dat hy eers sekere aangeleenthede met van Deventer wou opklaar. Daarom het hy van Deventer versoek om 'n plek en tyd vir onderhandeling te bepaal sodat die regeringsvoawaardes bespreek kon word. Ten slotte moes van Deventer die regering verwittig van die rebelle se aanbod alvorens onderhandeling plaasvind.⁹¹

Hierop het van Deventer vir Williams wat nog altyd aangehou is ontbied en hom met 'n brief na Maritz gestuur. Met sy aankoms op Christiana het hy die plek verlate gevind maar tog voortgegaan en Maritz en Kemp op Uitkoms aangetref. In sy brief het van Deventer geskryf dat die regering dit waardeer dat hulle wou oorgoe en dat dit in gedagte gehou sou word by die bepaling van die straf vir die ernstige oortreding wat hulle begaan het. Die regering was egter net bereid om die selfde voorwaardes as dié teenoor Wessel Wessels en ander Vrystaatse leiers, nl. onvoorwaardelike oorgawe, toe te staan. Die gewone burgers sou aangehou word totdat die parlement

90. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Beëdigde verklaring van S.M. Gadd, p. 128.

91. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk L, Maritz aan van Deventer, 24.1.1915. Ongepagineerd.

daaroor besluit het, maar die leiers, ook Kemp en Bezuidenhout, sou voor 'n geregshof gedaag word. ⁹²

Ten antwoord het Maritz eers van Deventer oor die kole gehaal: indien hy Williams vroegtydig met leë hande teruggestuur het, sou die bloedvergieting voorkom kon gewees het. Daarna het Maritz erken dat sy posisie "hopeloos" was en dat hy nie vir eie beswil onderhandelinge aanknoop nie maar hy moes iets konkretts aan die burgers kon voorhou anders sou hulle almal weier om oor te gee. En hoewel hy (Maritz) begrip vir die regering se houding gehad het, sou hy enduit by sy manne moes staan indien van Deventer nie bereid sou wees om te onderhandel terwyl 'n skietstilstand sou geld nie. ⁹³

Kemp het nie met die strekking van die brief akkoord gegaan nie. ⁹⁴ Hy het hom egter ten behoeve van sy eie brose bestrekkinge met Maritz daarby neergelê. Gevolglik was Williams nog dieselfde aand terug op Upington. Hy kon nie 'n onderhoud met van Deventer gereël kry nie en is weer eens onder arres geplaas. Hy het egter Maritz se brief oorhandig en terselfdertyd in 'n persoonlike brief teenoor van Deventer die noodsaak van 'n spoedige antwoord en 'n skietstilstand beklemtoon. ⁹⁵

Eers die volgendeoggend het van Deventer Williams te woord gestaan en hoewel hy begrip vir Maritz se posisie getoon het, moes hy eers instruksies van Smuts afgewag. Dit was egter nie die volle waarheid nie want van Deventer het in sy betrokke telegram aan Smuts verklaar dat hy Maritz op die slagveld ~~saw~~

-
92. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk M, van Deventer aan Maritz, 25.1.1915. Ongepagineerd.
 93. Ibid., Bewyssstuk N, Maritz aan van Deventer, 26.1.15. Ongepagineerd.
 94. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 383.
 95. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, H. Williamson aan van Deventer, 26.1.1915. Ongepagineerd.

wou ontmoet. Alternatiewelik kon Maritz en Kemp met ander onderhandelinge besig gehou word terwyl hulle burgers in die pan gehaak word. Ook van sy kant het Smuts vertragingstaktiek toegepas: hy sou eers met Botha in Kaapstad oorleg moes pleeg. Intussen moes van Deventer in elk geval Williams aanhou en die antwoord aan Maritz tot die volgende dag (28 Januarie 1915) oorhou. Ten slotte het Smuts gelas dat Brits se kommando's so onopsigtelik as moontlik die kordon om die rebelle moes trek, terwyl van Deventer liefs naby as binne Upington met Maritz moes beraadslaag.⁹⁶

Hierdie keer het van Deventer vir Williams in geselskap van luit. Barend Geyer na Maritz teruggestuur. In sy skrywe verseker hy Maritz dat sy mag 'n skietstilstand tydens die onderhandelings sou handhaaf, maar Maritz en Kemp moes dieselfde waarborg gee. Terselfdertyd het hy 'n vrygeleide aan Maritz en Kemp gewaarborg indien hulle hom vir onderhandeling in Upington sou ontmoet.⁹⁷

Tydens 'n krygsraadvergadering waartydens Maritz, Kemp en Geyer ook teenwoordig was, het Geyer die rebelle-offisiere meegedeel dat Botha en Smuts ook die onafhanklikheid vir Suid-Afrika begeer het, maar wel langs ander weë anders sou hyself nie aan hulle kant gewees het nie. Reeds die vorige dag het Kemp sy kommando byeengeroep en na samesprekings het hulle aan hom en sy offisiere volmag verleen om deur onderhandeling die beste moontlike voorwaardes te probeer beding.⁹⁸

In weerwil van sy offisiere se teenkanting het Maritz saam met Geyer 'n brief aan van Deventer gestuur waarin die onderhandelingsaanbod aanvaar is op voorwaarde dat 'n skietstil=

96. Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebelle. Ongepagineerd.

97. CSC 119A(1923): Rex vs Maritz Bewyssuk O, van Deventer aan Maritz, 27.1.1915. Ongepagineerd.

98. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 383.

stand eerbiedig word.⁹⁹ Verdere drukke briefwisseling tussen Maritz en van Deventer het daarop uitgeloop dat " 'n plek halfpad tussen Upington en Christiana" die onderhandelingsplek sou wees.¹⁰⁰

Op Saterdag 30 Januarie het Maritz, Kemp, Bezuidenhout en P. de Villiers (Piet Mof) op die onderhandelingsplek halfpad tussen Christiana en Upington gearriveer nadat hulle op Christiana met 'n kar en muile deur van Deventer gehaal is. In die tent wat op die kaal veld opgerig is, het die samesprekings met van Deventer, bygestaan deur sy stafoffisiere Kirsten en I.J. Meyer, plaasgevind.

Maritz was eerste aan die woord. Hy het verduidelik dat hy nog altyd bloedvergieting wou vermy: sy oogmerk was om die verlore onafhanklikheid te herstel en nie die dood van sy volksgenote te bewerkstellig nie. Verder het hy beklemtoon dat die Duitse kanonne terug moes gaan, want hy het dit van die Duitsers ontvang en hy was persoonlik daarvoor verantwoordelik. Origens het hy verseker dat die manne wat dit terug sou besorg binne 20 dae terug sou wees om oor te gee. As basis vir onderhandeling het gedien die brieve tussen Maritz en van Deventer wat laasgenoemde laat voorlees het. Kemp en Bezuidenhout was egter nie bereid om onvoorwaardelik oor te gee nie, want hulle was oortuig dat hulle geval anders as dié van Wessel Wessels in die Vrystaat was. Ook het hulle daarop aangedring dat die burgers dadelik huis toe gaan en dat private perde behou kon word. Laastens het hulle geëis dat offisiere op parool vrygelaat moes word totdat hulle voor die hof moes verskyn. Van Deventer het

-
99. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk P, Maritz aan van Deventer, 28.1.1915. Ongepagineerd.
100. Ibid., Bewyssstuk Q, van Deventer aan Maritz, 28.1.1915; Bewyssstuk R, Maritz aan van Deventer, 28.1.1915; Bewyssstuk S, van Deventer aan Maritz, 29.1.1915. Ongepagineerd.

allerlei beloftes gemaak, onder andere dat daar van die doodstraf geen sprake sou wees nie. Die regering het egter die perde benodig vir die Duitswes-ekspedisie. Voorts het hy onderneem om toe te sien dat die burgers na hulle distrikte teruggestuur sou word waar hulle dan aan hulle onderskeie landdroste moes rapporteer. Laastens het hy onderneem om aan te beveel dat die offisiere op borgtog vry= gelaat sou word totdat hulle in die hof verskyn.¹⁰¹ Van Maritz wou van Deventer weet of die Duitse kanonne en ook Maritz se Mauser-reewolwer nie oorhandig kon word nie, maar hy (Maritz) het konsekwent en beslis geweier.¹⁰²

Hiermee was die onderhandelings met van Deventer afgehan= del behalwe dat die oorgawe-verdrag nog opgestel en onder= teken moes word. Gevolglik het van Deventer hulle uitgenooi om na Upington te kom waar dié dokument opgestel en onder= teken sou word. Dié uitnodiging is deur Maritz, Kemp, Bezui= denhout en de Villiers (Piet Mof) aanvaar. Ongeveer vyf ki= lometer buite Upington is hulle geblinddoek en na die hoof= kwartier van van Deventer gebring. Daardie aand is dié do= kument, opgestel deur kol. Izak Meyer en gedateer 30 Januarie 1915, aan hulle voorgelê vir ondertekening. Omdat Maritz on= voorwaardelik oorgegee het, moes ook Kemp en Bezuidenhout noodgedwonge daarby inval.¹⁰³ Ten aanvang is verklaar dat dié onderhandelings op versoek van Maritz geskied het, dat Maritz op Schuitdrift aan die jongmanne van die Verdedigings= mag verlof gegee het om huis toe te gaan, maar dat hy, toe hy verneem het dat die rebellie in die Transvaal en Vrystaat uitgebreek het, hierdie manne weer byeengeroep het en ver= soek het om weer bymekaar te staan. Na die geveg te Lutzputz

101. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp.384-385.

102. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 83.

103. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 386.

het Maritz besluit om finaal oor te gee en na raadpleging met die ander leiers is Williams vir onderhandelings uitgestuur. Omdat Williams egter nie teruggekeer het nie, is besluit om Upington onmiddellik aan te val. Die indruk moes egter nie gelaat word dat hy (Maritz) omdat hulle op Upington die neerlaag gely het, besluit het om 'n einde aan die saak te maak nie, dit was immers vanaf die begin die verstandhouding tussen hom en sy offisiere om die saak, as dit hopeloos blyk te wees, te beëindig. Van Deventer het versoek dat die burgers en offisiere op borgtog en parool vrygelaat word totdat hulle voor die hof sou verskyn. Voorts het hy by die regering aanbeveel dat die offisiere en burgers na hulle onderskeie landdrostdistrikte terug kon keer waar hulle dan op borgtog vrygelaat sou word, maar dit was slegs 'n aanbeveling en nie 'n belofte nie. Genls. Maritz, Kemp en Bezuidenhout en kmdt. de Villiers het onderneem om onvoorwaardelik oor te gee; Kemp met 350 man en Maritz met tussen 300 en 400 man.¹⁰⁴

Daardie nag het hulle in die hoofkwartier van van Deventer oorgebly. Volgens Manie Maritz se eie weergawe het van Deventer hom teen middernag meegedeel dat hy telegrafies met Smuts in verbinding was en dat Smuts nie vir hom (Maritz) kwaad was nie. Smuts het hom trouens weer sy offisiersrang aangebied. Alternatiewelik kon hy kies om die land te verlaat of die wapen neerlê en sy straf ontvang. Maritz het die aanbod van sy offisiersrang met beslistheid van die hand gewys.¹⁰⁵

Die volgendeoggend is die generaals geblinndoek uit die dorp gelei en vrygelaat. Hulle het na hulle kommando's op Koegoe-kop teruggekeer. Maritz en Kemp het gereël dat al die voorrade

104. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Bewyssstuk U, Dokument van Oorgawe, 30.1.1915. Ongepagineerd.

105. Maritz, S.G.: My Lewe en Strewe, p. 82.

wat hulle van die Duitsers ontvang het aan hulle terug besorg sou word. Al die Duitse perde maar ook die orige perde en muile is deur die burgers van Kemp aan Maritz oorhandig ter vereffening van die skuld aan die Duitse outhoornsteite. Die Mausers wat die burgers van die Duitsers ontvang het, is omgeruil vir Lee-metfords wat hulle op Lutzputs en in ander gevegte gebuit het, sodat die Duitsers se gewere aan hulle terug besorg kon word. Die kommando is deur Kemp in verband met die oorgawe toegespreek, waar na Maritz hulle meegedeel het dat hy persoonlik nie sou oorgee nie, maar dat hy na Suidwes, saam met dié wat hom wou volg, sou uitwyk.¹⁰⁶ Die onverwagte regsonkeer moet klaarblyklik toegeskryf word aan die onsekere beloftes in die ooreenkoms met van Deventer.

Op die aand van 31 Januarie het Maritz en Kemp mekaar gegroet na 'n samesyn van twee maande waarin hulle na epiiese ervarings en ontberings die stryd om onafhanklikheid gewonne gegee het. Op 3 Februarie het Kemp en sy kommando's op Upington oorgee, terwyl die kommando van Maritz onder kapt. Venter op Kakamas oorgee het. Maritz en agt van sy getroue volgelinge het na Duits-Suidwes-Afrika gevlug. Kemp is na die fort in Johannesburg geneem en op 23 Julie 1915 in die Pretoriase Hooggereghof skuldig aan hoogverraad bevind en gevonnis tot R2 000 boete en tronkstraf van sewe jaar. Maritz het na agt jaar van selfopgelegde ballingskap o.a. in S.W.A., Angola, Portugal, Spanje en Duitsland in Junie 1923 na Lourenzo-Marques teruggekeer en na 'n verblyf van ses maande homself vroeg in Desember 1923 by Komatipoort oorgee waarop hy na Johannesburg geneem is. Nog op dieselfde dag is hy na Kaapstad oorgeplaas en in die

106. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, p. 388.

107. Vgl. Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar, pp. 388 - 389; Harm Oost-versameling: A220, No.28, Die Rebellie. Ongepagineerd.

Roelandstraatse tronk opgesluit. Op 4 Januarie 1924 het hy in die Kaapstadse Hooggereghof tereggestaan op nege aanklagte van hoogverraad.¹⁰⁸ en op 24 April is hy deur regter Gardiner, in teenstelling met die kwaai straf van de Wet en Kemp, tot slegs "drie jaar tronkstraf sonder hardepad"¹⁰⁹ gevonnis.

-
108. CSC 119B (1923): Rex vs Maritz, Akte van Beskuldiging. Ongepagineerd.
109. CSC 120 (1924): Rex vs Maritz, Hofuitspraak Regter Gardiner, pp. 20 24.

HOOFSTUK VII

PERSPEKTIEF

Die verraad en rebellie van Maritz op 9 Oktober 1914 te Van Rooisvlei, 40 kilometer noord-wes van Upington in die Noordwese en digby die grens van Duits-Suidwes-Afrika, het die oë en ore van die publiek deur die Manifes of Bekendmaking en Krygswetafkondiging van genls. Botha en Smuts op Maandag 12 Oktober 1914 bereik.¹ Dié optrede van Maritz, boonop in bondgenootskap met die Duitsers het ver, wyd en diep getref en het reaksie van instemming maar ook van haat en veragting ontlok, waaraan persone, die kerk en die pers eweneens met venyn deelgeneem het.

Die verraad en rebellie van Maritz is in wye kringe afgekeur; dit kon ook nie anders nie, want die regering het dit in bo-vermelde bekendstellings met keurige woordkeuse in die volksmond gelê. In Albert, Aliwal-Noord, Victoria-Wes en Hanover is ten tye van byeenkomste, die optrede van Maritz veroordeel en afgekeur.² Op 14 Oktober 1914 het elf kerkleiers van Kaapland, 'n "Ope Brief" aan predikante van die Kaapse Kerk opgestel en laat versprei waarin ondermeer ernstig gewaarsku is teen 'n poging om Suid-Afrika van die Britse Ryk te speen. Hierdie poging is beskryf as 'n "uiters gevaarlik en roekeloos" onderneming, 'n trouelose verbreking van die Traktaat van Vereeniging en 'n bepaalde sonde teen God. Dit het ook die "agitasie" gegeld teen die regeringsbesluit insake die militêre ekspedisie teen Duits-Suidwes-Afrika. In 'n "Naschrift" tot hierdie ope brief en klaarblyklik om nog groter trefkrag daaraan te verleen, is 'n resolusie bygevoeg wat afsonderlik op 'n vergadering van 'n sewetal predikante

-
1. GG Union: 9/59/22a, War 1914, G.S.W.A. Ongepaginateerd; Staatskoerant: Unie van Suid-Afrika, Vol. XVIII, No.588, Proklamasie No.219, 12.10.1914.
 2. De Vriend des Volks, 15.10.1914; The Friend, 16.10.1914.

en ouderling J. Louw van Paarl geneem is. Daarin is diepe verontwaardiging uitgespreek "over het verraderlyk gedrag van luit.-kol. Maritz" en is 'n beroep op alle gemeentelede gedoen om op elke moontlike wyse die regering in die handhawing van wet en orde te steun.³ In dieselfde asem het die redakteur van De Kerkbode in 'n hoofartikel die "verkeerdheid", "dwaasheid" en "noodlottigheid" van die opstand drieërlei-puntsgewys soos in 'n preek behandel.⁴

Die veroordeling van Maritz het van alle kante gekom. Hier toe het die verklaring van die Kaapstadse en Stellenboschse kerkleiers 'n groot bydrae gelewer. Op 20 Oktober 1914 is daar op versoek van die burgemeester 'n vergadering op Stellenbosch gehou waarop proff. A. Moorrees en J.I. Marais voor 'n vergadering van 300 studente teen opstand, valsheid, verraad, bedrog en laaghartigheid uitgevaar en terselfder tyd 'n voorstel ingedien waarin die "verraderlike handelswyse van luit.-kol. Maritz" veroordeel en alle toepaslike regeringsmaatreëls verwelkom is as tot die welsyn van Suid-Afrika.⁵

Koerante het talryke berigte geplaas oor openbare vergaderings wat landswyd gereël is om die optrede van Maritz te verdoem. Op 24 Oktober het Ons Land 'n berig gepubliseer waarvolgens dié verraderlike gedrag van Maritz "met diepe afschuwing" deur 'n kerkvergadering onder voorsitterskap van ds. J.D. Kestell veroordeel is.⁶ Dit was ook opvallend dat koerante wat vanaf die uitbreek van die oorlog deurgaans 'n gematigde selfs anti-regeringsgesindheid gehandhaaf het, eensklaps 'n frontverandering ondergaan het

3. De Kerkbode, 15.10.1914, p. 988.

4. Ibid.

5. Ons Land, 20 Oktober 1914, p. 4.

6. Ons Land, 24 Oktober 1914, p. 5.

nadat die feite van die Maritz-rebellie bekend geword het. Aldus het die opstandsdaad van Maritz indirek die regering se oorlogsbeleid bevorder deurdat invloedryke persone en koerante nou die oorlogspoging gesteun en selfs bevorder het. 'n Goeie voorbeeld is die eertydse patriotiese nuusblad van Graaff-Reinet, Onze Courant, wat inderdaad teen die middel van Oktober in sy spore vasgesteek, 'n vinnige regsom gemaak en hom aan regeringskant geskaar het. De Volkstem, Transvaalse regeringskoerant het die daad van Maritz en die intriges daarvan verbonde verfoei, maar ook daarop gewys dat dit die volk sou laat besef hoe noodlottig dit kan wees om die pad na nasionale eergevoel byster te raak.⁷ Het Volk het die regering geblameer dat sy politiek die twee Blanke kultuurgroepe vervreem het; die optrede van Maritz was nie soseer teen die regering gemik nie, maar wel teen die Britse Ryk. Nietemin het hierdie koerant hom geheel en al gedistansieer van die "verraderlike daad" van Maritz.⁸ Ons Land het die "ongehoorde stap" van Maritz bestempel as 'n vernedering vir die Afrikaner want verraad was nog nooit 'n karaktertrek van die Afrikanervolk nie.⁹

Aan pres. Steyn het Botha laat weet dat hy ingevolge die Maritz-rebellie krygswet gaan aankondig en terselfdertyd Steyn versoek om die volk toe te spreek want "'n woord van hom sou ver gaan."¹⁰ In sy antwoord, wat vir genl. Botha 'n skok was, het Steyn daarop gewys dat dit geensins moeilik was om verraad af te keur en Maritz se daad te veroordeel nie, maar as hy tot die volk moes spreek sou hy eerlik teenoor

-
7. De Vriend des Volks, 15.10.1914. Oorgeneem uit Het Volk.
 8. Ibid.
 9. De Vriend des Volks, 15.10.1914. Oorgeneem uit Ons Land.
 10. PM Union of South Africa: 51/56/1914, Band 1/1/149, Defence - Rebellion of certain members of Defence Force, War 1914 G.S.W.A. Ongepagineerd.

hulle moes wees en aan hulle sê dat hy die veroweringsbeleid van die regering nie net afkeur nie, maar reeds drie jaar tevore daarteen gewaarsku het en trouens met die uitbreek van die oorlog vir Smuts opnuut daarteen gewaarsku het. Ook het hy Botha meegedeel dat sy (Botha) beleid officiere wat tot dusver lojaal was laat rebelleer het.¹¹

Beide pres. Steyn en genl. Hertzog het 'n beroep van die Ring van Swellendam ontvang om hulle invloed te gebruik om vrede te bewaar¹² waarop Hertzog, tot hulle teleurstelling, geantwoord het dat hy steeds bereid was om sy volk te dien maar dat sy waarskuwings in die wind geslaan is. Origens het hy verseker dat hy sy plig gedoen het en dat vrede alleen deur die regering wat verantwoordelik was vir die vredesbreuk, verwesenlik kon word. Hy het hulle verseker dat hy reeds sy dienste om burgeroorlog af te wend aan die regering aangebied het.¹³

Heel bekommert en verontrus het The Friend gevra dat politieke munt nie uit die rebellie geslaan moes word nie. Die blad het grootliks ten onregte beweer dat die Nasionale Party van elke geleentheid gebruik gemaak het om politieke gewin daaruit te haal.¹⁴

In die rebellie waarin die rolle hoofsaaklik vertolk is deur de Wet, Beyers, Kemp en Maritz moet die hoofrol aan Maritz toegeken word want hy is die enigste wat inderdaad openlik gerebelleer het - wat met wapengeweld, ondersteun deur die Duitsers, die onafhanklikheid van die "Republiek van Suid-

-
11. PM Union of South Africa: 51/56/1914, Band 1/1/149, Defence - Rebellion of certain members of Defence Force, War 1914 G.S.W.A. Ongepaginateerd.
 12. De Vriend des Volks, 14.10.1914; The Friend, 14.10.1914.
 13. The Friend, 16.10.1914.
 14. The Friend, 21.10.1914. Hoofartikel.

Afrika" wou herstel. In hierdie vreemde drama val die kollig op Maritz want hy het inderwaarheid deur sy optrede uiting probeer gee aan die gevoelens en aspirasies van baie Afrikaners. Sy optrede het veral vir de Wet en Beyers by wie daar aanvanklik geen "verraderlike planne" bestaan het nie, maar eerder 'n gedagte van protes teen die regering se veroweringsplan van Duits-Suidwes-Afrika, geïnspireer. Dit sou hulle later op die weg plaas van "aktiewe en onwettige weerstand" en daarna het die "ou republikeinse en nasionale gevoel weer na vore gekom en in ligte laaie by hulle en hul volgelinge uitgeslaan." Dit het inderdaad die "onafhanklikheid en vervulling van nasionale aspirasies wat sedert 1902 gesluimer het weer in hulle wakker gemaak."¹⁵ Hierna sou C.R. de Wet hom op die oorlogspad bevind. Na verskeie botsings met regeringstroope is die Boereheld in die omstreke van Kuruman (Waterbury) onderweg na Maritz, gevange geneem. Ook Kemp sou 'n epiiese tog na Maritz onderneem, hom uiteindelik by Maritz aansluit en trag om na Transvaal terug te keer. By Upington sou hy tot oorgawe gedwing word, terwyl Beyers na verskeie botsings met regeringstroope in die Vaalrivier verdrink het in 'n laaste poging om te ontsnap.

Die verraad van Maritz het meegebring dat hy die pad van onderhandeling laat vaar het, dat hy die swaard getrek het, dat hy selfs geweier het om sy bevel aan genl. Coen Brits te oorhandig en dat hy hierna vanaf Van Rooisvlei, in teenstelling met sy aanvanklike plan om Upington aan te val,¹⁶ nader na die Duitse grens beweeg het en Keimoes beset het, terwyl 'n ander gedeelte van sy mag Kakamas beset het. By hierdie geleentheid het hy ook die ooreenkoms met die Duiters gefinaliseer¹⁷ en ook die "Republiek van Suid-Afrika"

15. De Volkstem, 17 April 1915.

16. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Maritz aan kmdt. de Villiers, Bewyssstuk E. Ongepagineerd.

17. CSC 119A (1923): Rex vs Maritz, Maritz – von Zastrow-ooreenkoms, Bewyssstuk 75. Ongepagineerd.

geproklameer.¹⁸ Hierdie optrede van Maritz het geleid tot bloedvergieting wat nog groter weersin by veral die Engelssprekendes maar tog ook by Afrikaners gewek het. Dit het ook daartoe aanleiding gegee dat Smuts, minister van Verdediging, alles in die werking gestel het om Maritz militêr te onderdruk wat vervolgens geleid het tot 'n geweldige monstering van militêre mag: bykans 10 600 troepe teenoor die ongeveer 1 300 burgers van Maritz. Hier teen het Maritz in alle geval geen kans gestaan nie en die militêre neerlaag het selfopgelegde ballingskap vir hom tot gevolg gehad.

Hier teenoor het die Maritz-rebellie ook aanklank gevind by menige Afrikaner, nie net by diegene wat fisies aan die kant van die rebelle, ook in die Transvaal en Vrystaat deelgeneem het nie, maar ook by diegene wat met die rebelle gesimpatiseer het. Hierdie Afrikaners het grootliks lid geword van die jong Nasionale Party wat hom die lot van die rebelle aangetrek het, en grootliks bygedra het tot die welslae van die Nasionale Party tydens die 1915-verkiesing. Die rebellie het sy deel bygedra as stimulant tot die Afrikaner nasionalisme wat 'n welkome tuiste in die Nasionale Party gevind het, maar dit het ook bygedra tot die agterdog en wantroue van die Engelssprekendes wat egter nie hulle geledere agter Botha gesluit het nie - hulle het slegs waardering vir sy optrede teenoor die rebelle gehad, maar hulle self gekonsolideer in die Unioniste Party wat hom voortaan met hernude kragte sou beywer vir die behoud van die Ryksbande wat deur die rebellie bedreig is.

Met sy terugkeer na Suid-Afrika aan die vooraand van die bewindsoornname deur die Nasionale Party in 1924 het Smuts

18. G.S. Preller-versameling: A787, No.163, Maritz-rebellie. Pretoria News, 9.9.1915. Ongepagineerd.

dit nie vir Maritz moeilik gemaak om die land binne te kom nie. The Star het dit egter nodig gevind om weer eens die verraad en skandalige gedrag van Maritz op te raket.¹⁹

